# DIE DORDTSE LEERREËLS VERDOR NIE



dr. C. van der Waal

# DIE DORDTSE LEERREËLS VERDOR NIE

DIE VYF ARTIKELS TEEN DIE REMONSTRANTE
VERTAAL EN TOEGELIG DEUR

**DR. C. VAN DER WAAL**

Met toestemming van mev. G.D.S van der Waal-Braaksma geskandeer vir gratis verspreiding.
Skandering en omskakeling na teks deur WJ Swanepoel (wjswanepoel@gmail.com).

# Inhoud

**WOORD VOORAF** ........ **4**

**INLEIDING** ........ **8**
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly ........ 8
Iets uit die historie ........ 8
Die betekenis van die Dordtse Leerreëls ........ 11

**VERANTWOORDING** ........ **14**

**VOORREDE** ........ **19**

**DIE EERSTE HOOFSTUK VAN DIE LEER** ........ **22**
DIE VOORBESKIKKING DEUR GOD ........ 22
VERWERPING VAN DIE DWALINGE, WAT DIE NEDERLANDSE KERKE 'N TYD LANK IN BEROERING GEBRING HET ........ 31

**TWEEDE HOOFSTUK VAN DIE LEER** ........ **36**
DIE DOOD VAN CHRISTUS EN DIE VERLOSSING VAN DIE MENSE DAARDEUR ........ 36
VERWERPING VAN DIE DWALINGE ........ 40

**DERDE EN VIERDE HOOFSTUK VAN DIE LEER** ........ **43**
DIE VERDORWENHEID VAN DIE MENS, SY BEKERING TOT GOD EN DIE MANIER WAAROP DIT PLAASVIND ........ 43
VERWERPING VAN DIE DWALINGE ........ 50

**VYFDE HOOFSTUK VAN DIE LEER** ........ **55**
DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES ........ 55
VERWERPING VAN DIE DWALINGE ........ 61
OMTRENT DIE LEER VAN DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES ........ 61

**BESLUIT** ........ **66**

# BESLUITEN

VAN DE NATIONALE

# DORDSCHE SYNODE;

**gehouden in den jare 1618 en 1619,**

TE *DORDRECHT.*

**UITGEGEVEN DOOR EN MET EENE VOORREDE**

VAN

**HENDRIK DE COCK,**

*GEREFORMEERD LEERAAR TE ULRUM.*

---

Eene schrikkelijke en afschuwelijke zaak geschiedt er in den lande. De Profeten profeteren valschelijk, en de priesters heerschen. Jer. 5 : 30, 31.

Want zij overtreden de wetten, zij veranderen de inzettingen zij vernietigen het eeuwig verbond. Jez. 24 : 5.

Die daar zeggen tot de zieners en ziet ons niet, en tot de schouwers schouwt ons niet wat regt is, spreekt tot ons zachte dingen. Jez. 30 : 10.

Daarom is het regt achterwaarts geweken, en de geregtigheid staat van verre: want de waarheid struikelt op de straten, en dat regt is kan er niet ingaan; ja de waarheid ontbreekt er. Jez. 59 : 14, 15a.

---

*TE VEENDAM, BIJ*

**T. E. MULDER,** 1833.

---

Gedrukt voor rekening van den Uitgever.

*Titelpagina van die uitgawe van die Dordtse Leerreëls van ds. Hendrik de Cock, 1833.*

*Strijdt voor het geloof, dat eenmaal den Heiligen overgeleverd is.* Jud. vs. 3.

*En wordt niet omgevoerd met verscheidene en vreemde leeringen.* Hebr. 13 vs. 9.


*Houdt aan, tijdelijk, ontijdelijk: wederlegt, bestraft, vermaant, in alle langmoedigheid en leere. Want daar zal een tijd zijn, wanneer zij de gezonde leer niet zullen verdragen; maar ketelachtig zijnde van gehoor, zullen zij zich zelven leeraars opgaderen naar hunne eigene begeerlijkheden.* 2 Tim. 4: 2, 3.

*Wetende, dat in het laatste der dagen spotters komen zullen.* 2 Petri 3 : 3.

*En ook alle die Godzaliglijk willen leven in Christus Jezus, die zullen vervolgd worden, Doch de booze menschen en bedriegers zullen tot erger voortgaan, verleidende en wordende verleid; maar blijft gij in hetgene gij geleerd hebt, en daarvan u verzekering gedaan is, wetende van wien gij het geleerd hebt.* 2 Tim. 3 vs. 12-14.

*Spreekt dit, en vermaant, en bestraft met allen ernst.* Tit. 2: 15.

Ik erken geene Exemplaren voor de mijne dan die door mij eihandig aldus onderteekend zijn.



*Agterkant van die titelpagina van die uitgawe van die Dordtse Leerreëls van ds. Hendrik de Cock.*

AAN MIJNE IN HUN EEUWIG HEIL BELANGSTELLENDE *LAND-* EN *GELOOFSGENOOTEN!*

In dagen gelijk wij beleven, hoogstopmerkelijk zoo door algemeene bezoeking van het menschdom van Gods wege, als door herleving van Godsdienst in Geest en in waarheid, terwijl hier en daar, zoo in ons vaderland als ook in Duitschland en Geneve (die voedsterstad weleer van Gods kerk, en ook nu gelijk het schijnt daartoe bestemd,) mannen verwekt worden, die voor Gods naam en zaak uitkomen en strijden, scheen het mij hoogstbelangrijk en voelde ik mij sedert eenigen tijd reeds gedrongen, om ook mijne zwakke pogingen in des Heeren kracht daartoe aantewenden, of het zijn mogt, dat ik ook nog in de hand des Heeren een middel mogt zijn, ter zijner verheerlijking, tot uitbreiding van zijn koningrijk, en tot heil en behoud mijner geliefde landgenooten. Tot wederkeering tot den Hervormden Godsdienst of den waarachtigen dienst van God in Geest en waarheid, die verre de meesten verlaten hebben, zich gekeerd hebbende tot de drekgoden der verdorvene en verduisterde

re-

*Eerste bladsy van die uitgawe van die Dordtse Leerreëls van ds. Hendrik de Cock.*

# WOORD VOORAF

*Op versoek van die skrywer van hierdie vertaling en verklaring van die Dordtse Leerreëls, wil ek graag 'n paar opmerkinge maak.*

*Wat die vertaling betref: sover ek kon vasstel, klop dit met die oorspronklike, al sou ek hier en daar dalk ietwat anders vertaal het. Die Leerreëls word hier in elk geval ongeskonde aan ons deurgegee. Verder is dit vlot geskryf en is dit veral vir die jeug maklik leesbaar.*

*Ek meen ons moet dr. Van der Waal dankbaar wees dat hy hierdie belangrike belydenisskrif weer onder ons aandag bring. Veral vandag, noudat die gees van ekumeniese vervlakking van die Waarheid oorheersend word en daar 'n nuwe "teologie" voorgestaan word wat van die verwerping nie meer wil weet nie. Al word dit nie direk gesê nie, is die kern van die stryd: die mens of God, werkheiligheid of redding deur genade, natuurlike lig of Goddelike lig, sosiale rewolusie of die soenbloed van Christus, self 'n aardse hemelryk bou of die koninkryk van God uit die hemele verwag, algemeen-menslike broederskap of gemeenskap van die heiliges. Kortom: Verkiesing sónder verwerping of verkiesing én verwerping.*

*Sover ek dr. Van der Waal se verklaring kon nagaan, lyk dit my kernagtig en raak. Hy is goed op hoogte van sowel die historiese as moderne problematiek. Dit maak die Dordtse Leerreëls so interessant en aktueel. Dit spreek die 20ste-eeuse mens net so sterk aan as die 16de-eeuse. Want hierdie leerreëls is gebore uit 'n stryd wat prinsipieel nie verander het nie. Dit laat die heldere basuin hoor van Gods ewige en onveranderlike Woord.*

*Mag hierdie boek tot seën wees vir baie en tot heil van Gods koninkryk!*

*(Prof.) S. J. van der Walt.*

*Potchefstroom/Pretoria.*

# INLEIDING

## *Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly*

Tot "die erwe van ons vaad're" behoort ook die Dordtse Leerreëls wat in 1619, slegs drie-en-dertig jaar voor die volksplanting aan die Kaap, deur die Nederlandse Nasionale Sinode van Dordrecht vasgestel is. Met die Heidelbergse Kategismus (wat in 1563 gepubliseer is) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (uit 1561) vorm dit die Drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Kerke in Nederland en danksy kolonisasie, emigrasie en sending, ook in Suid-Afrika, Amerika, Kanada en ander lande.

Die vraag kan egter gestel word of die 'Canones van Dordrecht' in baie gevalle nie net 'n historiese erfstuk geword het, wat uit tradisie en piëteit bewaar word, maar wat in werklikheid nie meer funksioneer en nie meer goed geken word deur ampsdraers en lede van die kerke nie. Daar is altyd die gevaar dat ons net bou aan die graftes van die profete, maar hul woorde nie meer ernstig opneem nie. In 1857 is in Kaapland die dorp *Dordrecht* gestig. Die gereformeerde inwoners wou met hierdie naamgewing opsetlik herinner aan die groot sinode van Dordrecht van 1618/1619. Ongeveer 'n halwe eeu later, toe president Paul Kruger as balling in Nederland was, is hom 'n boottog op die Maasrivier aangebied. Hy het toe ook langs Dordrecht verby gevaar en die Gedenkskrifte meld hiervan:

> By hierdie geleentheid het hy ook met eerbied gekyk na die ou kerk van Dordrecht waar die sinode van 1618/19 saamgekom het. Die besluite daarvan was van so 'n groot invloed op die kerk waaraan die President behoort.

Die historie het inmiddels weer voortgegaan. In 1969 was dit driehonderd-en-vyftig jaar gelede dat die besluite van Dordrecht afgekondig is. Is die geslag van vandag bereid om nie net hierdie historiese feit te herdenk nie, maar ook om dit met dankbaarheid en eerbied te herdenk omdat ons die *inhoud* van die Leerreëls ken, liefhet en nie wil prysgee nie? Paul Kruger was in staat om sy keil te lig vir die plek waar die sinode van Dordt saamgekom het, omdat sy hele lewensgang verklaar kan word as 'n belewing van die Dordtse belydenis: die soewereiniteit van God in Christus. Maar is ons geslag nog bereid om sy Geestelike verwantskap met Kruger te bely? Dan sal ons tog moet begin om die *inhoud* van daardie belydenis wat vir baie mense vandag maar 'n turksvy is, goed te ken. Die mentaliteit van die huidige mens verwerp die totale erkenning van Gods verkiesing in Christus. En tog. .. juis hierdie belydenis was die krag van ons vaders! In 'n vergelykende studie oor 'Arminianism and Calvinism', saamgestel vir 'The Nazarene Bible College' in Potchefstroom en bedoel as 'n aanval op die Calvinisme, stel Charles H. Strickland dit tereg:

> "South Africa, in her religious history, has developed a very austere form of Calvinism which has become the spiritual foundation for the majority of her European population."

Dit is nie toevallig dat aanvalle op die regeringsbeleid van die Republiek van Suid-Afrika in baie gevalle hand in hand gaan met aanvalle op die leer oor die verdorwenheid van die mens en die vrye verkiesing deur God soos dit in die gesmade Dordtse Leerreëls verdedig is nie. Daarom te meer: laat ons ons 'spiritual foundation' ken!

## *Iets uit die historie*

Tegelyk met die Hervorming het daar ook 'n magtige geestestroming op die toneel verskyn: die Humanisme. Hierdie leer skuif die mens (Latyn: *homo*) na vore. Ons dink aan 'n Italiaanse kunstenaar soos Michelangelo met sy kragfigure, maar ook aan 'n geleerde soos Erasmus, oorspronklik 'n Nederlander wat in Basel gewerk het. Die Humanisme het weer teruggegryp na die klassieke en was die stukrag agter baie wetenskaplike ondersoeke. In Humanistiese kringe was daar ook baie verstandelike besware teen verskillende denkwyses en gebruike van

die Roomse Kerk, sodat dit eers gelyk het of Humanisme en Reformasie dieselfde beoog het. Luther het egter met Erasmus gebreek, omdat laasgenoemde die verstand en die wil van die mens voorop gestel het.

Erasmus en ander Humaniste het as 'verontrustes' in die Roomse Kerk gebly. 'n Geestestroming hou egter nooit by kerkgrense op nie. Sodoende was daar ook binne die kerke wat uit die Hervorming ontstaan het, verskillende lidmate wat eintlik deur die Humanistiese denkwyse besmet was, die mens in die sentrum gestel het en die godsdiens laat opgaan het in 'n sedelike lewe.

Te midde van bloed en trane het die Hervorming in Nederland tot stand gekom. In 1568 het die Tagtigjarige Oorlog teen die Roomse Spanje begin. Nadat groot stukke van die Nederlande vrygeraak het van onderdrukking kon daar Gereformeerde Kerke gestig en 'n kerklike lewe volgens Gods Woord opgebou word. Die Satan is egter altyd daarop uit om die werk van God te versteur. Aan die een kant moes die gereformeerdes veg teen die Roomse hiërargie wat deur wapengeweld ondersteun is. Aan die ander kant was daar die party van die Wederdopers wat die eed, die swaardmag en die kinderdoop verwerp het en in party gevalle net soos die mistikusse hul uitgangspunt gesoek het in die inwendige lig in die hart. Behalwe dit was daar binne die Gereformeerde Kerke verskillende ampsdraers en politieke leiers wat besmet was deur die gedagtes van die Humanisme. Hierdie laaste groepering het hoe langer hoe meer tot 'n party aangegroei wat die Gereformeerde Kerke op allerlei maniere gerysmier het. Hul aanhang het gegroei toe 'n professor aan die universiteit van Leiden, Jacobus Arminius, aan sy studente 'n mening voorgedra het wat van die Gereformeerde belydenis insake die uitverkiesing afgewyk het. Sy kollega, prof. Franciscus Gomarus, het hom openlik hierteen verset en sodoende het daar binne die kerke 'n stryd ontbrand wat groot afmetings aangeneem en ook na die dood van Arminius in 1609 voortgewoed het. In baie gevalle was die owerhede aan die kant van die 'Arminiane' sodat die gereformeerdes op verskillende plekke gedwing was om in 'doleansie' te gaan. Dit wil sê dat hulle apart vergader het om na 'n gereformeerde prediking te luister. Omdat hulle daartoe soms buite die stede oor modderpaaie na 'n geheime plek moes trek, is hulle as 'slykgeuse'[1] uitgeskel.

In 1610 het die Haagse predikant Wtenbogaert namens veertig ander 'n versoekskrif of Remonstransie by die State van die provinsie Holland ingedien. Hierin het hulle hul mening insake die leer uiteengesit in vyf punte:

I. God verkies die mense op grond van die geloof wat Hy in hulle vooruitsien. Op grond van menslike prestasie verkies God dus.

II. Daar is 'n algemene versoening. Christus het gesterwe vir alle mense.

III. Die wil van die mens is nie absoluut verdorwe nie, maar die mens het ondanks die sonde nog 'n wil tot die goeie.

IV. Die mens kan die genade van God wat hom help, teenhou.

V. Omdat die mens uiteindelik beslis, kan daar 'n afval van uitverkorenes wees. Die volharding van die heiliges is dus nie 'n pure geskenk van Gods genade nie.

Na aanleiding van hierdie Remonstransie, wat ons hierbo kort saamgevat het, is voortaan die aanhangers van Arminius 'Remonstranten' genoem en hulle teenstanders 'Contra-Remonstranten'. Die Remonstransie was opgestel omdat Arminiaanse kandidate op kerklike eksamens moeilikhede ondervind het en die Arminiane aan die owerheid duidelik wou maak dat hulle tog ook wel gereformeerd was. Die kettery begin altyd om om verdraagsaamheid te smeek. As toleransie verkry word, dan kom die volgende fase: stryd teen die 'verkramptes' en

---

[1] Slyk=modder, Geus=Protestant, oorspronlik 'n skeldnaam vir die protestante in die 80-jarige oorlog tussen Nederland en Spanje - WJS

ten slotte: oorheersing van hulle.

Die Remonstrante sou ook daarin geslaag het om die kerk via verdraagsaamheid en stryd te verower en tot 'n vrysinnige belydenislose kerk om te bou, as die Here nie deur Sy menslike werktuie sou ingegryp het nie. Terwyl die Remonstrants-gesinde State die versoeke om tot 'n nasionale sinode te kom, teengehou het, het graaf Willem Lodewyk, die stadhouer van Friesland, daarin geslaag om die oë van prins Maurits, die seun en opvolger van Willem van Oranje, vir die gevare wat kerk en land bedreig het, te open.

Prins Maurits het in 's Gravenhage die kant van die Kontra-Remonstrante gekies en na hulle kerk toe gegaan. Toe die State van Holland en Wes-Friesland daarop besluit het om geen nasionale sinode te hou nie en die stedelike magistrate verlof te gee om self soldate in diens te neem, het 'n *burgeroorlog* gedreig. Prins Maurits het toe self daartoe oorgegaan om in Utrecht die stedelike huursoldate af te dank. Hy het die Landsadvokaat Oldenbarneveldt en ander gevange laat neem en die regering verander. Uiteindelik het die State van Holland toegestem tot die byeenroeping van 'n nasionale sinode wat die geskil tussen Remonstrante en Kontra-Remonstrante moes besleg. 'n Staatsgreep was nodig om die kerk in die Nederlande te bewaar by die karakter wat dit sedert die Hervorming ontvang het. In feite het die gevaar gedreig dat die Libertyne (wat ons kan gelykstel met liberaliste of vrysinniges of verligtes) die roer in staat sowel as in kerk sou oorneem. Foute wat by die optrede van Maurits en ander moontlik gemaak is, mag ons nie verhinder nie om in te sien dat hier uiteindelik gekies is vir die *Reformasie* en teen die *Rewolusie!*

Op 13 November 1618 kon die sinode te Dordrecht in die Kloweniersdoele geopen word. Behalwe afgevaardigdes van die Nederlandse provinsiale vergaderings, Nederlandse professore van die akademies te Leiden, Middelburg, Harderwyk, Franeker en Groningen en afgevaardigdes van die regering, was daar ook buitelandse afgevaardigdes. Frankryk het nie toegelaat dat die gereformeerde afgevaardigdes na die Nederlandse sinode sou kom nie, maar daar was wel aanwesiges uit Engeland, Duitsland (uit die Palts, Emden, Bremen, Nassau, Hessen) en uit Switserland (Genève, Bern, Basel, Zürich, Schaffhausen). Voorsitter van die sinode was ds. Bogerman van Leeuwarden.

Dertien van die vernaamste Remonstrantse voorgangers was gedaag om voor die sinode te verskyn. Hulle het gekom en in die middel van die saal aan 'n afsonderlike tafel plek ingeneem en eintlik 'n soort *teensinode* gevorm. Hulle het die regmatigheid van die sinode betwis en wou dit liewer as 'n konferensie beskou waar 'n 'dialoog' dan op sy plek sou wees. Deurdat die Remonstrante 'n soort vertragingstaktiek, soortgelyk aan die van verskillende blokke in die V.V.O., toegepas het, is hulle uiteindelik weggestuur en kon die sinode begin met die behandeling van die aan die orde synde geskilpunte. Die verskillende provinsiale afgevaardigdes, die Nederlandse professore en die onderskeie afvaardigings uit die buiteland, het toe elk afsonderlik 'n rapport oor die vyf punte van die Remonstransie opgestel, wat later almal in die Handelinge van die sinode opgeneem is. Hierdie rapporte is vir vandag nog uiters leersaam omdat ons hierdeur die argumente van die afgevaardigdes leer ken, en ook in hul taalgebruik beter insig kry; dit blyk dat hulle bv. die woord wedergeboorte en bekering deurmekaar gebruik het. Die verskillende adviese het almal posisie teen die Remonstrante gekies. Die sinode het 'n breë kommissie gekies wat uit al hierdie adviese of rapporte 'n saamvatting opgestel het. Aangesien ook hierdie saamvatting, wat bekend staan as die Dordtse Leerreëls, hom aangesluit het by die vyf punte van die Remonstrante, het daar ook *Vyf* Artikels teen die Remonstrante ontstaan. By die behandeling is die derde en vierde hoofstuk egter saamgevoeg, sodat daar eintlik maar vier artikels teen die Remonstrante is!

In die sitting van 23 April is die Leerreëls deur elk van die lede van die sinode onderteken. Op 6 Mei is hulle plegtig in die groot Domkerk te Dordt, dieselfde wat Kruger vanaf die raderboot van Fop Smit gesien het, ten aanhore van duisende mense voorgelees. En hierdie voorlesing het die betekenis gehad van 'n openlike en regskragtige afkondiging van 'n belydenis wat met

die deur die sinode opnuut goedgekeurde Nederlandse Belydenis en Heidelbergse Kategismus voortaan die Drie Formuliere van Enigheid van die Gereformeerde Kerke sou vorm.

## *Die betekenis van die Dordtse Leerreëls*

Hoewel die Remonstrante hulle nogal ortodoks uitgedruk het, was hulle tog maar nefies van die huidige moderniste. Mens kan dit duidelik uit die verloop van die geskiedenis bespeur. Die Remonstrante het hulle in Nederland verenig tot die Remonstrantse Broederskap. In 'n publikasie *De Remonstrantsche Broederschap, Wat zij is, Wat zij wil* van 1928 lees ons bv.:

> 'Onder ons heerscht niet het geloof in de uiteindelijke verdoemenis der menschen als strijdig met deze christelijke geloofsbelijdenis. Wij verwerpen evenzeer het geloof, dat alleen de christenheid zalig zou kunnen worden om diezelfde reden. Wij erkennen de mogelijkheid van een bovenchristelijken godsdienst, die dan echter den christelijke in zich zal moeten bevatten, zooals deze den godsdienst van Israël in zich draagt' (L.J. van Holk).
>
> 'Zelfs wanneer het blijken zou dat de hypothese van hen, die meenen dat Jezus nooit heeft geleefd, maar in de Evangeliën alleen als mensch wordt *voorgesteld,* waarheid bevat, *dan nog blijft ons de Christus onaantastbaar heilig als eeuwig licht in de duisternis van het tijdelijke'* (W.J. Wegerif).
>
> *'De Broederschap der Remonstranten is het eerste Nederlandsche kerkgenootskap, dat de belijdenisdwang verwierp en — in vertrouwen op Gods leiding — het waagde met de vrijheid'* (G.J. Heering).

Die devies[2] van die Remonstrante was steeds:

> Eenheid in die nodige,
> Vryheid in die onsekere,
> In alles die liefde.

Wanneer ons dit alles oorweeg, het ons eintlik die prentjie van die ekumeniese tydgees van vandag: *'n kerk as godsdienstige gemeenskap wat 'n alversoening bely, 'n Christus vir almal predik en selfs bereid is om uit te gaan van 'n 'onsigbare kerk' onder die heidene.* Van 'n gesaghebbende plek van die Skrif is dan natuurlik geen sprake meer nie; die Bybel is slegs geskik om mooi tekste wat in die sisteem pas aan te haal, soos: 'God is liefde'. Aan die natuurlike verdorwenheid van die mens word dan nie meer geglo nie. Die mens kan deur eie kragte sy heil verdien. 'n Uitverkiesing is 'n onmoontlike iets, want alle mense bereik die wenpaal. Christus as Lam wat die sondes dra, is nie meer nodig nie, aan Sy bestaan kan selfs getwyfel word, Hy is slegs 'n verhewe figuur, 'n hoë voorbeeld.

Wanneer hierdie gees die oorhand kry, is daar geen onderskeid meer tussen die saad van die vrou en die saad van die slang, tussen kerk en wêreld nie. Daar kan dan 'n vreedsame naasbestaan van leuen en waarheid wees. Dat hierdie konfessionele oortuigings ook die politiek sal beïnvloed, is duidelik. Ook die kommunisme vind dan 'n plek in die ry van heilsgodsdienste. Alle mense word immers broeders?

In hierdie tegnokratiese tydperk waarin die mens opstyg tot ongekende hoogtes, gee die belydenis van die Remonstrante wat die kettery van Pelagius vernuwe en die mens met sy vrye wil op die troon plaas, aan die heersende tydgees 'n sterk ruggesteun.

Nogtans — juis hierom het die ou Leerreëls van Dordt so 'n aktuele betekenis.

Daar word herhaaldelik in ons dae — en ook onder baie wat hulle Gereformeerd wil noem — gestel dat die belydenis van Dordt verdor is en as 'n versteende fossiel by die antikwiteite

---

[2] Onderskeidingsteken, sinspreuk, motto, leuse -WJS.

tuishoort. Dit is egter allermins die geval. Hierdie konfessie rig hom juis teen dit wat die *kern* van die hedendaagse afval uitmaak: die belydenis van die outonome mens. En die 'Canones van Dordrecht' plaas hierteenoor die enigste wat die Woord van God as reddende mag bekend stel: die soewereine genade van God. Teenoor die Stad van die Mens: die nuwe Jerusalem waar die water van die lewe verniet geskenk word. Met die Leerreëls in die hand, kan ons ons wapen teen allerlei subtiele ondermyning van Gods vrymagtige welbehae.

Al is dit waar dat die vorm van die Leerreëls die stempel van die tyd van sy ontstaan dra, blyk by nader ondersoek hoe aktueel en allermins verouderd dit nog is. Ten aansien van die leer wat die evangelie laat opgaan in medemenslikheid ('social gospel') het die 'Canones van Dordt' ons baie te sê.

Ook ten aansien van die manier waarop ons die heil deelagtig word, spreek hierdie belydenisgeskrif hom baie duidelik uit. Daar is mense wat in prediking, evangelisasie- en sendingwerk dit so stel asof dit in die mag van die mens lê om sy hart 'n skrefie oop te maak vir die Heilige Gees. Die metodisme is Arminiaans en Remonstrants van inslag en bring die volgende vrugte voort: aksentuering van die vrome mens, werkheiligheid, versmalling van die evangelieboodskap, ignorering van die verbond, geringskatting van die Ou Testament en voorkeur vir 'stigtelike' tekste met kennelike verwaarlosing van ander wat oor die toorn en die vrymag van God gaan.

Die Leerreëls beteken 'n gesonde teengif teen die Remonstrantse metodisme wat as 'n bedreiging van 'die erwe van ons vaad're' beskou kan word. Van metodistiese sy word dit baie keer so voorgestel asof die belydenis van die uitverkiesing God tot 'n paaiboelie maak, wat net die gelowiges afskrik en in wanhoop van die verdoemenis werp. Maar dit is tog 'n al te growwe lastering. Die Leerreëls gaan inderdaad uit van die verkiesende, vrymagtige God, maar hulle beklemtoon ook onmiddellik dat dit hierdie God *behaag* het om Sy verkiesing te verwerklik in die weg van die verkondiging van Sy Woord. Ons mag in die prediking die stem van die verkiesende God hoor. Daar is nie 'n 'verkiesing' as 'n soort abstrakte begrip, 'n noodlot nie; daar is 'n verkiesende God wat Hom duidelik laat hoor. Die belofte van die evangelie moet sonder aansien des persoons verkondig en voorgestel word met die *bevel* van geloof en bekering (II, 5). Soos dit God *behaag* het om hierdie Goddelike genadewerk in ons te begin deur middel van die evangelieverkondiging, so bewaar, kontinueer en voleindig Hy dit deur die oordenking van die evangelie, asook deur vermaninge, dreigemente, beloftes en deur die gebruik van die sakramente (V, 14). Die evangelie is tot 'n saad van die wedergeboorte *verordineer* (III/IV, 17). Almal wat deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep (III/IV, 8).

Dit is dus nie so dat ons by die prediking in die gemeente, maar ook by die evangelisasie- en sendingarbeid, die uitverkiesing maar veilig moet wegbêre, omdat dit die mense andersins sal afskrik nie. Nee, al is nuuskierige ondersoek van Gods weë verbied, die leer van die uitverkiesende God moet bekend gestel word tot 'n lewenskragtige troos vir die volk van God (I, 14). As ek die evangelie verneem, dan mag ek daarin die stem van die God van die welbehae verneem wat vrede verleen aan mense van die welbehae. God verwerklik daarom ook Sy verkiesing in die weg van die verbond en deur die middele van die verbond van die genade (I, 17; II, 5; III/IV, 6, 10 e.v.; V, 3, 6 e.v., 10, 14).

Die belydenis van die Dordtse Leerreëls moet daarom vir ons 'n aansporing wees om die middele wat God gegee het te gebruik en ook om die volle inhoud van die openbaring van God te verkondig. Die belydenis van Dordt dring ons tot die handhawing van die kenmerke van die ware kerk in leer en diens en tug. Dit prikkel ons om nie net uitgesoekte tekste te behandel om siele vir Jesus te wen nie, maar om die ganse openbaring, ook wanneer dit oor Gods verbondswraak gaan, aan die woord te laat kom. As dit meer raak gesien word, dan sou daar minder verskraling van die prediking wees en ook minder verkondiging met die mens en die menslike siel as middelpunt. Dan sou daar 'n einde gemaak word aan die oppervlakkigheid,

en sowel in die gevestigde kerke as op die sendingveld 'n volk gevorm word wat eie doemwaardigheid ken en alle roem in menslike prestasies en vroomheid radikaal afwys, maar wat aan die ander kant geleer het om te sing en te bely: Uit vrye guns alleen, uit eewge mededoë, hef ons die hoof omhoog, weer sterk deur Gods vermoë.

Die 'Calvinisme' het juis in die belydenis van die verkiesende God sy weerkrag gevind. Daardeur is 'n geslag van manne en vroue gekweek wat toevlug neem in veil'ge hut en skuil by die Alhoë, wat die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie (I, 16). Die belydenis van die verkiesende God het nie hulle persoonlike verantwoordelikheid opgehef nie: Hoe vlytiger ons ons plig doen, des te heerliker word die weldaad openbaar wat God in ons werk, en Sy werk vorder dan op die allerbeste manier (III/IV, 17).

# VERANTWOORDING

Ons bied hierby 'n vertaling van die Latynse teks van die *Canones* in Afrikaans aan. Ons het twee dinge op die oog gehad: I. Om aan die inhoud en bedoeling van die oorspronklike teks in geen enkele opsig te kort te doen nie. II. Om waar dit moontlik was bestaande vertalings te verbeter en die leesbaarheid vir die huidige geslag en veral die tienderjariges te bevorder.

Wat hierdie laaste punt betref, moet vasgestel word dat ook in die huidige Nederland die ineengestrengelde sinsbou van die statige oud-Hollands nie meer vir elkeen sommer duidelik is nie. Hoeveel te minder is dit dan tipies Afrikaans! Daarom het ons wel die oorspronklike Latynse teks weergegee, maar ooreenkomstig 'n redelik algemene taalgebruik, het ons die langer sinne soms onderverdeel in neweskikkende eenhede. Aan kerklike geldigheid van hierdie vertaling het ons nie gedink nie, maar wel aan die dienste wat dit op katkisasieklasse en by verenigingsarbeid hopelik kan lewer. Ons koester ook die hoop dat dit by die opleiding van predikante van allerlei huidskleur bruikbaar sal wees. Die ou kettery van Pelagius wat die Remonstrante weer lewe ingeblaas het, klop vandag weer in allerlei vorm aan, sowel in die nasionalisme wat alles van die mens verwag as in die sekularisme en tegnokrasie wat uit alle rasse sy Stad van die Mens met sy Regte van die Mens wil bou!

Die leser sal langs die vertaling tekste aangegee vind waarop in die offisiële teks gesinspeel is sonder dat dit vermeld is. Deurgaans het ons dan die betrokke gedeelte laat kursiveer sodat 'n mens by die eerste oogopslag sien watter gedeelte of uitdrukking aangedui is. Dit blyk dat die Leerreëls voortdurend die Woord laat spreek en daarop hul uitsprake bou. Wie die moeite neem om in hierdie haastige tyd die aangegewe tekste na te gaan (en dan liefs in hul verband!), sal merk, dat sowel die Ou as die Nuwe Testament aan die woord kom en dat met voorkeur verwys word na *dié* Nieu-Testamentiese tekste wat teruggaan op *Ou-Testamentiese* woorde. Dat die leer van die uitverkiesing enkel 'n saak van die Nuwe Testament sou wees, word hierdeur duidelik weerlê. Mag hierdie uitgawe so meewerk om die Skrifte in hul heilshistoriese betekenis te verstaan!

Naas die teks van die Dordtse Leerreëls vind die gebruiker verder 'n kort toeligting wat een en ander wil verduidelik en ook die betekenis vir vandag in die lig wil stel. Na bondigheid is in verband met die doel van hierdie uitgawe gestrewe. By die sitering van die Hersiene Afrikaanse Bybelvertaling is hier en daar 'n klein verduideliking gemaak. Opsetlik is nie net 'bekende' maar ook onbekende tekste na vore gebring om so tewens 'n bydrae te lewer tot meerdere kennis van die Skrif.

By ons werk het ons natuurlik allereers die Nederlandse vertaling wat die sinode self uitgegee het, geraadpleeg. Hierdie teks is te vinde in die *Acta ofte Handelinge des Nationalen Synodi, inden Name onses Heeren Jesu ghehouden door authoriteyt der Hoogh Mogh: Heeren Staten Generael des Vereenghden Nederlandts, tot Dordrecht Anno 1618 ende 1619,* uitgegee te Dordrecht by Jean Canin in 1621.

Hierdie teks is later verskillende male onveranderd uitgegee. Ons noem hier die uitgawe van die Leerreëls saam met die Nederlandse Belydenis in verskillende tekste en die Heidelbergse Kategismus by Mattheus de Vries te Dordrecht in 1725, 'n uitgawe waartoe die provinsiale sinode van Suid-Holland in sy vergadering in 1723 te Gouda die stoot gegee het.

'n Uitgawe wat nie onvermeld mag bly nie, is dié van Hendrik de Cock, 'Gereformeerd leeraar te Ulrum', die 'vader' van die Afskeiding van 1834, wat hy, voorsien van 'n voorrede 'Aan mijne in hun eeuwig heil belangstellende land- en geloofsgenooten' in 1833 te Veendam by T. E. Mulder publiseer het. Hierdie uitgawe was wel 'n duidelike posisie-keuse van ds. De Cock en dit het hom 'n storm van verwyte besorg. Voorin het hy die volgende tekste laat afdruk: Jer. 5:30, 31; Jes. 24:5; 30:10; 59:14, 15a; Judas 3; Hebr. 13:9; 2 Tim. 4:2, 3; 2 Petr. 3:3; 2 Tim. 3:12-14; Titus 2:15. De Cock het hierdie geskrif aan Koning Willem I aangebied en in 'n

begeleidende brief die Koning opgeroep om soos prins Maurits die geloofsbelydenis van die vadere te handhaaf. Die minister van erediens, Van Pallandt van Keppel, het daarop aan die Koning die raad gegee om hierdie brief en geskrif te ignoreer. Hiervoor het hy as argument aangevoer, dat uit die voorin geplaaste tekste duidelik blyk dat De Cock deur die uitgawe van hierdie boekie wil bydra om die heillose kerktwiste van die sewentiende eeu weer op te rakel en om 'door deszelfs verspreiding onder de minst kundigen de zucht tot schoolsche harrewarrijen te verlevendigen'. Die minister het hom veral geërger aan die (volgens hom) haatlike manier waarop De Cock sy ampsbroeders 'die met zijn stijle begrippen niet instemmen' aan die kaak stel en verketter (brief van 14 Nov. 1833 aan die Koning).

So gaan dit altyd maar: die liberale here wat in feite rewolusionêr die belydenis aan die kant sit, beskuldig hulle wat die belydenis wil handhaaf van opstand. Die minister van erediens het die hand gehad in die voorlopige skorsing van De Cock op 19 Desember 1833. Hierby het as oorweging gedien, dat De Cock deur sy optrede teen sy ampsbroeders wat hy wolwe in die skaapkraal van Christus genoem het, omdat hulle teen die belydenis ingaan, hom feitlik skuldig gemaak het aan die sonde wat die nagmaalformulier noem: om te begeer tweedrag, sektes en muitery in kerke en wêreldlike regeringe aan te rig. Skerper kon die misbruik van die Skrif teen hulle wat die Skrifte wou handhaaf nie na vore tree nie! Die uitgawe van die Leerreëls deur De Cock het daarom 'n periode van geloofsvervolging ingelui. Met boetes, gevangenskap en inkwartiering wou die liberale bewind die valse vrede handhaaf en die bekendstelling van die leer van die verkiesing onderdruk.

'n Bekende uitgawe is dié van die drie Formuliere van Enigheid, bewerk deur dr. F.L. Rutgers met medewerking van dr. H. Bavinck en dr. A. Kuyper, wat in 1898 vir die eerste keer uitgegee is. Aan die einde van die vorige eeu het ook prof. J.J. van Toorenenbergen *De Symbolische Schriften der Ned. Herv. Kerk in zuiveren kritisch bewerkten tekst haar aangeboden voor wettig gebruik* uitgegee. Hierin het hy die Leerreëls in kleiner letter afgedruk omdat dit volgens hom 'n apokriewe belydenisgeskrif was. Verder noem ons die belangrike uitgawe: *De Nederlandsche Belijdenisgeschriften, Vergelijkende Teksten,* samengesteld door dr. J.N. Bakhuizen van den Brink, Amsterdam, 1940.

Al hierdie uitgawes van die Leerreëls het maar min van mekaar verskil. Daar is modernisering in die skryfwyse aangebring, soms is verouderde woorde vervang deur meer gangbare. Oor die algemeen kan gekonstateer word dat daar gestreef is na die bewaring van die oorspronklike teks van die Nederlandse vertaling.

By my ondersoek het ek egter afgekom op twee merkwaardige uitgawes. In 1842 het ds. H.P. Scholten, een van die manne van die Afskeiding van 1834, in Amsterdam by Hoogkamer & Compe. laat uitgee: *Canones of Leerregels der Algemeene Synode, uit verschillende landen van Europa bijeenvergaderd te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619.* In sy voorwoord sê hy o.a.: 'Ik heb dan ook niet geaarzeld, aan het dringend verzoek te voldoen, en eene gemakkelijk te behandelen uitgave dier Leerregels te bezorgen. Nogmaals zijn dezelve met den oorspronkelijken Latijnschen tekst zorgvuldig vergeleken, en van vroeger ingeslopene fouten gezuiverd'. Dit blyk wel dat in die kringe van die Afgeskeidenes groot belangstelling vir die Leerreëls was en ook dat daar moontlikheid was om onder *'n heeltemal opnuut uit die Latyn bewerkte teks* as 'blouboekie' te verkoop. In hierdie opsig was hulle beslis nie konserwatief nie.

Dit het ook geblyk uit 'n ander uitgawe uit die kring van die Afgeskeidenes wat eweneens heeltemal vergeet is en deur Bakhuizen van den Brink nie genoem word nie. Ek het dit êrens op 'n solder van 'n boekhandel in Utrecht (Nederland) raakgeloop. Die titel lui: *De vijf Artikelen tegen de Remonstranten vastgesteld op de synode gehouden te Dordrecht in de jaren 1618 en 1619. Op nieuw uit het Latijn vertaald, onder toezicht van S. van Velzen.* Derde druk. Te Kampen, bij S. van Velzen Jr. 1867.

Die woord vooraf is onderteken deur: 'De Docenten aan de Theologische Hoogeschool te Kampen, T.F. de Haan, S. van Velzen, A. Brummelkamp, H. de Cock'. H. de Cock was Helenius de Cock, die boesemvriend van ds. D. Postma, wat in 1858 na Suid-Afrika gekom het, en die vader was van Helenius Tjaarda Dirk (hierdie laaste naam waarskynlik na ds. Dirk Postma vernoem) de Cock, die griffier van die Uitvoerende Raad van Transvaal in Kruger se dae. Uit die inleiding wat gedateer is: 'Kampen, October 1856' word duidelik, dat hierdie uitgawe die lig gesien het ten gevolge van 'n versoek van die klassis van die Hollandse Gereformeerde Gemeentes in Noord-Amerika. Onder leiding van prof. S. van Velzen het studente van die Teologiese Skool te Kampen die Leerreëls uit die oorspronklike Latyn vertaal, 'en is daarbij zoo veel mogelijk de oude Nederduitsche uitgave gevolgd'. Verder is bestaande uitgawes met mekaar vergelyk en word gekla dat daar in uitgawes van die laaste jare onnoukeurighede voorkom.

Vergelyking van hierdie uitgawe met dié van ds. Scholten bring aan die lig dat met sy uitgawe en vertaling terdeë rekening gehou is. Hierdie twee vertalings bewys in elk geval wel dat die Afgeskeidenes intense belangstelling vir die Leerreëls gehad het en nie daarvoor teruggeskrik het om selfstandige kritiek op bestaande uitgawes uit te oefen nie! Hulle het hierby wetenskaplik te werk gegaan en het dit aangedurf om die Leerreëls in 'n nuwe taalkleed te steek. Helaas het hierdie arbeid heeltemal in die vergeetboek geraak.

Wanneer ons nou na Suid-Afrika kyk, dan moet ons konstateer dat Die Nederduits Gereformeerde Kerke en Die Gereformeerde Kerk 'n teks besit wat saaklik ooreenstem met dié wat in die Nederlandse kerkboekies volgens die Rutgers/Bavinck/Kuyper-uitgawe afgedruk is, al is op sommige plekke by die oorsetting in die Afrikaans met die Latynse teks rekening gehou. Die uitgawe: *Belydenisskrifte, Gebede en Formuliere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* Pretoria 1945, bied 'n teks van die Dordtse Leerreëls wat egter weer aansienlike afwykings van die eersgenoemde vertoon. Blykbaar is hierin meer teruggegryp op die Latynse teks en merkwaardigerwyse vertoon die vertaling op sommige plekke ooreenstemming met dié van ds. Scholten. In die verlede was daar dus in Suid-Afrika begrip vir die noodsaak om by die vertaling van die Leerreëls in Afrikaans nie net met die Nederlandse teks nie, maar ook met die Latynse terdeë rekening te hou.

In kerkboekies hier te lande word in navolging van die uitgawe van Rutgers/Bavinck/Kuyper die teks van die *Besluit* na die Leerreëls nie afgedruk nie. Aangesien dit tegelyk met die Leerreëls vasgestel is en die ondertekening van die vyfde artikel en van die *Besluit* tegelyk deur die binnelandse en buitelandse lede van die sinode plaasgevind het, moet daaruit wel volg, dat die *Besluit* tot die inhoud van die Leerreëls behoort. Daarom bied ons hierby ook die vertaling van die *Besluit* aan.

Van die *Voorrede* kan nie gesê word dat hierdie stuk by die inhoud van die Dordtse Leerreëls as belydenisgeskrif behoort nie. Die definitiewe teks hiervan is eers later as die van die Leerreëls vasgestel aangesien koning Jacobus van Engeland by die Generale State beswaar ingebring het dat sy naam nie uitdruklik genoem was nie! Gesien die historiese betekenis van hierdie stuk neem ons dit tog hier in kleiner letters op.

Ek wil ten slotte my hartlike dank uitspreek teenoor prof. dr. S.J. van der Walt, destyds te Potchefstroom en tans te Pretoria, wat so vriendelik was om 'n woord vooraf by hierdie uitgawe te skryf. Prof. dr. D.M. Kriel, hoof van die departement Latyn aan die Universiteit van Pretoria, was so welwillend om met groot noukeurigheid die vertaling uit die Latyn te kontroleer. Mev. G. van der Dussen-Swart en die here Willem Botha, G.K. Schuring en C.S. van der Waal was tot groot steun by die weergawe in die Afrikaanse taal. Aan almal wat my met raad en daad bygestaan het, wil ek my groot erkentlikheid uitspreek en dit te meer, omdat hierby so 'n warm liefde vir die belydenis tot uiting gekom het.

Mag hierdie publikasie, ondanks alle gebreke wat daaraan klewe, daartoe meewerk dat die

inhoud van hierdie stiefkind onder die 'Drie Formuliere' beter geken word onder jong en oud, blank of gekleurd. Ons het nie 'n Calvinistiese erfenis gekry om dit maar iewers weg te steek of om dit as 'kolonialisme' te beskou om dit in die sending uit te dra nie. Mag die Here hierdie beskeie, eerste verklaring van die Leerreëls in Afrikaans, in diens stel van die verbreiding van die glorie van Sy Naam en die verkondiging van Sy ewige welbehae en genadige uitverkiesing.

**C. van der Waal.**

Pretoria, 6 Mei 1969,
350 jaar na die 'promulgasie' van die Leerreëls van Dordrecht.

# UITSPRAAK
# VAN DIE
# NASIONALE SINODE
# VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN DIE
# VERENIGDE NEDERLANDE
# WAT GEHOU IS IN
# DORDRECHT
# IN DIE JARE 1618 EN 1619

EN WAT BYGESTAAN IS DEUR BAIE UITNEMENDE
TEOLOË UIT DIE GEREFORMEERDE KERKE
VAN GROOT-BRITTANJE, DIE KEURVORSTELIKE
PALTS, HESSEN, SWITSERLAND, DIE WEDDERAWIESE
KORRESPONDENSIE, GENÈVE, BREMEN
EN EMDEN

OOR

DIE VYF HOOFSTUKKE VAN DIE LEER
WAAROOR IN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN
DIE VERENIGDE NEDERLANDE VERSKIL ONTSTAAN HET.

AFGEKONDIG OP 6 MEI 1619.

## VOORREDE

In die naam van onse Heer en Redder Jesus Christus. Amen.

Onse Heer en Verlosser Jesus Christus het aan Sy strydende kerk wat 'n moeitevolle vreemdelingskap deurmaak, menigvuldige vertroosting gegee. Een daarvan ontvang met reg alle aandag. Dit is die Woord wat Hy vir Sy kerk nagelaat het toe Hy na Sy Vader in die hemelse heiligdom sou vertrek: Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Dat hierdie lieflike belofte waar is, kan 'n mens by die kerk van alle tye duidelik waarneem. Sy is nie alleen deur die openlike geweld van die vyande en die goddeloosheid van die ketters nie, maar ook deur die heimlike listigheid van die verleiers, van die begin af bestry. Voorwaar, as die Here aan haar die heilsame hulp van Sy beloofde teenwoordigheid sou onthou het, sou sy lankal reeds óf deur die geweld van die tiranne onder die voet geloop, óf deur die bedrog van verleiers na die verderf gelok gewees het. Maar die goeie Herder wat Sy kudde, vir wie Hy Sy lewe afgelê het, met die grootste volharding bemin, het die woede van die vervolgers steeds op die regte tyd en dikwels met uitgestrekte hand op wonderlike wyse in toom gehou. Hy het ook die krom paaie en bedrieglike raadslae van die verleiers ontdek en vernietig. Deur in albei gevalle so op te tree, het Hy bewys dat Hy werklik by Sy kerk teenwoordig is.

'n Baie duidelike bewys van hierdie feit is voorhande in die geskiedenisse van die vrome keisers, konings en vorste, vir wie die Seun van God so menigmaal aangespoor het om Sy kerk te hulp te kom en met 'n heilige ywer vir Sy huis vervul het. Deur hul handelinge is nie alleen die woede van die tiranne bedwing nie, maar is ook die kerk, wanneer dit met valse leraars moes worstel, wat besig was om die godsdiens op verskillende maniere te verkrag, met die hulpmiddel van sinodes voorsien. Troue diensknegte van Christus het in gemeenskaplike gebede, beraadslaginge en werksaamhede dapper stand gehou en teen die dienare van satan, ook al het hulle hul in engele van die lig verander, onverskrokke weerstand gebied. Hulle het die saad van dwalinge en tweedrag weggeneem, die kerk by die eendragtige suiwere godsdiens laat bly en die opregte verering van God ongeskonde aan die nageslag oorgelewer.

Onse getroue Verlosser het deur 'n soortgelyke weldaad Sy genadige teenwoordigheid aan die kerk van Nederland, wat 'n hele paar jare swaar verdruk is, in hierdie tyd bewys. Hierdie kerk was immers deur die magtige hand van God van die tirannie van die Roomse antichris en die verskriklike afgodery van die pousdom verlos. Te midde van die gevare van so 'n langdurige oorlog is sy dikwels op wonderlike wyse beskerm en deur eendragtig vas te hou aan die ware leer en tug tot lof van haar God, het sy tot groot bloei gekom wat gestrek het tot bewonderenswaardige groei van die Republiek en vreugde van die gehele gereformeerde wêreld.


Jacobus Arminius en sy partygangers wat die naam van Remonstrante dra, het hierdie kerk egter deur verskeie ou sowel as nuwe dwalinge eers in die geheim, maar daarna openlik aangetas. Deur ergerlike twiste en skeuringe het hulle die kerk op hardnekkige wyse in beroering gebring en so 'n haglike situasie laat ontstaan, dat die seer bloeiende kerke deur 'n verskriklike brand van onenigheid en skeuringe ten slotte verteer sou geword het as die ontferming van ons Verlosser nie op die regte tyd tussenbei getree het nie. Geprese sy egter die Here tot in die eeue! Nadat Hy Sy aangesig vir 'n oomblik van ons, wat op menigerlei wyse Sy toorn en gramskap opgewek het, verberg het, het Hy voor die oë van die hele wêreld bewys dat Hy Sy verbond nie vergeet en die sugte van Sy volk nie verag nie.

Toe daar volgens menslike oordeel nouliks enige hoop op verbetering voorhande was, het Hy aan die Deurlugtige en Hoogmoënde Here, die Generale State van die Verenigde Nederlande, in die hart gegee om op voorslag en onder leiding van die seer deurlugtige en magtige Prins van Oranje te besluit om aan die plae wat woed die hoof te bied, met gebruikmaking van wettige middele wat (soos blyk uit die voorbeelde van die apostels self en van die Christelike

kerk na hulle) gedurende 'n lang tydsverloop erkenning gevind het en ook in die Nederlandse kerk voorheen met groot vrug toegepas is. Daarom het hulle kragtens hul gesag 'n sinode uit al die provinsies onder hul bestuur, te Dordrecht saamgeroep nadat hulle versoeke daartoe ontvang het. Deur die medewerking van Jacobus, die grootmagtigste koning van Groot-Brittanje ens., van baie deurlugtige vorste, grawe en republieke het hulle die hulp van baie voortreflike manne verkry, sodat deur die gesamentlike oordeel van so baie teoloë van die Gereformeerde Kerk die leringe van Arminius en sy partygangers op 'n indrukwekkende sinode noukeurig ondersoek en alleen op grond van die Woord van God beoordeel sou word, die ware leer bevestig, die valse verwerp en deur die seën van God die eendrag, vrede en rus in die Nederlandse kerke herstel sou word. Ten gevolge van hierdie weldaad van God verheug die Nederlandse kerke hulle; die getroue ontferminge van hulle Verlosser word deur hulle ootmoedig erken en dankbaar verkondig.

Eers is op las van die hoë owerheid in al die Nederlandse kerke 'n bid- en vasdag uitgeskryf en gehou om deur gebede die toorn van God af te keer en Sy genadige hulp af te smeek. Daarna het hierdie eerwaarde sinode wat te Dordrecht saamgekom het en vervul was met liefde tot God en ywer tot heil van die kerk, na aanroeping van die naam van God, homself deur 'n heilige eed verbind om alleen die Heilige Skrif as rigsnoer by die beoordeling te aanvaar en om by die ondersoek en beoordeling van die aanhangige saak met 'n goeie en opregte gewete te handel. Hy het vervolgens op sorgvuldige wyse en met groot geduld moeite gedoen om die vernaamste voorstanders van genoemde leerstellinge wat voor hom opgeroep was, te beweeg om hulle gevoelens omtrent die bekende vyf hoofstukke van die leer asook die redes van hulle gevoelens uitvoerig uiteen te sit. Hulle het egter aan die sinode die bevoegdheid om te oordeel, ontsê en geweier om — soos billik sou gewees het — op die ondervraginge te antwoord. Geen vermaning van die sinode, nóg lasgewing van die welgebore en edele afgevaardigdes van die Generale State, ja selfs geen bevel van die deurlugtige hoogmoënde Here van die Generale State het iets by hulle bereik nie.

Daarom was die sinode genoodsaak, om op las van die hoogmoëndes en ooreenkomstig die gewoonte wat vroeër by ou sinodes aanvaar is — 'n ander weg te bewandel: op grond van geskrifte, belydenisse en verklaringe wat deels tevore uitgegee is, deels ook aan die sinode voorgelê is, is die ondersoek van die bekende vyf leerstukke ter hand geneem. Danksy die besondere genade van God is dit tans met uiters groot ywer, getrouheid, nougesetheid en eenstemmigheid van almal en elkeen voltooi. Hierdie sinode het derhalwe tot eer van God en ter bevordering van die suiwere heilswaarheid, die rus van die gewete, en die vrede en welstand van die Nederlandse kerk besluit om die volgende uitspraak vas te stel en openlik bekend te maak. Hierin word die ware oordeel, wat met die Woord van God ooreenstem, uiteengesit insake die vyf genoemde leerstellings en die valse gevoelens wat nie met die Woord van God ooreenstem nie, verwerp.




*Afbeelding van die sinode te Dordtrecht (13 November 1618 – 29 Mei 1619 in die bowesaal van die Stadsdoelen. Agteraan, voor die vuurherd, sit die moderamen. Links agter is die drie banke vir die politieke kommissarisse. Links voor teen die muur sit die Nederlandse professore. Op die banke aan die kant van die regtermuur sit die buitelandse afgevaardigdes. Op die banke op die voorgrond en die twee banke links voor die Nederlandse professore: die afgevaardigdes van die Nederlandse en Waalse kerke. In die middel: die gesiteerde Remonstrantse professore en predikante.*

## DIE EERSTE HOOFSTUK VAN DIE LEER

### *DIE VOORBESKIKKING DEUR GOD*

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| 1.<br>Die wortel van die Remonstrantse dwaling is dat hulle die diepe val van die mens ontken. Dit sou nog wel moontlik wees om die mens te verbeter. Daarom wou hulle van 'n ewige uitverkiesing en verwerping niks weet nie, want dan sou God onregverdig handel teenoor die mens, wat tog nie so sleg is nie.<br><br>Om hierdie rede begin die Leerreëls met die Skriftuurlike waarheid: *Deur die misdaad van die één* (nl. Adam) *het baie gesterf; die oordeel was uit één* (nl. Adam) *tot veroordeling; ten gevolge van die misdaad van die één* (nl. Adam) *het die dood geheers deur die één* (Rom. 5:15-17).<br><br>Ons wat in Adam die egte léwe gehad het, het in hom die volle, ewige dóód en veroordeling verdien. Dit sou nie onregverdig van God wees, as Hy almal sou verdoem nie.<br><br>Hulle wat vandag nie meer aan die historiese bestaan van Adam glo nie, kom reeds met die begin van die Leerreëls in botsing. | [1] Rom. 5:12 | 1.<br>[1]*Alle mense het in Adam gesondig* en verdien die vervloeking en die ewige dood.<br><br>Daarom sou God niemand onreg aangedoen het nie as dit Sy wil sou gewees het om die hele menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en weens die sonde te verdoem.<br><br>Dit stem immers ooreen met hierdie woorde van die apostel: *Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God* (Rom. 3:19, 23). En: *Die loon van die sonde is die dood* (Rom. 6:23). |
| 2.<br>Juis omdat die evangelie alle roem in die mens afsluit, kan die evangeliese genade des te beter verstaan word. Twee tekste, uit brief en evangelie, word inmekaargevleg om die wonderlike liefde van God aan te wys, wat ons uit *hierdie* eeu (wêreld) oorbring na die *toekomstige* eeu, en ons volkome lewensherstel gee. Ons *word gered in die weg van die geloof aan Gods liefde, nie in die weg van die geloof aan die mens nie.* | | 2.<br>*Maar hierin is die liefde van God geopenbaar, dat Hy Sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê* (1 Joh. 4:9; Joh. 3:16). |

| | | |
|---|---|---|
| 3.<br>Hy wat die natuurlike mens so hoog waardeer, maak die prediking tot 'n sedelessie oor deug, laat die sending 'n 'sosiale evangelie' bring en het 'n hoë dunk van die 'waardes' in ander godsdienste. Die mens moet dan maar net 'n bietjie ontwikkel word om gelukkig te kan wees.<br><br>Die erkenning van God se soewereine liefde hou egter tewens die hoogskatting van die *prediking* van die ware evangelie in. Dit is nie maar net 'n boodskappie, 'n goeie woordjie, 'n sedelike advies nie. Dit is die middel waardeur God *volgens Sy welbehae* (1 Kor. 1:21) die geloof werk. Daarom moet in die erediens die prediking van die Woord (en nie die ervarings van die prediker nie) die sentrale plek inneem. Daarom moet by die sending die prediking van die evangelie alle aandag opeis, en nie 'ontwikkelingshulp' nie. | [1] Rom. 10:15; Jes. 52:7<br><br>[2] 1 Kor. 1:23 | 3.<br>Opdat die mense egter tot die geloof gebring word, [1]*stuur* God in Sy barmhartigheid *verkondigers* van hierdie *vreugdevolle boodskap* na wie Hy wil en wanneer Hy wil. Deur hulle diens word die mense geroep tot bekering en geloof in [2]*Christus, die Gekruisigde. Want hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?* (Rom. 10:14, 15). |
| 4.<br>Die mens is nie uit homself ontvanklik vir God se genade nie. Ook is dit nie so dat die geloof reeds in hom kan *sluimer,* totdat die prediking dit saggies wakker maak nie. Nee, hy is dood in sondes en misdade. Solank hy nie glo nie, bly die toorn van God op hom. Eers as hy die Woord hoor en aanneem, kom daar verandering. God skenk in die weg van die lewende geloof die gawe van die ewige lewe. | [1] Joh. 3:36 | 4.<br>Op diegene wat hierdie evangelie nie glo nie, [1]*bly die toorn van God.* Maar diegene wat dit aanvaar en die Verlosser Jesus met 'n ware en lewende geloof aanneem, word deur Hom van die toorn van God en die ondergang bevry en met die ewige lewe begiftig (Joh. 3:16; Mark. 16:16). |
| 5.<br>Die Remonstransie het gestel dat alle sondes deur Christus versoen is, maar dat die moedswillige ongeloof gestraf sou word. Hulle het die gereformeerdes egter verwyt, dat hulle deur hul verkiesingsleer die sonde van die ongeloof aan God toeskryf.<br><br>Die Gereformeerdes het geantwoord: *alle* sondes, dus ook die ongeloof, spruit voort uit *die mens,* wat die skuld daarvan dra. Dat hy deur die sonde dood is, beteken nie dat sy wil uitgeskakel is nie, maar dat sy wil die verkeerde kies. Daarom te meer is die geloof 'n gawe van God. | [1] Hand. 16:31; Rom. 10:9<br>[2] Ef. 2:8 | 5.<br>Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, net soos ook van alle ander sondes, lê stellig nie by God nie, maar by die mens. [1]*Die geloof in Jesus Christus* en die redding deur Hom is egter 'n [2]*genadegawe van God.* So is ook geskrywe: *Uit genade is julle gered, deur die geloof; en dit nie uit julleself nie — dit is die gawe van God* (Ef. 2:8). Eweso: *Dit is aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee om in Christus te glo* (Fil. 1:29). |

| | | |
|---|---|---|
| 6.<br>*Die geloof is nie die deel van almal nie* (2 Thess. 3:2). Daar is *saad van die vrou* en *saad van die slang* (Gen. 3:15). Oë word toegemaak *sodat hulle nie sien nie* (Jes. 6:10). Van ander geld: *Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het* (Jes. 43:8). Daar is 'n onoorbrugbare skeurvallei wat dwarsdeur die mensdom loop en skeiding maak tussen geloof en ongeloof, hemel en hel. Dit kom voort uit die besluit van God insake Verkiesing en Verwerping. Die Remonstrante het alles gedoen om die verkiesing haatlik voor te stel. Tot vandag toe het nie net liberaliste nie, maar ook Metodiste, Baptiste en Lutherane baie keer 'n afkeer van die leer van die verkiesing en gee hulle 'n verkeerde weergawe daarvan. Die gereformeerde belydenis stel: hierdie leer bied onuitspreeklike *troos.* Dit mag nie verswyg of spitsvondig veroordeel word nie.<br><br>Karl Barth het gestel dat almal tegelyk verwerp en verkies is in Christus. Daar sou dus nie 'n *teenstelling* dwarsdeur die mensdom loop nie. Hulle wat hierdie leer volg, tas die hart van die kerk aan (verg. Gen. 3:15). | [1] 2 Petr. 3:16 | 6.<br>Sy ewige besluit is egter die oorsaak dat sommige mense in hierdie bedeling deur God met die geloof begiftig word, dog ander nie begiftig word nie. *Want al Sy werke is Hom van ewigheid* af *bekend* (Hand. 15:18) en *Hy doen alles volgens die raad van Sy wil* (Ef. 1:11).<br><br>Volgens hierdie besluit maak Hy in Sy genade die harte van die uitverkorenes sag, hoe hard hulle ook mag wees, en bring hulle weer terug sodat hulle gaan glo. Maar volgens Sy regverdige oordeel laat Hy hulle wat nie uitverkore is nie, in hulle boosheid en hardheid bly.<br><br>Juis hier stuit ons op die onoorbrugbare, barmhartige en tegelyk regverdige skeiding tussen mense wat in presies dieselfde mate verdorwe is: die besluit van uitverkiesing en verwerping wat in die Woord van God geopenbaar is.<br><br>En net soveel as wat dwars, onrein en [1]*onstandvastige mense* dit *verdraai tot hulle ondergang,* so verskaf dit aan heilige en Godvresende siele 'n onuitspreeklike troos. |
| 7.<br>Die Remonstrante het ontken, dat daar net een onveranderlike besluit van God was om Christus Middelaar te maak en om slegs die uitverkorenes deur 'n kragdadige roeping met die geloof te begiftig. Daar sou 'n *voorlopige* uitverkiesing wees van alle mense en 'n *definitiewe* verkiesing van hulle, van wie God die goeie werke sou sien.<br><br>Ons belydenis spreek egter net van *een onveranderlike* verkie-sing. Hierdie verkiesing vind *in Christus* plaas (Ef. 1:4). God se besluit omvat nie slegs die *eindresultaat* nie, maar ook die *middele* waardeur dit bereik word. Die Remonstrante het beide ontken. Die Gereformeerdes bely dat juis die *prediking* die *instrument* van die *verkiesing* is. Waar die uitverkiesing bely word, sal die kerkgebou op Sondag nie leeg wees nie. *Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig* (Rom. 8:30). In die weg van die *middele* gee die Vader volgens Sy besluit die uitverkorenes aan Christus (Joh. 6:37, 44, 45; 10:27-30). | [1] Ef. 1:11<br>[2] Ef. 1:4<br><br><br>[3] Ef. 1:5, 6, 9<br>[4] Ef 1:4<br><br><br>[5] Joh. 7:2, 12, 24<br>[6] 1 Kor. 1:9; Rom. 8:30<br>[7] Joh. 6:44<br>[8] Rom. 8:30; 1 Kor. 6:11<br>[9] Ef. 1:7; 2:7 | 7.<br>Hierdie uitverkiesing is egter 'n onveranderlike [1]*voorneme* van God, waardeur Hy [2]*voor die grondlegging van die wêreld* 'n vasgestelde menigte persone uit die hele menslike geslag (wat deur eie skuld uit die oorspronklike suiwerheid uitgeval en 'n prooi van sonde en verderf geword het) volgens die vrye [3]*welbehae van Sy wil* uit louter *genade* tot die saligheid [4]*uitverkies het in Christus.*<br><br>Hulle is nie beter of waardiger as ander mense nie, maar lê saam met die ander in die gemeenskaplike ellende. Dog God het hulle tot die saligheid *uitverkies in Christus* wat Hy ook van ewigheid tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en die fondament van die saligheid aangestel het. God het ook besluit om in hierdie weg hulle wat gered gaan word, aan Christus te [5]*gee* en om hulle [6]*tot Sy gemeenskap* deur Sy Woord en Gees kragtig *te roep* en te [7]*trek,* d.w.s. met die ware geloof in Hom te begiftig, te [8]*regverdig,* te *heilig* en hulle wat kragtig by die gemeenskap van Sy Seun bewaar word, uiteindelik te *verheerlik* tot bewys van Sy barmhartigheid en tot roem van die [9]*rykdomme van Sy* heerlike *genade.* |

| | | |
|---|---|---|
| | | So is geskrywe: *God het ons uitverkies in Christus voor die grondlegging van die wêreld* om *heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil, tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde* (Ef. 1:4, 5, 6). En op 'n ander plek: *Die wat Hy tevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik* (Rom. 8:30). |
| 8.<br>Nie net vandag nie, maar ook vroeër, kon van die mense wat met hulle verstand die lewensraaisels wou deurgrond, gesê word:<br>Hul deel die wêreld in terreine,<br>met brokkies dink hul halwe breine (D.J. Opperman).<br><br>Daar is onderskeid gemaak tussen 'n voorlopige proef-verkiesing van almal en 'n daarop volgende definitiewe verkiesing deur God, wat slegs die gelowiges sou omvat. Daar is ook gespreek van die Ou-Testamentiese bedeling as iets minderwaardigs.<br><br>Hierteen teken die belydenis verset aan. *Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n ENIGE HERE* (Deut. 6:4). Daarom is daar één verkiesing wat sowel tydens die ou as die nuwe verbond hom uitwerk. God is eenvoudig, *simplex,* nie *multiplex,* meervoudig nie. | | 8.<br>Hierdie uitverkiesing is nie veelvoudig nie, maar een en dieselfde vir almal wat salig sal word in die Ou sowel as in die Nuwe Verbond. Die Skrif leer ons immers net een welbehae, voorneme en raad van die wil van God, waardeur Hy ons van ewigheid af uitverkies het tot die genade, die heerlikheid en die redding en die heilsweg, wat Hy *vantevore berei het, sodat ons daarin kan wandel* (Ef. 1:4, 5 en 2:10). |
| 9.<br>*Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke* (Deut. 7:7). *Weet dan dat die HERE jou God nie ter wille van jou geregtigheid jou hierdie goeie land gee om dit in besit te neem nie, want jy is 'n hardnekkige volk* (Deut. 9:6). *Is julle nie vir My soos die kinders van Kus* (— Nubië in Afrika) *nie, o kinders van Israel, spreek die HERE* (Amos 9:7). *Hulle word deur Sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is* (Rom. 3:24).<br><br>Geen uitverkiesing op grond van geloof wat vooruitgesien is, soos die Remonstrante dit gestel het nie! Nooit kan die sekerheid van die geloof op die geloof self gebou word nie. | | 9.<br>Hierdie uitverkiesing het nie tot stand gekom *ten gevolge van* vooruitgesiene geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie eienskap of geskiktheid nie (as sou dit 'n oorsaak of voorwaarde wees wat vantevore vereis is in die mens wat uitverkies sal word); maar hierdie uitverkiesing is die *oorsaak van* geloof en geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, ens.<br><br>Daarom is die uitverkiesing 'n bron van alle heilsame goedere. Geloof, heiligheid en al die ander saligmakende gawes, en ten slotte die ewige lewe self vloei voort uit die uitverkiesing; dit is vrugte en gevolge daarvan. Dit is volgens die getuienis van die apostel: *Hy het ons uitverkies SODAT ons heilig en sonder gebrek in liefde voor Sy aangesig sou wees* (Ef. 1:4), nie *OMDAT* ons dit alreeds was nie. |
| 10. | | 10. |

| | | |
|---|---|---|
| Die Remonstrante het ontken dat bepaalde mense persoonlik uitverkies was. Soos daar egter 'n *volks*verkiesing was (Israel en nie Edom nie), so is daar ook 'n *persoonlike* verkiesing van ewigheid af. God laat dit sien as Hy die harte oopmaak om die Woord te hoor (Hand. 16:14). | [1] Gen. 25:23<br>[2] Mal. 1:2, 3 | Die oorsaak van hierdie genadige uitverkiesing is enkel en alleen die welbehae van God. Dit bestaan nie daarin dat Hy sekere menslike eienskappe of dade uit alle moontlikhede tot 'n voorwaarde vir redding uitgekies het nie; dog die oorsaak lê hierin dat Hy sekere persone uit die gesamentlike skare sondaars vir Hom as eiendom aangeneem het.<br><br>Soos geskrywe is: *Toe die kinders nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie,* ens., *is vir haar* (nl. Rebekka) *gesê:* [1]*Die oudste sal die jongste dien; soos geskrywe is:* [2]*Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat* (Rom. 9:11, 12, 13). En: *Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48). |
| 11.<br>In 'n elektriese netwerk kan daar 'n kragonderbreking wees, deur 'n interrupsie kan 'n spreker tydelik tot stilswye gedwing word. Hierdie beelde kan egter nie op die verkiesende God toegepas word nie. Soos God is, is Sy verkiesing. Soos Hy eenvoudig en onveranderlik is, is Hy ook almagtig en alwetend (art. 1 Ned. Gel. Bel.). Daarom kan Sy uitverkiesende krag nie (soos die Remonstrante dit gestel het) onderbreek word en die uitverkorenes uit Sy boek van die lewe geskrap word nie (Openb. 3:5; 5:1, 9; 17:8, 14; Matt. 24:22; Luk. 10:20; Fil. 4:3). | | 11.<br>En soos God self alwys, onveranderlik, alwetend en almagtig is, net so kan die uitverkiesing wat deur Hom tot stand gekom het, nie tydelik 'onderbreek en weer voortgesit', nóg verander, nog herroep of afgebreek word nie; en ook kan die uitverkorenes nie verwerp en hulle getal nie verminder word nie. |
| 12.<br>Dit is nie ons plig om in die hemel op te klim om daar nasporinge insake die verkiesing te doen of om in die hel af te daal om daar 'n opname van verworpenes te maak nie. *Naby ons is die Woord* van die uitverkiesende God (Rom. 10:6 e.v.; Deut. 30:12 e.v.; Spr. 30:4-6). Dit baat nie om oor 'die' verkiesing te filosofeer nie. Die verkiesende God is naby ons en werk sedert ons doop op ons lewe in, tot in die kleinste dingetjies. Hy vra ons nie om 'n versameling van 'kenmerke' van ons vroomheid aan te lê nie, maar om te erken: *Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly.'* (Ps. 126:3).<br><br>Die vermaning: *Ondersoek julleself of julle uit die geloof is!* (2 Kor. 13:5) rig Paulus nie tot die Korinthiërs om hulle te laat twyfel en om aan hul geloofsekerheid te torring nie, maar om sy apostelskap te bewys op grond van die geloof wat daar onder hulle is. *Droefheid ooreenkomstig die wil van God* wat hier genoem word, staan teenoor *droefheid soos die wêreld dit ken* | [1] Deut. 29:29<br>[2] 1 Kor. 2:10, 11; Rom. 11:33<br><br>[3] 2 Kor. 7:10<br>[4] Matt. 5:6;<br>Luk. 6:21;<br>Ps. 42:3; 63:2; 143:6;<br>Jes. 55:1;<br>Jer. 31:25 | 12.<br>Van hierdie ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes elkeen op sy tyd verseker (2 Kor. 13:5), al mag dit wees met verskillende grade en in ongelyke mate. Dit gebeur nie as hulle die [1]*verborgenhede* en [2]*dieptes van God* nuuskierig *naspeur* nie, maar as hulle die onfeilbare vrugte van die uitverkiesing — soos in die Woord van God aangewys — in hulleself met 'n Geestelike blydskap en heilige genieting waarneem (bv. die ware geloof in Christus, kinderlike eerbied teenoor God, [3]droefheid-oor-die-sonde *in ooreenstemming met die wil van God,* [4]*honger en dors na geregtigheid, ens.)* |

| | | |
|---|---|---|
| (2 Kor. 7:10). *Geregtigheid,* waarna ons moet honger en dors, is 'n geregtigheid, 'n bevryding van onreg, wat die Here uit genade aan Sy kerk *gee* (Matt. 5:6; Jer. 23:6; 33:16; 1 Kor. 1:30; 2 Kor. 5:21). | | |
| 13.<br>Dit gaan maar altyd so dat mense wat van iets seker is as Fariseërs beskou word. Dit is nuttig om aan jou saligheid te *twyfel,* het die Remonstrante beweer, want so word die mens tot goeie werke geprikkel. Daarmee het hulle eintlik die kritiek van Rome op die Reformasie oorgeneem (verg. art. 24 Ned. Gel. Bel.). En dit klink aanloklik in hierdie twyfelende eeu.<br><br>Natuurlik kan daar valse gerustheid in Sion wees. Die Bybel bekritiseer dit op baie plekke (Jer. 7:4 e.v.; Ps. 50:7 e.v.; Amos 5:21-6:1; Matt. 23; Rom. 2:17-3:8). Maar tegelyk leer die Bybel dat die sekerheid die eiendom van die gelowige behoort te wees (Jer. 1:17-19; 15:19-21; 20:11-13).<br><br>Dit is lawwe praatjies om deur op ontspoordes te wys, die sekerheid van die verkiesing as nadelig voor te stel. *Want ek is versekerd dat... geen skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie* (Rom. 8:39). | [1] Lev. 16:30; 23:27 e.v.; Num. 29:7; 2 Kron. 12:6 e.v.; 32:26; Esra 9:5; Dan. 10:12<br>[2] 1 Joh. 4:10, 19 | 13.<br>Uit die besef en versekerdheid van hierdie uitverkiesing vind die kinders van God daagliks meer rede om hulleself [1]*voor die aangesig van God te verootmoedig,* die ondeurgrondelike diepte van Sy barmhartighede te aanbid, hulleself te reinig en Hom, [2]*wat hulle eerste* so uitnemend *liefgehad het,* nou ook van hulle kant vuriglik lief te hê.<br><br>Hieruit blyk dat dit allermins waar is dat hulle deur hierdie leer insake die uitverkiesing en die oordenking daarvan traer in die onderhouding van die gebooie van God of vleeslik-sorgeloos sou word.<br><br>Dit is juis wat deurgaans gebeur met dié wat deur die regverdige oordeel van God hulleself die genade van die uitverkiesing op ligvaardige wyse toeëien of sorgeloos en ligsinnig daaroor praatjies maak en nie in die weë van die uitverkorenes wil wandel nie. |
| 14.<br>*U sal my lei deur U raad* (Ps. 73:24). *Die raad van die HERE sal bestaan en Hy sal doen wat Hom behaag* (Jes. 46:10). *Die welbehae van die HERE sal deur Sy Kneg wat Hom as 'n skuldoffer aangebied het, voorspoedig wees* (Jes. 53:10). *Dink aan My, o HERE, na die welbehae in U volk, besoek my met U heil, dat ek kan aanskou die geluk van U uitverkorenes, dat ek bly kan wees in die blydskap van U volk, my kan beroem met U erfdeel* (Ps. 106:4, 5).<br><br>Die ganse *geopenbaarde raad* van God moet aan die gemeente *verkondig* word (Hand. 20:27). Ons mag nie uitgaan bo wat in die Skrif geskrywe is nie (1 Kor. 4:6). Dit is soos met die naam van God: ons moet hom gebruik, maar mag hom nie misbruik nie.<br>*Bo al u donker bome, Heer,*<br>*groei my 'n enkle reusboom uit:*<br>*dit is die wag-'n-bietjiebos*<br>*van u besluit.*<br>*Van ver so skoon, so groen, so blink...* | [1] Job 36:23; Ps. 145:17; Jes. 55:8, 9; Es.18:25, 29; 33:17, 20; Rom. 11:33; Openb. 15:3<br>[2] Hebr. 6:18 | 14.<br>Hierdie leer van die Goddelike uitverkiesing is volgens die alwyse raad van God deur die profete, Christus self en die apostels, onder die ou sowel as onder die nuwe verbond gepredik en vervolgens in die oorgelewerde heilige Skrifte aanbeveel.<br><br>Daarom moet dit ook vandag in die kerk van God, waarvoor dit in die besonder bestem is, met die gees van onderskeiding op 'n godvrugtige en heilige manier en op die regte plek en tyd voorgedra word, sonder nuuskierige ondersoeking van [1]*die weë* van die Allerhoogste, en dit tot eer van die hoogheilige naam van God en tot [2]*lewenskragtige troos* vir Sy volk (Hand. 20:27; Rom. 12:3 en 11:33, 34; Hebr. 6:17, 18). |

| | | |
|---|---|---|
| *maar hoe verward*<br>*wanneer ek dieper kyk en dink*<br>*as wat 'n sondaar pas.*<br>*En steek ek dan my hande uit*<br>*na u besluit,*<br>*dan gryp ek in die dorings vas.*<br>— (Totius: *Die Godsbesluit).* | | |
| 15.<br>Dit is opvallend dat die Leerreëls daarop wys dat die Skrif ons die ewige en onverdiende genade van die uitverkiesing aanprys, ook wanneer dit die feit van die verwerping meedeel.<br><br>Die Remonstrante wou niks van verwerping weet nie — soos 'n al groter wordende gedeelte van die Christenheid vandag. Hulle het gesê dat die leer van die verwerping God tot bewerker (outeur) van die sonde maak. Ook is deur hulle gestel, dat hierdie leer die mense net die stuipe op die lyf jaag.<br><br>Ons verneem trouens altyd nog die klag dat deur die prediking van die verwerping slegs die uitverkorenes getroos word en die verworpelinge en die massa daardeur nog dieper in die put getrap word. Die advies word dan gegee om niks anders te weet as Jesus Christus, en Hom as Gekruisigde (1 Kor. 2:2) en niks anders te predik as dat elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie (Joh. 3:16).<br><br>Naby hierdie tekste lees ons egter dat hulle verlore gaan vir wie die woord van die kruis dwaasheid is (1 Kor. 1:18). Ons belydenis beklemtoon: deurdat ons weet van Farao en Judas, daarom kan ons des te meer oog hê vir die vrye genade van verkiesing, wat *in die evangelie* tot ons kom. Die verkondiging van die vreugdevolle boodskap rig hom in alle erns tot elkeen wat dit verneem (sien I, 3, 4; III/IV, 8). | [1] Hand. 14:16<br><br>[2] Rom. 9:22 | 15.<br>Die Heilige Skrif stel hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing baie duidelik in die lig en prys dit nadruklik by ons aan deur verder te getuig dat nie alle mense uitverkies is nie, maar sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is. God het naamlik besluit om hulle ooreenkomstig Sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae, in die algemene ellende te laat bly, waarin hulle hulself deur hul eie skuld gestort het, en om hulle nie met die saligmakende geloof en die genade van die bekering te begiftig nie. Hy het egter besluit om hulle wat aan [1]*hul eie weë* en die regverdige oordeel oorgelaat is, nie slegs weens die ongeloof nie, maar ook weens al die ander sondes te verdoem en ewiglik te straf om so Sy regverdigheid [2]*bekend te maak.* En dit is die besluit van die 'Verwerping', wat God allermins tot bewerker van die sonde maak — dit sou 'n godslasterlike gedagte wees —, maar tot 'n gedugte, onberispelike en regverdige Regter en Wreker daarvan. |
| 16.<br>Deur die verkondiging van die verwerping word die verkiesing by ons aangeprys. God wil ons daardeur beweeg om op Sy genade te vertrou en Sy beloftes te aanvaar. Daarom mag hulle wat nog nie in Sy barmhartigheid aan hulle kan roem nie of telkens weer uit swakheid in sondes val, nie vertwyfeld raak nie. Hulle moet eerder die genademiddele gebruik wat Hy uitverkies om hul verlossing te bewerkstellig. Dit behaag God in Sy barmhartigheid | [1] Jak. 2:22, 26<br>[2] Hebr. 2:13; Jes 8:17<br>[3] Rom. 5 :1<br>[4] Mark 10:15; 2 Kor. 6:17, 18; 1 Petr. 1:14 | 16.<br>Diegene wat die [1]lewende *geloof* in Christus, d.w.s.die vaste [2]*vertroue* van die hart, die [3]*vrede* van die gewete, die beoefening van [4]*kinderlike gehoorsaamheid,* die [5]*roem in God deur Christus,* nog nie kragdadiglik in hulle voel nie, en nogtans die middele gebruik waardeur God volgens Sy belofte dit alles in ons sal bewerk, moet nie skrikbevange raak as daar melding gemaak word van verwerping, of hulle self onder die verworpenes reken nie. |

| | | |
|---|---|---|
| om hulle in dié weg van hulle verkiesing seker te maak. *Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig.., Ons bid julle om Christus ontwil: Laat julle met God versoen* (2 Kor. 5:11, 20). 'n Kerkvolk wat van die uitverkiesende en verwerpende God weet en ook besef dat God Sy verkiesing uitwerk *in die weg van die evangelie,* sal gryp na die regte prediking. Dan geld: *Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid* (Ps. 103:8). *Die HERE het Sion gegrondves en die ellendiges van Sy volk sal daarin skuil* (Jes. 14:32).<br><br>Vir hulle wat hulle daarop beroem om gedoopte Christene te wees en wat tewens met die verbond speel, is die prediking van die verwerping 'n verskrikking: *Onse God is 'n verterende vuur* (Hebr. 12:29; Jes. 33:14; Deut. 4:24; 9:3). Mag hierdie skrik vir hulle heilsaam wees (Hebr. 12:25; 2:1-4; 4:1, 11-13).<br><br>Die uitdrukking: om van die liggaam van die dood verlos te word (sien ook V, 2), begunstig nie die gedagte dat die liggaam as skepping sondig is nie, maar is 'n inleiding tot die dank om die verlossing in Christus. In beginsel verlos Hy ons tans reeds van die dodende magte. | [5] Rom. 5 :11;<br>Fil. 3:3<br><br>[6] Rom. 7 :24<br><br>[7] Jes. 42:3;<br>Matt. 12:20<br><br>[8] Matt. 13:22 | Hulle moet vlytig voortgaan met die gebruik van die middele, vurig verlang na die uur van oorvloediger genade en dit met eerbied en nederigheid verwag.<br><br>Nog veel minder behoort diegene vir die leer van die verwerping te skrik, wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en aan [6]*die liggaam van die dood* ontruk te word en tog nog nie sover kan kom as wat hulle sou wens nie.<br><br>Die barmhartige God het immers beloof dat Hy [7]*die dowwe lamppit nie sal uitdoof nie en die geknakte riet nie sal stukkend breek nie.*<br><br>Hierdie leer is daarenteen 'n verdiende verskrikking vir hulle wat God en die Verlosser Christus Jesus vergeet en hulleself verslaaf het aan [8]*die sorge van die wêreld* en die vleeslike genietinge — en dit bly solank as hulle hul nie met erns tot God bekeer nie. |
| 17.<br>Omdat die gereformeerdes geleer het dat ook die kinders van die gelowiges in Adam verdoem is, het die Remonstrante hulle beskuldig dat hulle ook die pasgebore verbondskinders wat sterf, in die helse vuur sou werp sodat Christus se bloed, die doop en die gebed by die doop waardeloos sou wees. Daarom is hierdie artikel ingevoeg. Aangesien die Remonstrante die uitverkiesing verder afhanklik gemaak het van aanwesige geloof, wou hulle niks van 'n verkiesing van jong kinders weet nie.<br><br>Die kinders van die gelowiges is wel van nature dood, maar kragtens die *genadeverbond* is hulle *heilig.* God het hulle afgesonder van die wêreld van die sonde (sien art. 34 Ned. Gel. Bel.). Daarom kan die gelowige ouers van jong kinders wat sterf, roem in die beloftes van God. Agter die doop wat die verbond aan hulle bevestig het, staan die *verkiesende* God! 'n Besondere openbaring hoef daardie ouers nie te ontvang nie. Die verkiesende God het gespreek: *Ek is julle God en die God van jul nageslag!* | [1] 1 Kor. 7:14<br>[2] Gen 17:7;<br>Jes. 59:21;<br>Hand. 2:39 | 17.<br>Insake die wil van God moet ons gevolgtrekkings maak uit Sy Woord. Dit betuig dat die kinders van die gelowiges [1]*heilig* is; egter nie van nature nie, maar danksy die [2]genade*verbond,* waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is.<br><br>Daarom moet godvrugtige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en redding van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen. 17:7; Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14). |

| | | |
|---|---|---|
| Calvyn aan Castellio: 'Spoeg dan u gal maar uit teen 'n God wat onskuldige kinders van die borste van die moeders sou afruk en in die ewige dood sou werp. Hy wat so 'n godslastering nie verfoei nie, mag my maar na hartelus vervloek'. | | |
| 18.<br>*En die HERE het Job geantwoord en gesê:*<br>*Wil die berisper met die Almagtige twis?*<br>*Laat hy wat God teregwys, hierop antwoord.*<br><br>*Toe het Job die HERE geantwoord en gesê:*<br>*Kyk, ek is te gering.*<br>*Wat kan ek antwoord?*<br>*Ek lê my hand op my mond* (Job 39:34-37).<br><br>*Mag my oordenking vir Hom welgevallig wees: ek sal bly wees in die HERE! Mag die sondaars omkom uit die land en die goddelose mense nie meer daar wees nie. Loof die HERE, o my siel! Halleluja.* (Ps. 104:34, 35). | [1] Matt 13:11; Rom. 11:25; 16:25<br>1 Kor. 2:1-7; 4:1;<br>Ef. 1:9; 6:19<br>Kol. 1:26, 27; 2:2; 4:3 | 18.<br>Teenoor hom wat teen hierdie genade van die onverdiende uitverkiesing en hierdie gestrengheid van die regverdige verwerping murmurerend in verset kom, stel ons hierdie apostoliese woord: o *Mens, wie is jy wat teen God antwoord?* (Rom. 9:20). En ook hierdie Woord van ons Verlosser: *Staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie?* (Matt. 20:15).<br><br>Ons daarenteë wat hierdie [1]*verborgenhede* op godvrugtige wyse aanbid, roep met die apostel uit: o, *Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was Sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid, Amen* (Rom. 11:33-36). |

## *VERWERPING VAN DIE DWALINGE, WAT DIE NEDERLANDSE KERKE 'N TYD LANK IN BEROERING GEBRING HET*

| **Toeligting** | **Teks van die Dordtse Leerreëls** | |
|---|---|---|
| 1.<br>Die Remonstrante het die mens soseer voor op die wa gesit dat hulle die uitverkiesing gemaak het tot 'n *seleksie,* 'n keuse van die goeie mense wat sou glo. Die gelowige mens eintlik eerste, daarna die uitverkiesende God. Nou spreek die Skrif wel van uitverkiesing wat God tydens die menslike historie laat plaasvind. Maar hierdie verkiesing is *nooit afhanklik van die mens* en *agter hierdie uitverkiesing staan die ewige God en Sy uitverkiesing van ewigheid.* 'Sodanige roeping of verkiesing as daar tydens die historie plaasgevind het, sodanige voorneme van verkiesing was daar ook van alle ewigheid af' (Oordeel Ned. professore insake art. 1). | | Noudat die regsinnige leer insake die uitverkiesing en die verwerping uiteengesit is, verwerp die sinode:<br><br>1.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die wil van God om hulle te verlos wat sal glo en in die geloof en in die geloofsgehoorsaamheid sal volhard, is geheel en al identies met die besluit van die verkiesing tot saligheid en niks anders oor hierdie besluit is in die Woord van God geopenbaar nie.<br><br>Hulle mislei immers die eenvoudiges en weerspreek duidelik die Heilige Skrif, wat betuig dat God nie alleen hulle wat sal glo, wil red nie, maar ook sekere persone van ewigheid af uitverkies het, wat Hy gedurende hul lewenstyd in teenstelling tot ander met die geloof in Christus en die volharding sou begiftig. Soos geskrywe is: *Ek het U naam geopenbaar aan die mense wat U My (uit die wêreld) gegee het* (Joh. 17:6). En: *Daar het gelowig geword almal wat tot die ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48). En: *Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig te wees,* ens. (Ef. 1:4). |
| 2.<br>Daar is groot ooreenkoms tussen die Remonstrante en ons 'moderne' tyd wat in 'n krisis van sekerhede lewe, orals die breekyster van die ongeloof insit en sowel aan die eenheid van God as aan die eenheid van die lewe twyfel. Die Remonstrante het gespreek van baie verkiesinge wat almal van die gedrag en ewolusie (ontwikkeling) van die mens afhanklik sou wees. Hulle het geen oog gehad vir die een, betroubare God nie en die skakels van die goue ketting van die verlossing het hulle uit mekaar geruk. God is eenvoudig (art. 1 Ned. Gel. Bel.), in Hom is daar nie 'n ewolusie (ontwikkeling) op grond van menslike dade nie. Daarom is Sy uitverkiesing ook altyd beslissend. | | 2.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>By Sy uitverkiesing gaan God op 'n veelsoortige manier te werk:<br>[A] Daar is 'n algemene, onafgebakende uitverkiesing.<br>[B] Daar is 'n besondere, afgebakende uitverkiesing. Laasgenoemde [B] kan weer verdeel word in:<br>[I] 'n onvolkome, herroeplike, onbesliste en voorwaardelike uitverkiesing;<br>[II] 'n volkome, onherroeplike, beslissende en definitiewe uitverkiesing. En ook:<br><br>Daar is 'n uitverkiesing tot die geloof en 'n ander tot die saligheid, en wel so dat daar 'n uitverkiesing tot die regverdigmakende geloof kan wees sonder die beslissende uitverkiesing tot saligheid.<br><br>Dit is immers 'n versinsel van die mens se brein, wat nie op grond |

| | | |
|---|---|---|
| | | van die Skrifte uitgedink is nie. Dit tas die leer van die uitverkiesing aan en maak skakels van hierdie goue ketting van die saligheid los: *Die wat Hy tevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en dié wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik* (Rom. 8:30). |
| 3.<br>*Kyk, net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek* (Pred. 7:29). Spitsvondig het die Remonstrante probeer om die uitverkiesing so te beperk, dat uiteindelik die mens sy redding bewerkstellig. God sou net die voorwaardes soos by 'n kontrak vasgestel het. Dit staan die mens dan vry om daarop in te gaan of nie. Maar so is die dwaasheid van die kruis verydel (1 Kor. 1:17). Binne die verbond is daar wel voorwaardes maar daar is nie so iets as 'n voorwaardelike (kondisionele) verkiesing nie. | | 3.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die welbehae en voorneme van God, waarvan die Skrif by die leer van die uitverkiesing melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere persone bo ander uitverkies het nie, maar daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes (waaronder ook die werke van die wet val) of uit die orde van alle dinge, die daad van die geloof (wat op sigself onverdienstelik is) en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitgekies het; en dat Hy dit genadiglik as 'n volkome gehoorsaamheid wou reken en waardig keur om met die ewige lewe te beloon.<br><br>Met hierdie skadelike dwaling word immers die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos gemaak en die mense deur nuttelose vrae van die waarheid aangaande die genadige regverdigmaking en die eenvoudigheid van die Skrif afgetrek. Ook word die apostel onwaarheid ten laste gelê omdat hy gesê het: *God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens Sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is* (2 Tim. 1:9). |
| 4.<br>Soos valse leraars dit vandag stel dat die heidense godsdienste amper op dieselfde vlak is as die Christendom omdat hulle die mens ook bring tot nederigheid en vroomheid, so het die Remon-strante baie waarde geheg aan die lig van die natuur. Hiermee het hulle die hand gexeik aan die on kettex Pelagi\is (eind vierde, begin vyfde eeu) wat Jesus slegs 'n voorbeeld genoem het en die mens in staat geag het om uit eie kragte Hom na te volg. Dat die mens die lig van die natuur goed sou gebruik, sou 'n voorwaarde wees om uitverkies te word. Hiermee is God afhanklik van die mens gemaak; en ... die werk van Christus, van die Gees, van die Woord, skyn oorbodig te wees. Nie op grond van sy deugde word die mens uitverkies nie, maar op grond van die vrye genade van God. *Ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is, soos geskrywe is: Daar is* | | 4.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>In die uitverkiesing tot die geloof is dit 'n noodsaaklike vereiste dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik, vroom moet wees, klein, nederig, en geskik vir clie ewige lewe, asof die uitverkiesing ook maar enigsins daarvan afhanklik sou wees.<br><br>Dit is immers in die trant van Pelagius en beskuldig baie duidelik die apostel van onwaarheid, as hy skrywe: *Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander; maar God wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered — en saam* |

| | | |
|---|---|---|
| *niemand regverdig, selfs nie een nie* (Rom. 3:9, 10; Ps. 14:1; 53:2). | | *opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van Sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie — dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie* (Ef. 2:3-9). |
| 5.<br>Die god van die Remonstrante is 'n aarselende, onbesliste god. Hy wag af of die mens sal glo. Dan eers kom hy met sy definitiewe, komplete, laaste en beslissende verkiesing. Die een mens is dus waardiger as die ander; geloof en bekering is nie *vrug* van verkiesing nie, maar die orde word omgekeer: verkiesing is *vrug* van geloof en bekering!<br><br>Wat die Remonstrante geleer het, lyk baie op die ewolusie-teorie: 'survival of the fittest', die beste bly oor en hulle word dan deur God geselekteer, uitgekies. Die Skrif spreek nie van so 'n *aarselende* god nie: *Waarlik, soos Ek gedink het, so gebeur dit; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand* (Jes. 14:24; 43:13). Die Skrif wys die Remonstrantse seï/verlossing heeltemal af: *Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp en hulle verlaat op perde..., maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die HERE nie* (Jes. 31:1; vgl. 30:16; Deut. 17:16; Ps. 20:8; 33:17; 147:10, 11; Rom. 9:16). | | 5.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die onvoltooide en onbesliste uitverkiesing van afsonderlike persone tot die saligheid het tot stand gekom op grond van vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en godsvrug, wat almal öf net begin het, öf al 'n tyd lank geduur het. Die voltooide en beslissende uitverkiesing het egter tot stand gekom op grond van volkome volharding in die vooruitgesiene geloof, bekering, heiligheid en godsvrug. Dit is die genadige en evangeliese waardigheid waardeur hy wat uitverkies word, waardiger is as hy wat nie uitverkies word nie. Geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid, vroomheid en volharding is derhalwe nie vrugte of gevolge van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, maar absoluut noodsaaklike voorwaardes en oorsake daarvan, wat in hulle wat uitverkies sal word, vantevore vereis en vooruitgesien is asof hulle dit reeds vertoon het.<br><br>Dit is in stryd met die hele Skrif wat die volgende en soortgelyke uitsprake telkens *in* ons ore en harte laat klink: *Die verkiesing is nie uit die werke nie, maar uit Hom wat roep* (Rom. 9:11). *Almal het gelowig geword wat tot die ewige lewe verordineer was* (Hand. 13:48). *Hy het ons uitverkies in Hom om heilig te wees* (Ef. 1:4). *Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies* (Joh. 15:16). *As dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie* (Rom. 11:6). *Hierin is die liefde: Nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en Sy Seun gestuur het* (1 Joh. 4:10). |
| 6.<br>Die aarselende god van die Remonstrante is ook 'n *veranderlike* god. Die uitverkorenes sou verlore kan gaan. Wie kan deur so 'n god van ja-en-nee getroos word en lewe uit die sekerheid van die geloof?<br><br>Maar die Skrif sê: *Want die Seun van God, Jësus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is... was nie ja en nee nie, maar in* | | 6.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Nie elke uitverkiesing tot saligheid is onveranderlik nie, maar sommige uitverkorenes kan verlore gaan en gaan inderdaad vir ewig verlore, aangesien geen besluit van God dit kan verhinder nie.<br><br>Met hierdie growwe dwaling maak hulle nie alleen God veranderlik |

| | | |
|---|---|---|
| *Hom was dit: Ja. Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom* (Christus) *is dit: Ja; daarom is ook deur Hom die Amenl* (van die gemeente), *tot heerlikheid van God deur ons* (2 Kor. 1:19, 20). Ons ken ook die Naam van die HERE, Jahweh: *Ek is wat Ek is* (Ex. 3:14). | | nie, maar werp hulle ook die troos van die godvrugtiges aangaande die blywende duur van hulle uitverkiesing omver. Ook weerspreek hulle die Skrifte wat leer: *Die uitverkorenes kan nie verlei word nie* (Matt. 24:24); *Christus verloor nie hulle wat deur die Vader aan Hom gegee is nie* (Joh. 6:39); *God het diegene wat Hy uitverkies, geroep en geregverdig het, ook verheerlik* (Rom. 8:30). |
| 7.<br>Die Remonstrante het die sekerheid opgehang aan voorwaardes wat die mens self moes volbring. Daarmee het hulle 'n *onsekere sekerheid* geleer. Dit klink in ons dae baie modern. 'n Eeu wat die anker in homself uitgooi, het daarom ook nie 'n houvas nie. Die uitverkiesing bly dan onbeslis. Maar as 'n mens die Skrif lees deur die bril van die Remonstrante kry jy 'n verkeerde beeld. Die anker van die hoop haak volgens die Skrif nie vas in die onsekere mens nie, maar in die hemelse tempel, waar Christus binnegegaan het (Hebr. 6:19, 20).<br><br>Hy het Sy volk deur Sy bloed *gekoop* (1 Kor. 6:20; 1 Petr. 1:18-20; Openb. 1:5; 5:9; 14:3, 4) en waarborg die *onveranderlikheid van Gods raad* (Hebr. 6:17). | [1]Ef. 6:16<br>[2]Matt. 4:1;<br>1 Kor. 7:5;<br>1 Thess. 3:5;<br>Openb. 2:10 | 7.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Daar is in hierdie lewe geen vrug, geen besef, geen sekerheid van die onveranderlike uitverkiesing tot heerlikheid nie, behalwe dié wat van 'n veranderlike en toevallige voorwaarde afhanklik is.<br><br>Behalwe dat dit immers ongerymd is om te beweer dat daar 'n onsekere sekerheid is, stry dit ook met die ervaring van die heiliges. Kragtens die besef van hulle uitverkiesing verheug hulle hul saam met die apostel en roem hierdie weldaad van God (Ef. 1); volgens die vermaning van Christus *verbly* hulle hul saam met die dissipels *dat hulle name in die hemel opgeskryf is* (Luk. 10:20). Hulle stel ook die besef van hulle uitverkiesing teenoor [1]*die vurige pyle* van die [2]*versoekinge* van die *duiwel* en vra: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?* (Rom. 8:33). |
| 8.<br>Aangesien die Remonstrante ontken het dat die mens in Adam gesondig het en volgens die regverdige oordeel van God die ewige dood verdien, wou hulle nie van 'n verwerping hoor nie. Dit stry ook met 'n god van algemene menseliefde, soos dit ook in stryd is met die 'sosiale evangelie' van vandag, wat alverkiesing en alversoening predik.<br><br>Die verwerping word deur die Skrif geleer: *Hulle sal in My rus nie ingaan nie* (Hebr. 3:11; Ps. 95:11; 1 Kor. 10:5).<br><br>Ons mag nie gevoelsargumente oor die waarheid van die Skrif laat heers nie. | | 8.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>God het besluit om niemand louter kragtens Sy regverdige wil in die val van Adam en die algemene staat van sonde en verdoemenis te laat bly nie, of by die uitdeling van die genade wat tot geloof en bekering nodig is, verby te gaan nie.<br><br>Daar staan immers die uitspraak: *Hy is barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil* (Rom. 9:18). En ook dit: *Dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie* (Matt. 13:11). En eweneens: *Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want so was dit U welbehae* (Matt. 11:25,26). |
| 9.<br>As God die evangelie na 'n volk stuur en onder hulle 'n kerk stig, is dit Sy welbehae. Die Remonstrante het die kerstening van volke egter afhanklik gemaak van hulle goeie eienskappe in onderskeid | | 9.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die oorsaak waarom God die evangelie liewer na die een volk stuur as na 'n ander, is nie enkel en alleen die welbehae van God |

met ander volke. Daar sou 'n *voorbereidende genade* in hulle gewerk het danksy die lig van die natuur (algemene genade).

a. Die Remonstrante het hulle so aan *diskriminasie* skuldig gemaak: die een volk sou hoër staan as die ander. Maar in Amos 9:7 lees ons dat God sê: *Is julle vir My nie soos die kinders van Kus nie, o Israel?*
b. Verder blyk hieruit weer hoe hoog hulle die natuurlike mens waardeer. God word by hulle 'n *afhanklike* God wat teenoor kultuurdraers of beoefenaars van enige godsdiens Sy verpligtinge het.

In Amos 5:21 lees ons egter: *Ek haat julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie.* Wanneer 'Christendom' vandag as 'n blote *aanvulling* van die 'nie-Christelike' godsdienste beskou word, druis dit vierkantig teen die Bybel in. Sien ook Jer. 6:20.

Dit is nie die 'Calvinisme' (wat uit genade wil lewe) wat teen volke of rasse diskrimineer nie, maar juis die Humanisme wat die 'westerse beskawing' ophemel en dit as maatstaf gebruik om daarmee ander volke te beoordeel.

nie, maar moet gesoek word in die feit dat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie.

Moses ontken dit immers, as hy die Israelitiese volk aldus toespreek: *Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is. Maar net aan* jou *vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om julle lief te hê, en Hy het hulle nageslag na hulle vir julle uit al die volke uitverkies* (Deut. 10:14, 15). En Christus het gesê: *Wee jou Gorasin, wee jou Betsdida! Want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het* (Matt. 11:21).

# TWEEDE HOOFSTUK VAN DIE LEER

## *DIE DOOD VAN CHRISTUS EN DIE VERLOSSING VAN DIE MENSE DAARDEUR*

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| 1.<br>God is nie saamgestel *(multiplex)* uit eienskappe wat met mekaar in konflik is nie (vgl. I, 8 en 11). Hy is onveranderlik en *simplex,* eenvoudig. Sy barmhartigheid en Sy straffende geregtigheid is nie met mekaar in teenspraak nie (vgl. Heid. Kat. Sondag 4 en 5; Ned. Gel. Bel. art. 1 en 16). Dit kom duidelik uit by die dood van die Christus. | [1] Matt. 3:7;<br>Amos 9:1-4;<br>Openb. 6:16,17 | 1.<br>God is nie alleen ten volle barmhartig nie, maar ook ten volle regverdig. Daarom eis Sy regverdigheid — soos Hy Homself in Sy Woord geopenbaar het — dat ons sondes wat begaan is teen Sy oneindige majesteit, nie alleen met tydelike nie, maar ook met ewige strawwe, sowel aan siel as aan liggaam gestraf moet word.<br><br>Hierdie strawwe kan ons nie [1]*ontvlug* nie, tensy aan die geregtig-heid van God voldoening gegee word. |
| 2.<br>'n Borg is iemand wat onderneem om verantwoordelik te wees vir 'n ander se verpligting as dié in gebreke mag bly. God het vir ons, skuidenaars, Sy gekruisigde Seun as 'n Borg gegee.<br><br>*God bewys Sy liefde tot ons daarin, dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was* (Rom. 5:8). *Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word* (Gal. 3:13). | [1] Matt. 16:26<br>[2] 1 Thess. 1:10;<br>Matt. 3:7;<br>Joh. 3:36;<br>Rom. 1:18;<br>Ef. 5:6:<br>Openb. 6:16<br>[3] Joh. 3:16;<br>1 Joh. 4:9<br>[4] Hebr. 7:22;<br>Jer. 30:21<br>[5] 2 Kor. 5:15<br>[6] Matt. 20:28<br>[7] 2 Kor. 5:21<br>[8] Gal. 3:13;<br>Kol. 2:14 | 2.<br>Daar ons self nie in staat is om [1]voldoening te gee en ons van [2]*die toorn van God* te bevry nie, het God uit oneindige barmhartigheid [2]*Sy eniggebore Seun* vir ons as [4]*Borg* gegee. Hy het [5]*ten behoewe van ons,* of [6]*in ons plek,* tot [7]*sonde* en [8]*vervloeking aan die kruis* geword om vir ons 'voldoening te gee. |
| 3.<br>Daar is niemand wat bekommerd hoef te wees of die werk van Jesus Christus nie vir hom is nie. Die werk van Jesus Christus was 'n volkome werk. Die één offerande is heeltemal voldoende (Hebr. 9:28; 10:14) vir elkeen wat glo (1 Joh. 2:2).<br><br>Wanneer iemand die evangelie hoor, moet hy nie dink: 'Dit is nie vir my nie, want ek is verwerp en ek is uitgesluit!', nie. Die evangelie roep almal op om te glo. | [1] Hebr. 10:14;<br>9:26<br>[2] 1 Joh. 2:2 | 3.<br>Hierdie dood van die Seun van God is die [1]*enigste* en in alles volmaakte *offer* en genoegdoening vir ons sondes: dit is van oneindige krag en waarde, meer as voldoende om [2]*die sondes van die hele wêreld* te versoen. |
| 4. | | 4. |

| | | |
|---|---|---|
| Juis omdat Christus God en mens was en die uiterste helse plae aan die kruis gely het, mag daar nie getwyfel word aan die krag van Sy verdienste nie. *Deurdat Hyself onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word* (Hebr. 2:18). | [1] Hebr. 7:26<br>[2] Joh. 3:16;<br>1 Joh. 4:9<br>[3] Matt. 27:46;<br>Ps. 22:1<br>[4] Gal. 3:13 | En hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde omdat [1] die persoon wat dit ondergaan het, nie alleen 'n waaragtige en volkome [1]*heilige* mens is nie, maar [2] tewens [2]*die eniggebore Seun van God* is, van een en dieselfde ewige en oneindige wese met die Vader en die Heilige Gees. [1]Hy was soos ons Redder moes wees. [3] Bowendien het Sy dood so 'n groot krag en waarde omdat dit verbonde was met die [3]gevoel van die toorn van God en die [4]*vloek,* wat ons deur ons sondes verdien het. |
| 5.<br>Die Remonstrante van vroeër en tans het altyd die leer van die uitverkiesing as 'n remskoen vir die sending beskou. As die getal van die uitverkorenes vasstaan, waarom jou dan uitsloof vir die evangelieverkondiging?<br><br>Omdat die prediking egter as middel tot genade in die verkiesing opgeneem is, lê daar vir die kerk altyd 'n groot taak vorentoe: die evangelie moet gepredik word (Rom. 15:10; Deut. 32:43). En dit nie as 'n prediking van 'n *algemene versoening* of in die vorm van 'n *vriendelike advies* of *bedelary* nie, maar net die *bevel* van geloof en bekering. *Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word, jy en jou huis* (Hand. 16:31). *Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie* (Hebr. 12:4). | [1]Joh. 3:16<br>[2] 1 Kor. 1:23<br>[3] Matt. 28:19<br>[4] Rom. 3:22<br>[5] Hand. 2:38;<br>16:31 | 5.<br>Verder hou die belofte van die evangelie in [1]*dat elkeen wat* in [2]*die gekruisigde Christus* [1]*glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Hierdie belofte moet aan [3]*alle volke* en mense, tot wie God ooreenkomstig Sy welbehae Sy evangelie stuur, [4]*sonder enige onderskeid of voorkeur* aangekondig en bekendgestel word, saam met die [5]*bevel tot bekering en geloof.* |
| 6.<br>*Baie is geroep, maar min uitverkies* (Matt. 22:14). Hierdie woord mag niemand daartoe dring om die roeping deur die Woord te verag nie. Want daardie roeping is ernstig bedoel. Maar dit is die man-sonder-bruilofskleed se eie skuld as hy nie in die feessaal toegelaat word nie; daarom kan hy geen weerwoord tot sy verontskuldiging inbring nie (Matt. 22:12). | [1] Matt 22:14 | 6.<br>[1]*Baie* wat deur die evangelie *geroep* is, bekeer hulle nie en glo nie in Christus nie, maar gaan in ongeloof verlore. Dit gebeur egter nie as gevolg van 'n tekortkoming of ongenoegsaamheid van die offer van Christus wat aan die kruis gebring is nie, dog deur hul eie skuld. |
| 7.<br>Hulle wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam en inkom, dank dit aan God se soewereine genade. Die kleed van die regverdigmaking word aan die bruidskerk *gegee* (Openb. 19:8, 9). Dit geskied omdat hulle van ewigheid deur die Vader aan die Seun gegee is. | | 7.<br>Almal wat waaragtig glo en deur die dood van Christus van sondes en ondergang bevry en gered word, ontvang egter hierdie weldaad enkel en alleen kragtens die genade van God wat Hy aan niemand verskuldig is nie en aan hulle van ewigheid af in Christus gegee is. |
| 8.<br>Die Remonstrante het 'n *Christus-vir-almal* geleer. Dit sou uiteindelik aan die mens lê om Hom aan te neem of te verwerp. Op grond van die menslike beslissing sou God dan definitief uitverkies. | | 8.<br>Dit was immers die geheel vrye en seer genadige wil en bedoeling van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die buitengewoon waardevolle dood van Sy Seun aan al die uitverkorenes ten goede sou kom, om hulle alleen met die |

| Dordrecht handhaaf daarenteen:<br>1. dat daar maar één uitverkiesing is;<br>2. dat hierdie uitverkiesing eerste is;<br>3. dat op grond hiervan die bloed van die kruis alleen aan die uitverkorenes ten goede kom;<br>4. dat die uitverkorenes uitverkies is tot geloof, regverdigmaking, bekering en verheerliking.<br><br>Die uitverkiesing van God is nie 'n koue en skrikwekkende besluit nie, maar 'n lewende en reddende krag in die geskiedenis van volke, kerke en persone.<br><br>Christus het Sy bloed nie vergiet, opdat die swakke mens 'n kans sou kry om met eie kragte teen die wal op te klouter nie. Christus het Sy kerk *gekoop* deur Sy bloed om 'n koninkryk van priesters te wees (Openb. 5:9, 10; 1:5, 6; 1 Petr. 1:18—21; 2:5, 9; Ex. 19:6). | [1] Kol. 1:20<br>[2] Jer. 31:31; Luk. 22:20; 1 Kor. 11:25; Hebr. 8:8 e.v.<br>[3] Hebr. 9:17<br>[4] Openb. 5:9; 7:9<br>[5] Openb. 5:9; 14:3, 4<br>[6] 1 Joh. 1:7<br>[7] Joh. 17:12, 15<br>[8] Ef. 5:27 | regverdigmakende geloof te begiftig en in dié weg onfeilbaar tot die saligheid te lei.<br><br>Dit hou die volgende in: Dit was die wil van God dat Christus deur [1]*die bloed van die kruis* — waardeur Hy [2]*die nuwe verbond* [3]*regskrag* gegee het — [4]mense *uit allerlei volke, stamme, families en tale* kragdadig sou [5]*vrykoop;* maar dit geld alleen vir almal, wat van ewigheid tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus hulle sou begiftig met geloof (wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur Sy dood vir hulle verwerf het), hulle van al hul sondes, die aangeborene sowel as die daadwerklike, na of voor die geloof begaan, deur [6]*Sy bloed* sou *reinig,* tot die einde toe getrou sou [7]*bewaar* en ten slotte [8]*sonder enige vlek of rimpel* en beklee met *heerlikheid voor Hom sou stel.* |
|---|---|---|
| 9.<br>*'n Vaste burg is onse God*<br>*Sy volk se veil'ge hoede;*<br>*Sy albestuur waak oor ons lot.*<br>*Hy stuit die vyands-woede,*<br>*Al ruk die satan aan.*<br>(Luther se vrye bewerking van Psalm 46).<br><br>Die Remonstrante lê dit ten slotte in die hande van die kerkmense of daar 'n kerk sal bly; ja, hulle het dit moontlik geag dat op 'n gegewe oomblik daar glad nie meer 'n kerk sou wees nie omdat alle mense met hulle vrye wil die Woord verwerp het. Ons mag egter bely dat daar 'n kerk sal bly omdat die kerk gefundeer is op die ewigheidsgraniet van Gods uitverkiesing. Al brand daar vervolging los of vervals dwaalleer die kerke, dan bly daar nogtans soos in die dae van Agab getroues oor (1 Kon. 19:18 en art. 27 Ned. Gel. Bel.). Hou Christus Self Sy kerk in stand — vergeefs die hel se woede' Al is die kerk vandag *onoorsigtelik* en is dit vandag nie moontlik om daadwerklik gemeenskap met *al* die heiliges uit te oefen nie, tog maak die bloed van Christus die kerk tot 'n gemeenskap van heiliges. Alle gelowiges is onder Hom as Hoof georden en eendag sal dit sigbaar word: die groot skare rondom die Lam op die berg Sion. Die Dordtse Leerreëls is waarlik nie individualisties-smal nie; | [1] Matt. 16:18; Ps. 9:14<br>[2] Matt. 24:31; Joh. 11:52; Ef. 1:10; 1 Thess. 4:17<br>[3] Ef. 5:25 | 9.<br>Hierdie raad wat voortgekom het uit die ewige liefde van God vir die uitverkorenes, is van die begin van die wêreld af tot vandag toe kragtig uitgevoer en sal ook hierna uitgevoer word, hoewel [1]*die poorte van die doderyk* hulle tevergeefs daarteen verset. Dit het tot gevolg dat [2]*die uitverkorenes* as die tyd vir hulle daar is, [2]*tot een vergader* sal word en dat daar altyd 'n kerk van gelowiges sal wees, gegrondves op die bloed van Christus. Sy moet Hom, haar Verlosser, wat [3]*Hom vir haar* — soos 'n bruidegom vir sy bruid — aan die kruis *oorgegee het,* standvastig bemin, met volharding dien, en Hom nou en tot in alle ewigheid lof toebring. |

| | | |
|---|---|---|
| buite die *kerk* is daar nie sekerheid insake die verkiesing nie.<br><br>U tog, U is hul roem, hul sieraad en hul prag<br>wat hul beklee met sterkte en onverwin'bre mag.<br>*Uit vrye guns alleen, uit eew'ge mededoë*<br>hef ons die hoof omhoog, *weer sterk deur Gods vermoë.*<br>(Psalm 89:7 berym). | | |

## *VERWERPING VAN DIE DWALINGE*

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| 1.<br>Daar kan onderskeid gemaak word tussen die *verwerwing* en die *toepassing* van die verlossing deur die Christus. Die Remonstrante het egter hierdie twee nie net onderskei nie, maar ook geskei. Hulle het 'n *algemene versoening* geleer. Deur Christus se offer het God 'n Vader van alle mense geword. Of die versoening nog aan iemand ten goede kom, hang van die mens self af. Hiermee het hulle nie net *selfverlossing* gepredik nie, maar ook die Christus as Uitdeler van Sy heil en Instandhouder van Sy kerk onttroon. Dit sou immers kon gebeur dat daar nie meer 'n kerk sou wees nie (vgl. II, 9).<br><br>Ons bely egter: *Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die* (krygs-) *gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee* (Ef. 4:8; Ps. 68:19). *In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van misdade na die rykdom van Sy genade* (Ef. 1:*1). In Hom het ons 'n erfdeel ontvang nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van Sy wil* (Ef. 1:11).<br><br>Die Remonstrante wou sowel die Lossersamp van Christus as die belydenis van die algemene kerk van Christus omverwerp. | | Noudat die regsinnige leer uiteengesit is, verwerp die sinode:<br>1.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>God die Vader het Sy Seun tot die kruisdood bestem sonder 'n vaste omskrewe plan om 'n spesiale persoon te red; en dit op so 'n wyse dat die noodsaaklikheid, nuttigheid en waardigheid van wat Christus deur Sy dood verwerf het wel ongeskonde, in alle dele volmaak, volkome en as een geheel sou kon bestaan, ook al sou geen enkele mens metterdaad ooit gedeel het in die verlossing wat Hy verwerf het nie.<br><br>Hierdie bewering tas immers die wysheid van God, die Vader en die verdienste van Jesus Christus aan en is in stryd met die Heilige Skrif. Want aldus spreek ons Heiland: *Ek lê My lewe af vir die skape, en Ek ken hulle* (Joh. 10:15, 27). En die profeet Jesaja sê oor die Heiland: *As Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng en die welbehae van die HERE sal deur Sy hand voorspoedig wees* (Jes. 53:10). Ten slotte werp dit die artikel van die belydenis omver waarin ons ons geloof aan die (algemene Christelike) kerk uitspreek. |
| 2.<br>Jesus is Middelaar en Borg van die genadeverbond. Hy hou dit in stand en het self deur Sy dood ons verbondsgehoorsaamheid verdien.<br><br>Onder die Remonstrante was egter die strewe om Christus as Borg uit te skakel en Hom net te laat bydra tot die totstandkoming van 'n verbond wat dit uiteindelik aan die mens oorlaat om op die bepalings daarvan in te gaan of nie. Christus sou dan net 'beter arbeidsvoorwaardes' en 'n beter 'kontrak' vir ons verwerf het. | [1] Hebr. 9:15<br>[2] Jer. 31:31; Luk. 22:30; 1 Kor. 11:25; Hebr. 8:8 e.v. | 2.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Dit was nie die doel van die dood van Christus dat Hy die nuwe verbond van die genade deur Sy bloed metterdaad sou bevestig nie, maar alleen dat Hy vir die Vader slegs die blote reg sou verwerf om opnuut met die mense een of ander verbond, hetsy van die genade, hetsy van die werke te kan aangaan.<br><br>Dit is immers in stryd met die Skrif wat leer dat Christus *Borg* en [1]*Middelaar geword* het *van 'n beter,* dit wil sê, van die [2]*nuwe verbond* (Hebr. 7:22) en dat *'n testament* eers *by 'n sterfgeval regskrag* het (Hebr. 9:15, 17). |

| | | |
|---|---|---|
| 3.<br>Die leer van die Remonstrante is 'n doodsleer. Dit verhef die vrye wil van die mens so hoog, dat Christus eintlik oorbodig geword het. Hy sou net deur Sy werk die *moontlikheid* verwerf het, dat die Vader Hom weer met die mense sou bemoei en makliker voorwaardes van 'n nuwe verbond opstel. Aan die mens sou dit dan verder lê of hy die nuwe 'kontrak' sou aanvaar of nie.<br><br>Hierdie leer is 'n doodsleer omdat só die regverdige nie uit sy geloof in die *genade* kan *lewe* nie (Rom. 1:17; Gal. 3:11; Hebr. 10:38; Hab. 2:4).<br><br>Verder ontken hierdie leer dat die ou verbond reeds 'n genadeverbond was en dat onder die nuwe verbond die *wese* (die substansie) van die verbond gelyk gebly het. | | 3.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Dit is nie seker of Christus deur Sy voldoening vir iemand die saligheid en die geloof, waardeur hierdie voldoening van Christus tot saligheid kragdadig toegeëien word, verwerf het nie. Hy het daarenteen slegs vir die Vader die bevoegdheid of die onbeperkte wil verwerf om opnuut met die mense te handel en om watter nuwe voorwaardes Hy ook maar sou wil, voor te skrywe; die volbrenging hiervan sou afhang van die vrye wil van die mens. Dit kan daarom gebeur dat òf niemand òf alle mense dit sou vervul.<br><br>Hierdie mense dink naamlik buitengewoon veragtelik oor die dood van Christus, erken glad nie die vernaamste vrug of weldaad wat daardeur verkry is nie en roep weer die Pelagiaanse dwaling uit die doderyk te voorskyn. |
| 4.<br>In die Heid. Kat, Sondag 23 antw. 61 word duidelik gestel dat ons nie vanweë die *waardigheid* van ons geloof aan God welgevallig is nie. Ons word slegs *deur* (nie *uit* nie) die geloof geregverdig (Rom. 3:28). Die Remonstrante het egter weer tot die farisese en Roomse *werkheiligheid* verval en geleer dat die mens op grond van sy geloofsgehoorsaamheid die ewige lewe waardig geag word.<br><br>Die Italianer Socinus (1539—1604) het in Pole geleer dat Christus net 'n mens is; die dood van Christus was slegs 'n deel van Sy profetiese werk omdat Hy 'n Voorbeeld van vroomheid was en eers na Sy hemelvaart het Hy 'n hoëpriester geword; dit was nie nodig dat God vir die sondes betaal sou word nie. God aanvaar die geloof as gehoorsaamheid wat *reg* gee op die ewige lewe. Deur by hierdie laaste stelling aan te sluit, het die Remonstrante (ondanks alle verskille wat daar mag wees) die Sociniaanse vrysinnigheid voortgesit. | | 4.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die nuwe genadeverbond wat God, die Vader, deur bemiddeling van die dood van Christus met die mense gesluit het, bestaan nie daarin dat ons deur die geloof (vir sover dit die verdienste van Christus aanneem) voor God geregverdig en gered word nie; maar daarin dat God na afskaffing van die eis van volmaakte gehoorsaamheid aan die wet, die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die wet beskou en genadiglik waardig keur vir die beloning met die ewige lewe.<br><br>Hierdie mense weerspreek immers die Woord van die Skrif: *Hulle word deur Sy genade verniet geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is, wat God voorgestel het as 'n versoening deur die geloof, in Sy bloed* (Rom. 3:24, 25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde regverdigmaking van die mens voor God in, in stryd met die eendragtige ooreenstemming van die ganse kerk. |
| 5.<br>Dit tref ons telkens hoe 'modern' die Remonstrante was. Die leuse: alle mense is kinders van een Vader ('Fatherhood of God' — 'brotherhood of all men') is nie nuut nie. Ook die Remonstrante het 'n alversoening geleer en daarom nie geglo in 'n boek van die lewe van die Lam (Openb. 17:8; 3:5; Luk. 10:20) waarin 'n | | 5.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Alle mense is toegelaat tot die staat van versoening en tot die genade van die verbond; in dier voege dat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis onderworpe is of ooit veroordeel sal word nie; almal is van die skuld van hierdie sonde ontslae. |

| | | |
|---|---|---|
| vasgestelde aantal name van uitverkorenes staan nie. *Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Jesus Christus* (Gal. 3:26). | | Hierdie mening druis immers in teen die Skrif wat met nadruk verklaar: *ons is van nature kinders van die toorn* (Ef. 2:3). |
| 6.<br>Geen uitverkiesing, geen erfsonde, geen toepassing van die heil deur Christus nie, maar 'n Christus wat net die heil verwerf het en dit aan die vrye wil oorlaat om dit te aanvaar of nie! So stel die Remonstrante dit in navolging van Pelagius.<br><br>Hierdeur word die mens geroem en Gods eer versaak. *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in die ewigheid. Amen* (Rom. 11:36). *Waar is dan die roem* (in die mens)? *Dit is uitgesluit* (Rom. 3:27). | | 6.<br>Die dwaling van diegene wat die onderskeid tussen *verwerwing* en *toeëiening* misbruik om die onversigtiges en onervarenes hierdie denkbeeld in te prent:<br>God wou, vir sover dit Hom betref, aan alle mense in gelyke mate die weldade meedeel, wat deur die dood van Christus verkry word. Dat sommige in teenstelling tot ander aan die vergifnis van die sondes en die ewige lewe deel kry, hang egter af van hul vrye wil. Dit eien hom die genade wat sonder onderskeid aangebied word, toe. Hierdie verskil hang nie af van die besondere gawe van die barmhartigheid wat kragdadiglik in hulle sou bewerk dat hulle, in onderskeiding van ander, daardie genade sou kan toeëien nie.<br><br>Terwyl daardie mense voorgee dat hulle hierdie onderskeiding in 'n goeie sin hanteer, probeer hulle naamlik om die volk met die verderflike Pelagiaanse leer te vergiftig. |
| 7.<br>Die Remonstrante kan as voorbeeld dien van 'n *aanpassings-godsdiens* wat alles wat aanstoot gee aan die gees van die tyd verwyder om so die Christendom logies aanvaarbaar te maak. Ontmitologisering noem ons dit vandag. Die verlossing deur die bloed van Christus is aanstootlik vir die Remonstrantse en moderne teologie. Die kruis van Christus bly vir die verstand maar 'n dwaasheid (1 Kor. 1:18—2:2). Dog: *Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld* (Gal. 6:14). Op 'Gólgota' mag ons geen 'ontmitologisering' toepas nie, en 'n 'konsentraat' van die belydenis waarin die versoening deur Christus se bloed ontbreek, *is* geen belydenis nie. | | 7.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Christus kon en moes nie sterwe nie en het ook nie gesterf ten bate van hulle vir wie God ten volle liefgehad en tot die ewige lewe uitverkies het nie; vir sodaniges was die dood van Christus immers nie nodig nie.<br><br>Hulle weerspreek immers die apostel wat sê: *Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee* (Gal. 2:20). Net so sê hy: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het,* nl. vir hulle (Rom. 8:33, 34). Hulle weerspreek die Heiland wat verklaar: *Ek lê My lewe af vir die skape* (Joh. 10:15); en: *Dit is My gebod dat julle mekaar moet liefhê, net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee* (Joh. 15:12, 13). |

# DERDE EN VIERDE HOOFSTUK VAN DIE LEER

## *DIE VERDORWENHEID VAN DIE MENS, SY BEKERING TOT GOD EN DIE MANIER WAAROP DIT PLAASVIND*

| **Toeligting** | **Teks van die Dordtse Leerreëls** | |
|---|---|---|
| 1.<br>Die Remonstrante het saamgewerk om die grondslag te lê vir die humanistiese en optimistiese verwagtings van hierdie eeu wat altyddeur baie spog met die natuurlike vermoëns van die mens. Hulle het geleer dat deur die sondeval die *wil* nie aangetas is nie, slegs die *verstand.* Die wil was neutraal.<br><br>Baie aktueel vir vandag stel Dordrecht:<br><br>a. Die mens is nie produk van ewolusie of ontwikkeling uit eie kragte nie. Hy is geskape *na die beeld van God.*<br>b. Deur die sonde het daar 'n *dewolusie,* 'n diep val plaasgevind en die mens het homself *beroof* van sy skitterende gawes; sy verstand, maar ook sy *wil* is aangetas. | [1] Gen. 1:1, 26, 27<br>[2] Kol. 3:10<br>[3] Ef. 4:24<br>[4] Gen. 3:1 e.v. | 1.<br>Die mens is [1]*van die begin af* [1,2]*na die beeld van God geskape,* toegerus in sy verstand met ware en heilsame [2]*kennis* van sy Skepper en ander Geestelike sake; in sy wil en hart met [3]*geregtigheid* en in al sy gevoelens met suiwerheid. Daarom was hy heeltemal *heilig.* Maar deur [4]die ingewing van die duiwel en deur sy eie vrye wil het hy van God afgewyk. Daardeur het hy homself van hierdie voortreflike gawes beroof en daarenteen in die plek daarvan op die hals gehaal: blindheid, verskriklike duisternis, verwaandheid en verkeerdheid van oordeel in sy verstand; kwaadwilligheid, opstandigheid en hardnekkigheid in sy wil en hart; en ten slotte onsuiwerheid in al sy gevoelens. |
| 2.<br>Die ontvangenis en geboorte is op homself nie sondig nie. Wel word elke mens kragtens die beskikking van God in sonde ontvang en gebore. *Deur die ongehoorsaamheid van die een mens* (Adam) *is baie tot sondaars gestel* (Rom. 5:19). *Daar is niemand regverdig, selfs nie een nie* (Rom. 3:10; Ps. 14:3; 53:4).<br><br>Pelagius het in die begin van die vyfde eeu gestel dat 'n kind net soos 'n skoon blaadjie papier, sonder erfsonde, op die wêreld kom en later sondig omdat hy sien dat ander dit ook doen. | [1] Job 14:4;<br>Gen. 8:21;<br>Ps. 51:7;<br>Rom. 3:9 e.v.<br>5:12 e.v.<br>[2] 2 Kor. 5:21;<br>Hebr. 4:15; 7:26 | 2.<br>Net soos die mens na die val gewees het, sodanig was ook die kinders wat hy voortgebring het: nl. [1]hy as verdorwe vader het verdorwe kinders voortgebring; sodat die verdorwenheid, volgens die regverdige oordeel van God, van Adam op al sy nakomelinge, [2]met uitsondering van Christus, oorgegaan het. En dit nie deur nabootsing soos eertyds die Pelagiane dit verdedig het nie, maar deur voortplanting van die verdorwe natuur. |
| 3.<br>Ons is *geneig* tot alle kwaad (Sondag 3 Heid. Kat.). Ons doen die kwaad nie altyd nie. Soms doen die mens selfs wel goeie dinge, maar dit is nooit *saligmakende* goeie dinge nie. Daar is nie hoop tensy die Gees van God ons wederbaar nie (Sondag 3). | [1] Ps. 51:7<br>[2] Ef. 2:3<br>[3] Ef. 2:1<br>[4] Joh. 8:34;<br>Rom. 6:17<br>[5] Joh. 3:3, 5, 8;<br>1 Petr. 1:23 | 3.<br>Daarom word alle mense *in sonde ontvang en* as [2]*kinders van die toorn* [1]*gebore,* onbekwaam tot enige heilsame goed, geneig tot kwaad en [3]*dood in sondes* en [4]*slawe van die sonde.* Hulle kan en wil ook nie tot God terugkeer, hulle verdorwe natuur verbeter of hulle aangord om dit te verbeter nie, as die genade van die [5]*wederbarende* Heilige *Gees* dit nie bewerk nie. |
| 4.<br>Die Humaniste en Remonstrante het die vonkies van die 'natuurlike lig' aangeblaas tot 'n groot vuur, wat Christus as die Lig ewenaar, en dit is 'algemene genade' genoem. Vandag word | | 4.<br>Na die val het daar in die mens nog wel 'n bietjie lig van die natuur oorgebly. Deur hierdie gawe het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen wat betaam en |

| | | |
|---|---|---|
| ook beweer dat dit eintlik Christus as Lig is wat ons teëstraal in die 'waarheidsmomente' van die heidense godsdienste en in 'goeie werke' van kommuniste, ens. Daar word gespreek van 'n 'onsigbare kerk' onder die heidendom.<br><br>Dordrecht het egter uitgespreek dat die 'lig van die natuur' nooit of te nimmer 'n brug na die reddende kennis van God kan wees nie. Die mense *onderdruk* en *verdraai* die *waarheid* van openbaring van God (Rom. 1:18, 23). Net spore en ruïnes het oorgebly. | [1] Rom. 1:18<br>[2] Rom. 1:20; 2:14 | wat nie betaam nie behou, en openbaar hy 'n sekere strewe na deug en uiterlike tug. Maar dit is absoluut onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die heilsame kennis van God te geraak en hom tot God te bekeer. Dit het ten gevolge dat hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie, ja eerder dit — hoe dit ook al mag wees — op verskillende maniere besoedel en [1]*in ongeregtigheid onderdruk.* Solank as hy dit doen, word hom die moontlikheid ontneem om hom voor God 4 [2]*te verontskuldig.* |
| 5.<br>Vandag word in die ekumeniese beweging aangedring op 'n gesprek met Israel omdat Israel eintlik nog tot die kerk sou behoort. Maar Paulus het reeds in sy dae daarop gewys dat die thora, die wet, die gevalle, vleeslike mens nie kan genees nie. As daar nie die evangeliese genade in Christus is nie, werk die wet eerder die dood (Rom. 7:10, 13). *Die bediening van die letter maak dood* (2 Kor. 3:6, 7). Die Humaniste en Remonstrante kan 'n groot vertroue stel in sedelik hoogstaande mense, maar hulle moet goed weet dat goeie werke nie die poort tot die reddende genade oopsluit nie! | [1] Ex. 34:28; Deut. 4:13; 10:4<br>[2] Rom. 3:20<br>[3] Rom. 8:3 | 5.<br>Net soos met die lig van die natuur staan dit met die [1]*Tien Woorde* wat God deur Moses in die besonder aan die Jode toevertrou het. Want [2]*die wet* lê die grootheid van *die sonde* wel bloot en oortuig die mens meer en meer van sy skuld, maar wys geen geneesmiddel aan, of bring kragte by, om sig aan die ellende te ontworstel nie. Daarom laat die wet wat [3]*deur die vlees kragteloos gemaak is,* die oortreder onder die vloek bly en die mens kan daardeur nie die heilsame genade verkry nie. |
| 6.<br>Dis net die evangelie, die goeie tyding insake die enigste Messias, die bediening van die versoening, wat lewend maak.<br><br>Orals in die N.T. staan nadruklik: die evangelie van *die* (bepaalde) Gesalfde, *die* Messias, *die* Christus (bv. 2 Kor. 2:12; 4:4; 9:13; 10:14; Gal. 1:7). Daar is net een weg (Joh. 14:6; Hand. 4:12).<br><br>Die ou verbond was nie 'n laere trap van godsdiens in vergelyking met die nuwe verbond nie. Die Ou-Testamentiese gelowiges is ook deur die Messias wat sou kom, verlos. Die verbond is één in wese (substansie). Die Remonstrante het hierdie eenheid aangetas, soos dit op allerlei maniere in die kerkgeskiedenis geskied het (Marcion, gnostiek, Coccejus, ens.). | [1] 2 Kor. 5:18<br>[2] 1 Kor. 9:12; 2 Kor. 2:12; 10:14<br>[3] 1 Kor. 1:21 | 6.<br>Wat egter nòg die lig van die natuur, nòg die wet kan doen, dit verrig God deur die krag van die Heilige Gees deur middel van die prediking oftewel *'die bediening van die versoening.* Dit is [2]*die evangelie omtrent die Messias,* waardeur [3]*dit God behaag het om gelowiges* in die Ou sowel as in die Nuwe Testament *te red.* |
| 7.<br>Die Remonstrante het eintlik *diskriminasie* toegepas deur die een volk met meer gawes bo die ander te verhef. As 'n mens, 'n volk, tot redding kom, sou dit in die mens, die volksaard gesoek moet word. | [1] Ef. 1:9<br>[2] Ef. 2:14; Kol. 3:11 | 7.<br>Hierdie [1]*verborgenheid van Sy wil* het God onder die Ou Testament aan betreklik min mense bekend gemaak, maar onder die Nuwe Testament openbaar Hy dit aan meer mense, daar die [2]*onderskeid* tussen die volke tans *weggeneem* is. Die oorsaak van die |

| | | |
|---|---|---|
| Die gereformeerdes erken egter dat daar nie diskriminasie ten aansien van mense toegepas mag word nie. As daar geloof kom, is dit aan *Gods welbehae* te danke. By God is geen voortrekkery *op grond van verdienste,* in die spel nie; almal is verwerplik (Rom. 2:11; 3:22).<br>Israel kon homself nie op sy uittog, sy exodus verhef nie. '*Het Ek Israel nie laat optrek uit Egipteland en die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir nie?'* (Amos 9:7). Ook ander volke het 'n Groot Trek geken. | [3] Matt. 11:26;<br>Luk. 2:14;<br>Ef. 1:9<br>[4] Rom. 3:27<br>[5] Rom. 11:33;<br>Openb. 16:7; 19:2 | verskillende manier van toebedeling moet nie gesoek word in die waardigheid van die een volk bo die ander of in die beter gebruik van die lig van die natuur nie, maar in die geheel vrye [3]*welbehae* en die genadige liefde van God. Hulle, aan wie so 'n groot genade te beurt val, terwyl daar [4]geen verdienste, ja eerder die teendeel daarvan, aanwesig is, moet dit daarom met 'n nederige en dankbare hart erken. Dog ten opsigte van die ander wat hierdie genade nie te beurt val nie, moet hulle met die apostel die strengheid en [5]*regverdigheid* van *die oordele van God* aanbid, en dit seker nie op 'n nuuskierige manier navors nie. |
| 8.<br>Die Remonstrante was van mening, dat as gestel word dat baie geroep word, wat tog nie uitverkies is nie, God dan as 'n Huigelaar voorgestel word wat maar met die mense speel.<br><br>Die sinode het daarenteë gehandhaaf dat God wat verkies, nogtans *serieus,* ernstig roep. Die mens van sy kant mag nie begin om aan die beloftes van God te twyfel nie. *Kom!* roep Christus (Matt. 11:28; Openb. 22:17). Juis omdat die roeping nie verlaag mag word tot 'n vriendelike, vryblywende advies nie, waarsku dit so ernstig teen ongehoorsaamheid. | [1] Rom. 8:30; 9:24;<br>1 Kor. 1:9, 24;<br>1 Thess. 2:12;<br>2 Thess. 2:14<br>[2] Openb. 22:17;<br>Jes. 55:1;<br>Joh.6:37<br>[3] Matt. 11:28, 29<br>Jer. 6:16<br>[4] Joh. 3:15, 16;<br>1 Tim. 1:16;<br>Titus 1:2 | 8.<br>Almal egter wat [1]*deur die evangelie geroep* word, word in alle erns *geroep.* Want God laat in alle erns en waaragtigheid in Sy Woord sien, wat Hom welgevallig is: die geroepenes [2,3]*moet na Hom toe kom.* In alle erns beloof Hy ook almal wat *na Hom toe kom* en glo, die *rus vir die siele* en [4]*die ewige lewe.* |
| 9.<br>God het na die sondeval die mens sy *ver-ant-woordelikheid* laat behou. Daarom moet hy as hy ernstig geroep word, op die Woord *antwoord* gee! Weier hy uiteindelik om te ge-hoor-saam, dan dra hy self die skuld daarvan (Matt. 11:20-26; 23:37, 38; Amos 4:6-13; Es. 18). Niemand wat sy roeping veronagsaam het, het die reg om te sê: 'God is maar 'n Huigelaar, want Hy het my immers geroep!'<br><br>*Wie ore het om te hoor, laat hom hoor* (Matt. 13:43). *Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê* (Openb. 2:7). | [1] Matt. 22:3-14;<br>Spr. 9:1 e.v.<br><br>[2] Matt. 13:7, 20, 22;<br>Mark. 13:14 e.v.;<br>Luk. 8:11 e.v. | 9.<br>*Baie* word wel deur die bediening van die evangelie [1]*geroep* dog *kom nie* en bekeer hulle nie. Die skuld hiervan lê nie by die evangelie of in Christus wat deur die evangelie aangebied is nie, of in God wat mense deur die evangelie *roep* en aan hulle tewens verskillende gawes meedeel nie, maar in *die geroepenes* self. Sommige van hulle neem in hul sorgeloosheid die Woord van die lewe nie aan nie. Ander neem dit wel aan, maar laat dit nie toe in hul hart nie; daarom onttrek hulle hul weer na 'n kortstondige [2]*blydskap* van die tydelike geloof. Ander *verstik die saad* van *die Woord* deur *die dorings* van *die sorge* en die genietinge *van hierdie eeu en bring geen vrugte voort nie.* Ons Heiland leer dit in die gelykenis van die saad (Matt. 13). |
| 10.<br>Hulle wat na die roepstem luister, dank die Here vir Sy *vrye genade. Laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet* (Openb. 22:17). Maar daarom ook: *So hang dit dan nie af van die een wat wil,* o*f van die een* | | 10.<br>Dat ander wat deur die bediening van die evangelie geroep is, kom en bekeer word, moet egter nie aan die *mens* toegeskryf word nie — asof hy homself deur sy vrye wil kan onderskei van ander wat met net so 'n grote genade tot geloof en bekering toegerus is. So |

| | | |
|---|---|---|
| *wat loop nie, maar van God wat barmhartig is* (Rom. 9:16). | [1] Kol. 1:13; Gal. 1:4<br>[2] 1 Petr. 2:9<br>[3] 1 Kor. 1:31; Jer. 9:24 | stel die hoogmoedige kettery van Pelagius dit. Nee, dit moet aan *God* toegeskrywe word, wat Sy eie mense soos Hy hulle van ewigheid in Christus uitverkies het, so ook gedurende hierdie bedeling kragdadig roep, aan hulle geloof en bekering skenk en hulle, nadat hulle aan [1]*die mag van die duisternis* ontruk is, *oorbring in die ryk van Sy Seun,* sodat hulle [2]*die deugde sou verkondig van Hom, wat hulle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig* en nie in hulle self nie, maar [3]*in die Here* sou *roem.* So betuig die apostoliese Skrif dit orals. |
| 11.<br>Die Remonstrante het die prediking tot 'n slap gebaar gemaak, 'n vryblywende, goeie raad, 'n aanbieding op 'n skinkbordjie. Die mens kan dan maar beslis wat hy sal doen.<br><br>*Die bediening van die Gees* (2 Kor. 3:8) of *die bediening van die versoening* (2 Kor. 5:18) is egter baie kragtiger. Dit is nie net 'n uiterlike iets of 'n verstandsverligting nie, dog dit kom met gesag, dit skep die lewe, gryp die mens in sy sentrum aan en verander, bekeer hom. Christus sê tot die hart: Effata, gaan oop! Die Woord en die Gees gryp die sentrum van die mens, die hart, aan en draai dit om in die goeie rigting. *Het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?* (Gal. 3:2). *Julle is wedergebore.. . deur die lewende Woord van God* (1 Petr. 1:23). | [1]*1* Kor. 2:14, 15<br><br>[2] Hand. 16:14<br>[3] Jer. 4:4; Deut. 10:16; 30:6<br><br>[4] Matt. 7:18 | 11.<br>Vervolgens: wanneer God hierdie welbehae van Hom in die uitverkorenes tot uitvoering bring, en so die ware bekering in hulle werk, dra Hy sorg, dat die evangelie van buite af aan hulle gepredik word en verlig Hy hul gees kragtiglik deur die Heilige Gees sodat hulle reg kan verstaan en met onderskeid oordeel [1]*watter dinge aan die Gees van God behoort;* maar tewens dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens deur die kragtige werking van die wederbarende Gees, [2]*open die* geslote *hart,* maak wat hard is sag, [3]*besny wat die voorhuid het,* stort in die wil nuwe eienskappe en maak dit van dood lewend, van verkeerd goed, van onwillig gewillig, van halsstarrig onderdanig, en Hy lei en versterk die wil sodat dit soos [4]*'n goeie boom vrugte* van goeie werke kan *voortbring.* |
| 12.<br>Die belydenis noem die bekering ook *wedergeboorte.* Deur Sy Woord en Gees maak God die uitverkorenes *in die weg van die middele* tot *'n nuwe skepping* (2 Kor. 5:17), 'n *lewendgemaakte* volk (Ef. 2:1, 5).<br><br>Die Remonstrante het die prediking verlaag tot iets uiterliks, 'n magtelose advies. Die afgevaardigdes van Emden het tereg op die sinode van Dordrecht gestel, dat 'n mens deur so 'n 'morele roeping en aanrading' in die wil van die natuurlike mens niks meer tot stand bring nie, 'dan of hy riede een moorman zijne swarte huyt wyt te schudden: een pardeel zijn vlecken af te leggen'.<br><br>Ons belydenis gee egter aan die prediking die eer wat hom toekom, deur te stel: agter die ware prediking lê die geweld van die herskeppende Gees, wat die harte omset en die dodes | [1] Joh. 3:3; 2 Kor. 5:17; Ef. 5:14; Rom. 4:17; Ef. 2:5<br><br>[2] 2 Kor. 5:17; 4:6<br>[3] Ef. 2:1, 5; Rom. 4:17; Joh. 5:25 | 12.<br>En dit is die bekende [1]*wedergeboorte, nuwe skepping, opwekking uii die dode* en *lewendmaking,* wat so baie keer in die Skrifte gepredik word. God bring dit sonder ons in ons tot stand. Dit ontstaan geensins enkel en alleen deur die leer wat van buite af in ons ore klink nie; ook nie deur sedelike vermaning of so 'n werkwyse, dat na die arbeid van die kant van God dit dan in die mag van die mens sou lê om wedergebore of nie wedergebore, bekeer of nie bekeer te word nie.<br><br>Dit is egter 'n volkome bowe die natuur uitgaande, baie kragtige en tegelyk aangename, wonderlike, verborge en onuitspreeklike werking. Volgens die Skrif wat deur die Outeur van hierdie werking ingegee is, is hierdie werking nie kleiner of swakker as [2]*die skepping* en [3]*die opwekking van die dode* nie. Dit is daarom só dat almal, in wie se harte God op hierdie bewonderenswaardige manier werk, sekerlik, onfeilbaar en kragdadig wedergebore word |

| | | |
|---|---|---|
| lewend maak. Ons *steun* die Remonstrante as ons sê dat die wedergeboorte eintlik buite die prediking omgaan, en sonder genademiddele in ons ingestort word. Dit is eerder so dat ons, soos die Dordtse Leerreëls later sal uitwerk, die prediking moet sien as *'n saad van die wedergeboorte.* Die afgevaardigdes van Friesland het in hul rapport op die sinode insake die 'inwendige genade van die Heilige Gees' gesê: 'wy begrypen oock daer onder de predickinge des woorts'.<br><br>Die bekering of wedergeboorte is ook nie 'n aangeplakte iets *by* die mens nie, maar deur die genade word *hyself* vernuwe; hy *wil* nou die goeie doen en *loop* die regte pad.<br><br>In die Handelinge van die Dordtse sinode word 'wedergeboorte' en 'bekering' afwisselend gebruik; dieselfde saak word daardeur aangedui. Daar is in die *Acta* ook sprake van 'voortgaande wedergeboorte'. | | en metterdaad glo. Daarna word die wil wat reeds vernuwe is, nie alleen deur God gehanteer en beweeg nie, maar nou dat dit deur God gehanteer word, handel dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens deur daardie genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer. |
| 13.<br>*Die verborge dinge is vir die HERE, onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid om te doen al die woorde van hierdie wet* (Deut. 29:29).<br><br>*Ek het U hartlik lief, HERE, my Sterkte. Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder* (Ps. 18:2, 3). | [1] Rom. 10:9 | 13.<br>Die manier van hierdie werking kan die gelowiges in hierdie lewe nie volkome verstaan nie. Ondertussen maak dit hulle rustig dat hulle weet en gevoel, dat hulle deur hierdie genade van God [1]*met die hart glo* en hul Heiland liefhet. |
| 14.<br>Hy wat God Skepper noem, sal hy Hom nie ook Herskepper noem nie? Tussen God en die mens bestaan nie 'n 'helpmekaar'-verhouding nie. Dit is nie geoorloof om die mag van God te verklein deur die geloofsdaad net aan die mens toe te skrywe nie. *Aan Hom wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus,... aan die alleen wyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid!* (Rom. 16:25, 27). | [1] Fil. 1:29<br><br>[2] Fil. 2:13 | 14.<br>So is [1]*die geloof* dan 'n *gawe* van God. Dit is nie omdat dit deur God aan die vrye wil van die mens aangebied word nie, maar omdat dit die mens inderdaad meegedeel, ingegee en ingestort word. Dit is ook nie omdat God net die mag om te glo, sou meedeel, dog vervolgens die toestemming of die geloofsdaad van die vrye wil sou verwag nie. Die geloof is egter 'n gawe van God omdat Hy die wil om te glo sowel as die geloofsdaad self in die mens bewerkstellig. Hy [2]*bring* immers *sowel die wil as die handeling tot stand,* ja Hy bewerk daarom alles in almal. |
| 15.<br>Soli Deo Gloria — aan God alleen die eer! Daarom mag ook nie in fariseïstiese hoogmoed oor ander mense geoordeel word nie (vgl. Luk. 18:9-17; Rom. 14:3, 4, 10, 13). Ons mag nie by voorbaat veronderstel dat meelewende kerklede maar onwedergebore huigelaars is nie. Selfs aangaande hulle 'wat buite is' mag ons nie 'n hardvogtige oordeel hê nie. God is die | [1] Rom. 11:35; Job 41:2 | 15.<br>Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Want wat sou Hy immers verskuldig wees aan hom [1]*wat Hom nie eers iets kan gee sodat dit hom terugbetaal kan word nie?* Ja, wat sou God aan hom verskuldig wees wat van homself niks anders as sonde en leuen het nie? Die een dan wat die genade aanvaar, is verplig om alleen aan God ewig dank te bring, en hy doen dit ook. Hy wat |

| | | |
|---|---|---|
| God wat Abram uit die heidendom geroep het en ook die Moabitiese Rut tot 'n voormoeder van die Christus gemaak het. Belydenis van die uitverkiesing is nie bevorderlik vir die burgerlikheid of selfvoldaanheid van die kerk nie. Eerder prikkel hierdie belydenis tot sending en evangelisasie. 'Wat dan? Laet de ghetrouwe Dienaer / die gesonden is tot de Bontghenoten Gods / het Woort prediken / laet hem aanhouden tijtlijck / ende ontijtlijck / laet hem bestraffen / dreygen / vermanen / ende dat aen allen even ghelijck / sonder onderscheyt van persoone (2 Tim. 4:2; 2:10; Hand. 10:28). Want de Heere weet wel wie de sijne zijn / maer sulckx en weet den Dienaer niet (2 Tim. 2:25, 26)' (Oordeel van die Gelderse afgevaardigdes). | [2]Amos 6:1; Jer. 7:4; 1 Thess. 5:3<br><br>[3] Rom. 4:17<br><br>[4] 1 Kor. 4:7 | hierdie genade nie aanvaar nie, bekommer hom glad nie oor hierdie Geestelike dinge nie en skep behae in dit wat sy eie is; of in valse [2]*gerustheid* roem hy vergeefs daarin dat hy het wat hy nie het nie. Verder moet 'n mens ooreenkomstig die voorbeeld van die apostels die beste oordeel en spreek oor diegene wat, soos ons sien, die geloof bely en hulle lewe verbeter, want die binneste van die hart is aan ons onbekend. Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet egter gebid word tot [3]*God wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.* Ons moet ons volstrek nie ten opsigte van hulle met trots verhef, [4]asof ons onsself in 'n bevoorregte posisie sou geplaas het nie. |
| 16.<br>Na die sondeval het die mens 'n méns gebly met 'n wil en verstand — 'n *bedorwe* wil en verstand. Die wedergeboorte is daarom 'n herskepping omdat dit die wil weer lewendig maak. In die bekering word ons nie gedwing teen wil en dank of bly ons 'stok-styf' nie. Deur die genade van God word ons as egte, komplete mense *gewillig* om Hom te dien met al ons kragte en vermoëns (Deut. 6:5; Ps. 110:3). Dit is onskriftuurlik as die voorstelling gewek word dat 'n Geestelike mens soos 'n robot lyk, 'n willose fluit. God se genade herskep ons tot egte lewende mense.<br><br>Tydens die Skriftelike Konferensie te 's Gravenhage in 1611 het die Remonstrante die Kontra-Remonstrante verwyt, dat hulle soos die Manicheërs leer dat die verloste mens *passief* bly. Daarom sê die Leerreëls dat die genade nie in die mense werk asof hulle 'stokke en blokke' is nie. Geen slaafse onderwerping soos in die Mohammedanisme, maar herstel van die beeld van God, die amp! | [1] Ef. 2 :1<br><br>[2] Rom. 8:1 e.v. | 16.<br>Die mens het deur die val nie opgehou om mens te wees nie, toegerus met verstand en wil; die sonde wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die menselike geslag nie weggeneem nie, maar bederwe en in geestelike sin [1]*gedood,* Net so werk die Goddelike genade van die wedergeboorte in die mense nie asof hulle stompe en pale is nie en vernietig die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen wil en dank nie, maar maak dit geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtiglik om. Waar opstandigheid en verset van [2]*die vlees* vroeër volkome die oorhand gehad het, begin daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan *die Gees* te regeer. Hierin bestaan die ware en Geestelike oprigting en vryheid van ons wil. En indien die bewonderenswaardige Bewerker van alle goeie dinge nie so met ons sou handel nie, dan sou die mens geen enkele hoop kan koester nie om op te staan uit die val deur sy vrye wil, waardeur hy homself toe hy nog orent gestaan het, in die verderf gestort het. |
| 17.<br>Die Remonstrante het dit telkens voorgestel asof die gereformeerdes die prediking van die Woord verag en dit oorbodig sou maak. Helaas was daar gereformeerdes wat om die uitverkiesing, wedergeboorte en werk van die Gees te handhaaf, dit *los van die evangelie* gemaak het. Maar die belydenis van Dordrecht praat nie so nie!<br><br>Daar is nie 'n kloof tussen skepping en herskepping nie. In Sy arbeid hou God Hom aan dieselfde skema: *Hy gebruik middele.* | [1] Jes. 55:10, 11; 1 Kor. 3:6<br><br>[2] 1 Petr. 1:23<br>[3]1 Petr. 1:25 | 17.<br>Die almagtige werking van God, waardeur Hy hierdie natuurlike lewe van ons voortbring en in stand hou, sluit nie uit nie, maar vereis eerder [1]die gebruik van middele, waardeur God ooreenkomstig Sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wou uitoefen. Net so min sluit die voormelde, nie van die natuur afhanklike werking van God, waardeur Hy ons [2]*wederbaar,* die gebruik van die [3]*evangelie* uit of stoot dit omver nie. Die alwyse God het dit tot [2]*'n saad* van *die wedergeboorte* en 'n voedsel vir die siel verorden! Die apostels en die leraars wat hulle gevolg het, het |

| | | |
|---|---|---|
| Plante groei uit *saad* en mense word gevoed deur *kos.* So is ook die evangelie 'n *saad* van die wedergeboorte en 'n *spys* vir die siel. Hy wat sê: 'God is magtig tot alle dinge!', en: 'Die Gees moet dit doen!', en daarom bv. die handhawing van die kenmerke van die ware kerk (sien art. 29 Ned. Gel. Bel.) *verag,* praat nie vroom nie en versoek God. Dit was die welbehae van God om die redding en wedergeboorte te *verbind* met die gebruik van Woord, sakramente en tug. Die Remonstrante was ten aansien van die kerk danig 'ekumenies': orals sou die kerk aanwesig wees, die belydenis sou nie so nodig wees nie en tug ewe min.<br><br>Nee, sê Dordrecht, juis in verband met uitverkiesing, geloof en wedergeboorte is dit van die uiterste belang dat die kenmerke van die kerk gehandhaaf word. As die amp, die plig van die gelowiges verstaan word, skitter die genade van God wat Sy kerk vergader. | [4] Hand. 2:42;<br>2 Tim. 4:1 e.v.;<br>Rom. 10:8 e.v.;<br>2 Kor. 5:11 e.v.<br><br>[5] Ps. 110:3<br><br>[6] Rom. 11:36; 16:27;<br>Jud. 25 | die volk godvrugtig, oor hierdie genade van God onderrig tot Sy eer en tot vernedering van alle hoogmoed, maar intussen het hulle nie nagelaat om hulle deur middel van heilige vermaninge uit die evangelie te verplig tot [4]bediening van die Woord, die sakramente en die kerklike tug nie. Net so moet dit ook nie voorkom dat hulle, wat in die gemeente onderrig gee of ontvang, dit aandurf om God te versoek deur dit te skei waarvan God ooreenkomstig Sy welbehae gewil het, dat dit op die nouste met mekaar sou verbonde bly nie Deur middel van vermaninge word die genade immers meegedeel, en hoe [5]*gewilliger* ons ons plig vervul, des te heerliker word deurgaans die weldaad sigbaar wat God in ons werk, en Sy werk vorder dan op die beste manier. Aan hierdie God alleen kom toe vanweë die middele sowel as vanweë die heilsame vrug en uitwerkinge daarvan, alle [6]*heerlikheid tot in die eeue. Amen.* |

## *VERWERPING VAN DIE DWALINGE*

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| <br>1.<br>Die Remonstrante het nog nie sover gegaan dat hulle die feit van die sonde en die straf oor die sonde ontken het nie, maar hulle het wel die eerste stappe op hierdie pad gedoen deur die sonde van Adam te kleineer; daardeur sou die ganse menslike geslag hom nie die ewige straf op die hals gehaal het nie.<br><br>Die ou Nederlandse vertaling het Rom. 5:12 so oorgesit: Soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het en deur die sonde die dood, so het die dood tot alle mense deurgedring *in wie* (nl. die ene mens, Adam) almal gesondig het. Die Afrikaanse vertaling: *Omdat almal gesondig het,* bring nie baie wysiging in die betekenis nie, want dit kan nie anders as op ons sonde in die verbondshoof Adam slaan nie. | | Noudat die regsinnige leer verklaar is, verwerp die sinode:<br>1.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>'n Mens kan eintlik nie sê dat die erfsonde op homself voldoende is om die ganse menslike geslag te veroordeel, of om tydelike en ewige strawwe te verdien nie.<br><br>Hulle weerspreek immers die apostel wat sê: *Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood. En so het die dood tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het* (Rom. 5:12). En: *Die* [regterlike] *oordeel* [het] *op grond van een* [misdaad] *tot veroordeling* [gelei] (Rom. 5:16). En: *Die loon van die sonde is die dood* (Rom. 6:23). |
| 2.<br>Op die Dordtse sinode het die leier van die Remonstrante gesê dat behalwe die Skrif, die *rede,* die *verstand* aan die kerk as 'n kamermeisie gegee is. Die Remonstrante het die verstand hoog aangeslaan en gemeen dat Adam slegs 'n verligte *verstand* gehad het, maar nie 'n geheiligde *wil* nie. Daarom kon hy ook deur die sondeval nie sy goeie wil verloor nie. 'n Egte wedergeboorte is daarom nie nodig nie: laat die *verstand* weer verlig word, dan gaan die wil vanself die goeie kant uit.<br><br>Die Skrif leer daarenteen dat die herstel van die beeld van God ook 'n *harts*- en wilsverandering teweegbring (Jer. 32:40; Rom. 12:2; Ef. 4:23, 24). | | 2.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Toe die mens in die begin geskape is, kon in sy wil nie geestelike gawes of goeie neiginge en deugde (soos goedheid, heiligheid, regverdigheid) gewees het nie. Daarom kon hulle in die val ook nie van die wil geskei word nie.<br><br>Want dit stry teen die beskrywing van die ewebeeld van God wat die apostel gee in Ef. 4:24, waar hy beskryf hoe dit bestaan in *geregtigheid en heiligheid* wat altwee sonder twyfel in die wil setel. |
| 3.<br>Die roep: meer verligting van die verstand en dan sal alles regkom!, klink baie bekend in ons ore. Die vorige eeu het gesê: meer skole, minder gevangenisse. Hoewel hierdie strewe min vrugte opgelewer het, is daar nog altyd mense wat van beskawing en verstandelike verligting 'n wêreldvrede verwag.<br><br>Al hierdie verbeteringskemas reken nie met die Skriftuurlike leer dat die *wil* van die mens aangetas is nie, die *hart* is verdorwe. *Die versinsel van die mens se hart is sleg van sy jeug af* (Gen. 8:21). | | 3.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>In die geestelike dood is die geestelike gawes nie van die mens se wil geskei nie, aangesien die wil in homself nooit verdorwe was nie, maar slegs deur verduistering van die verstand en ordeloosheid van die geleenthede gehinder was. Wanneer hierdie hindernisse opgehef is, sou die wil sy vrye aangebore krag kan uitoefen, d.w.s. allerhande goeie dinge, wat hom voorgehou word, òf uit homself kan wil of kies òf nie wil en nie kies nie. |

| | | |
|---|---|---|
| *Ons het die wil van die vlees en die sinne gedoen* (Ef. 2:3).<br><br>*Kom met oud heimwee hun kreet niet te na:*<br>*Vooruïtgang op genade of ongend!'*<br>*Leus, die Luctfer in zijn valsche kaart speelt*<br>*van een leeg kruis op een leeg Golgotha.*<br>(A. Roland Holst) | | Dit is 'n nuwigheid en 'n dwaling en strek daartoe dat die kragte van die vrye wil opgehemel word in stryd met die uitspraak van die profeet: *Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit* (Jer. 17:9) en van die apostel: *Onder wie* (nl. die kinders van die ongehoorsaamheid) *ons almal vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees, toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het* (Ef. 2:3). |
| 4.<br>Dit kom altyd weer daarop neer, dat met die eerste doopvraag nie ingestem word nie as dit stel dat *ons kinders in sonde ontvang en gebore is en daarom aan allerhande ellende, ja aan die verdoemenis self onderworpe is.* Dit word deur die Remonstrante en hul opvolgers *nie* aanvaar dat die mens van nature *dood* is in *sondes en misdade* nie. Daarom is daar ook nie plek vir die gebed: *Maak my lewend na U Woord!* (Ps. 119:25) nie.<br><br>Die Remonstrante het baie gedink van die religieuse roersele[3] in die mensesiel. Net soos daar vandag baie waardering vir sielsbelewing buite die Christendom is. Tussen die ware en valse godsdiens word nie meer onderskeid gemaak nie. | | 4.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die onwedergebore mens is nie werklik heeltemal dood in sondes of beroof van alle kragte ten aansien van geestelike goed nie; hy kan honger en dors na die geregtigheid en die lewe en die offer bring van 'n verslae en gebroke gees, wat God welgevallig is.<br><br>Hierdie leerstellinge gaan immers in teen die duidelike getuienisse van die Skrif: *Julle was dood deur die misdade en die sondes* (Ef. 2:1, 5); en: *Al die versinsels wat hy bedink het in sy hart is altyddeur net sleg* (Gen. 6:5; 8:21). Bowendien is *honger* en *dors* na bevryding-uit-die-ellende en na die léwe, en die aanbieding aan God van die offerande van *'n gebroke gees,* slegs eie aan wedergeborenes en aan diegene wat *welgeluksalig* genoem word (Ps. 51:19 en Matt. 5:6). |
| 5.<br>Die Remonstrante het die verligting deur die natuurlike insig *algemene genade* genoem. Deur dit te gebruik kan die mens 'n Jakobsleer bou wat lei na die Christus wat elkeen wat die sporte opstyg met oop arms ontvang. Op so 'n manier word die betekenis van die woord *genade* van sy krag beroof. *Genade is volgens die Skrif altyd die skuldvergewende evangeliese genade.*<br><br>Dis nie so dat aan hom wat '*algemene* genade' het, ook *evan-geliese* genade gegee sal word, soos die Remonstrante uit Luk. 19:26 (aan elkeen wat het, sal gegee word) afgelei het nie. Die lig van die natuur is nie 'n voorbereidende genade en die ruïnes van die beeld van God kan nie die trappe na die verlossing wees nie. Net die genade in Christus red en hierdie genade openbaar God deur Sy evangelie aan wie Hy wil. Daar is nie 'n 'verborge kerk' | | 5.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die verdorwe en natuurlike mens kan die algemene genade (waaronder hulle die lig van die natuur verstaan) of die gawes wat na die val oorgebly het, so goed gebruik, dat hy deur 'n goeie gebruik daarvan 'n meerdere, naamlik die evangeliese of reddende genade en die saligheid self, trapsgewyse kan verkry. God betoon Hom op hierdie wyse van Sy kant bereid om Christus aan alle mense bekend te maak, aangesien Hy die middele wat vir die bekendmaking van Christus, en vir die geloof en die bekering nodig is, aan almal genoegsaam en kragdadig toedien.<br><br>Behalwe die ervaring van alle tye, betuig die Skrif immers ook dat dit nie waar is nie: *Hy maak aan Jakob Sy Woorde bekend, aan* |

[3] Dryfvere - WJS

| | | |
|---|---|---|
| op grond van openbaring van genade los van die ware kerk en prediking nie; in heidense geskrifte of hedendaagse filosofieë ontmoet ons nie 'n 'anonieme Christendom' nie. Daar is nie 'n Christus vir almal en in almal nie. | | *Israel Sy insettinge en verordeninge. So het Hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en Sy verordeninge, dié ken hulle nie* (Ps. 147:19, 20). *God het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel* (Hand. 14:16). En: *Hulle* (Paulus en sy reisgenote) *is deur die Heilige Gees verhinder om die Woord in Asië te verkondig; en toe hulle by Misië kom, het hulle probeer om, na Bithinië te gaan, maar die Gees het hulle dit nie toegelaat nie* (Hand. 16:6, 7). |
| 6.<br>Gods genade keer ons hart om en daardeur kan ons glo en word ons gelowiges. Ook al doen ons nie altyd geloofsdade nie, dan bly ons tog gelowiges. 'Want telkens as Noag met sy mense in die ark ter ruste gegaan het, was die ganse gemeente in die wêreld sonder die werking van die geloof, maar het tog 'n vergadering van gelowiges gebly' (Oordeel Nederlandse professore).<br><br>Die Remonstrante wou nie aan die verdorwenheid van die wil glo nie. Daarom kon die gebed om hartsvernuwing maar verval. Die geloof het hulle 'n *daad* van die mens, nie 'n *gawe* van God genoem nie. Daardeur het hulle die Christelike lewe en die sekerheid van die volharding ondermyn. Net soos by die selfverlossing van ons eeu is daar dan nie plek vir Paulus se woord: *Ek jaag dit na of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is* (Fil. 3:12) nie.<br><br>Op die triomfpoort by die Hartebeespoortdam staan in Latyn die eerste sinne uit Jes. 44:3: Ek het water op die dorsland en strome op die droë grond gegee. Laat ons egter die *vervolg* van hierdie teks nie vergeet nie: *Ek sal My Gees op jou nageslag giet!* | | 6.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>By die ware bekering van die mens kan geen nuwe eienskappe, neiginge of gawes in sy wil deur God ingestort word nie, en daarom is die geloof waarmee ons vir die eerste keer bekeer word en waarom ons gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n deur God ingestorte gawe nie, maar slegs 'n daad van die mens. Dit kan alleen maar 'n gawe genoem word as 'n mens dit betrek op die mag om tot geloof te kom.<br><br>Dit weerspreek immers die Heilige Skrifte wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en besef van Sy liefde in ons harte uitstort: *Ek gee My wet in hul binneste en skrywe dit op hul hart* (Jer. 31:33); en: *Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal My Gees op jou nageslag giet* (Jes. 44:3). En: *Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is* (Rom. 5:5). Dit is ook in stryd met die voortdurende praktyk van die kerk van God, wat met die profeet aldus bid: *Bekeer my, dan sal ek my bekeer* (Jer. 31:18). |
| 7.<br>As 'n mens die Remonstrante hoor spreek oor die prediking is dit of daarin die gees van ons tyd saampraat. Die prediking moet nie beveel en skerpelik vermaan nie. *Saggies met die jongman!* Die mens het tog sy verstand en met 'n *goeie advies* kan volstaan word. Die God van die absolute bevel is immers dood?<br><br>Op die sinode van Dordrecht is egter tereg deur die afgevaardigdes van Gelderland opgemerk dat die natuurlike | | 7.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die genade waardeur ons tot God bekeer word, is niks anders as 'n sagte aanrading[4] nie; of soos ander dit stel: die alleredelste werkwyse by die bekering van die mens, wat die beste met die menslike natuur ooreenkom, is dit wat hom van aanradings bedien. Daar is niks wat kan verhinder dat die sedeprekende genade alleen nie genoegsaam sou wees om van natuurlike mense Geestelike mense te maak nie; ja, God |

[4] Aanbeveling - WJS

| | | |
|---|---|---|
| mens nog wel sy verstand het, maar nie sy *gesonde* verstand nie. Die mens het meer as 'n sagte raad nodig. '*En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde ... En my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van Gees en krag* (1 Kor. 2:1, 2, 4; verg. 2 Tim. 4:1-5). | | bewerkstellig nie op 'n ander manier die toestemming van die wil as deur slegs op die sedelike vlak te handel nie. Die kragdadigheid van die Goddelike werking waardeur dit die sataniese werking oortref, bestaan hierin dat God ewige, maar die satan tydelike goedere belowe.<br><br>Dit is immers heeltemal Pelagiaans en in stryd met die ganse Heilige Skrif, wat behalwe die sedelike aanrading, nog 'n ander en baie kragdadiger en Goddeliker werkwyse van die Heilige Gees by die bekering van die mens ken: *Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee* (Es. 36:26). |
| 8.<br>Teen die Woord en Gees kan ons *weerstand* bied. *Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop* (Hand. 26:14; 1 Sam. 26:18; vgl. Deut. 32:15).<br><br>Die Remonstrante het dit so voorgestel asof die gereformeerdes die 'onweerstandelikheid' van die genade geleer het sodat die mens net ''n stok en 'n blok' sou wees. Die gereformeerdes het egter duidelik gestel dat die mens na die sondeval sy natuur behou het (sien III./IV., 16). Maar om te erken dat 'n mens teen die genade verset kan bied en dit kan weerstaan, is iets anders as om dit soos die Remonstrante te stel, dat 'n mens sterker kan wees as die genade. Die gereformeerdes het daarom gespreek van die '*onoorwinlikheid'* van die genade. *HERE, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin* (Jer. 20:7).<br><br>By die uitverkorenes *oorwin* die Woord en Gees uiteindelik. *Daarom, koning Agrippa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie* (Hand. 26:19). *Ek is die goeie Herder en Ek ken My eie en word deur My eie geken* (Joh. 10:14). Juis hier is God en Christus die Eerste en die Laaste (Openb. 1:17; 2:8; 22:13; Jes. 44:6; 48:12). | | 8.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>By die wedergeboorte van die mens gebruik God nie sodanige kragte van Sy almag dat Hy daardeur die menslike wil kragtig en feilloos ombuig tot geloof en bekering nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, egter volbring is, dan kan die mens tog teen God en die Heilige Gees wat sy wedergeboorte beoog en hom wil wederbaar, só verset bied (en hy doen dit metterdaad ook dikwels), dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om wedergebore te word of nie.<br><br>Dit kom immers hierop neer dat al die krag van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit gaan in teen die apostels wat leer: *Ons glo ooreenkomstig die werking van die krag van Sy sterkte* (Ef. 1:19). En: *God maak alle welgevalle aan wat goed is en alle werk van die geloof in ons met krag volkome* (2 Thess. 1:11). En: *Sy Goddelike krag het ons alles wat tot die lewe en die Godsaligheid dien, geskenk* (2 Petr. 1:3). |
| 9.<br>'n Kompromis, 'n vreedsame samewerking tussen *genade* en *vrye wil* is nie moontlik nie. Die een sluit die ander uit, soos reeds die ou kerk erken het (Augustinus teen Pelagius). 'Die menslike natuur en die sogenaamde natuurlike rede is volgens sy aard bygelowig en as sommige wette en werke voorgelê word, is hy | | 9.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Daar die genade en die vrye wil tegelykertyd saamwerk tot die begin van die bekering, veroorsaak hulle dit altwee vir 'n deel. Die genade gaan in oorsaaklike orde nie aan die werking van die wil vooraf nie. D.w.s.: God help die menslike wil nie eerder |

| | | |
|---|---|---|
| bereid om hom te verbeel dat 'n mens daardeur die saligheid kan verkry. Daarom is dit onmoontlik dat hy homself in eie krag uit die slawerny van die ongeregtigheid deur werke kan losmaak om so oog te kry vir die vryheid van die geloof. Daarom is dit noodsaaklik om te bid dat die Here ons mag trek en mag maak tot 'theodidakte', d.w.s. deur God geleerdes (Jes. 54:13; Joh. 6:45; 1 Thess. 4 ; 9) en dat Hyself, soos belowe, in ons harte Sy wet mag skrywe' (Jer. 31:33; Es. 11:19; 36:26; 2 Kor. 3:3) (Luther: Die vryheid van 'n Christen, slot. — 1520). | | kragtig tot bekering voordat die menslike wil homself in beweging bring en tot 'n beslissing kom nie.<br><br>Die ou kerk het immers hierdie leerstuk al lankal in die Pelagiane veroordeel op gesag van die apostel: *So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is* (Rom. 9:16). Insgelyks: *Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie?* (1 Kor. 4:7). En: *Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae* (Fil. 2:13). |

# VYFDE HOOFSTUK VAN DIE LEER

## *DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES*

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| 1.<br>Die Remonstrante het deurlopend 'n skewe voorstelling van die gereformeerde leer gegee, en daardeur simpatie vir hulle eie standpunt probeer wek. Ten aansien van die volharding van die gelowiges was hulle standpunt dat die ware gelowiges van die geloof kon afval. Onderwyl het hulle gemaak asof die gereformeerdes sou leer dat 'n uitverkorene hom nie kon *verset* teen die genade nie. Maar die Skrif leer ons anders: die sondige vlees en die deur die sonde beheerste liggaam oefen nog op die verlostes invloed uit. | [1]1 Kor. 1:9<br>[2]Joh. 3:5<br>[3]Rom. 6:17; Joh. 8:34<br>[4]Rom. 7:23-26 | 1.<br>Diegene wat God volgens Sy voorneme [1]*tot die gemeenskap van Sy Seun, onse Here Jesus Christus, roep* en [2]*deur die Heilige Gees wederbaar,* verlos Hy wel van die heerskappy en [3]*slawerny van die sonde,* maar Hy verlos hulle in hierdie lewe nie geheel en al van die [4]*sondige vlees* en *liggaam* nie. |
| 2.<br>Die daelikse sondes kan nie ontken word nie. Hulle gee egter nie aanleiding om te wanhoop nie, maar om die *ora et labora* (bid en werk) te betrag en uit te sien na die vervulling van die belofte. Rom. 8 : 22, 23, 26 spreek van die sugtende skepping, die sugtende kerk en die Gees wat vir ons intree met onuitspreeklike sugtinge. | [1]Hebr. 6:18<br>[2]Sag. 12:10<br>[3]Fil. 3:12, 14<br>[4]Rom. 7:24<br>[5]Openb. 5:6, 10; 20:6; 22:5<br>[6]Joh. 1:29, 36 | 2.<br>Ten gevolge hiervan ontstaan daar daaglikse sondes van swakheid en kleef selfs aan die beste werke van die heiliges gebreke. Dit verskaf hulle gedurigdeur rede om hulle voor God te verootmoedig, tot Christus wat gekruisig is [1]*die toevlug te neem,* die vlees hoe langer hoe meer deur [2]*die Gees van die gebede* en heilige oefeninge van Godsvrug dood te maak en [3]na die wenpaal van die volkome volmaaktheid te verlang. Dit moet so lank aanhou totdat hulle, ontbonde van [4]*hierdie liggaam van die dood,* [5]*met* [5,6]*die Lam van God* in die hemele [5]*sal regeer.* |
| 3.<br>*Geen versoeking het julle aangegryp, behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra* (1 Kor. 10:13). | [1]Matt. 26:41; Jak. 1:12 e.v.; 1 Thess. 3:5; Openb. 2:10<br>[2]1 Kor. 10:13; 1 2 Kor. 1:18; 1 Thess. 5:24; 2 Thess. 3:3; Hebr. 10:23; 11:11; 1 Joh. 1:9 | 3.<br>Vanweë hierdie oorblyfsels van die sonde wat in ons vvoon, waarby nog kom die [1]*versoekinge* van die wêreld en satan, kan die bekeerdes nie in die genade volhard, as hulle aan hul eie kragte oorgelaat word nie. Maar [2]*God is getrou* wat hulle in die genade wat aan hulle eenmaal geskenk is, barmhartig bevestig en tot die einde toe kragtig bewaar. |
| 4.<br>Die genade van God is *onoorwinlik,* kan nie deur die vlees oorwin word nie. Maar dit is nie 'n oorkussing om op te slaap nie. Die gevare dreig van alle kante: ons 'vlees', die wêreld, satan. *Wees* | [1] Rom. 8:3<br>[2] Gal. 5:24; Ef. 2:3; | 4.<br>Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade versterk en bewaar, is egter te groot om deur [1]*die vlees* oorwin te kan word. Nogtans word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei |

| | | |
|---|---|---|
| *nugter en waak, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof* (1 Petr. 5:8, 9). Die Skrif leer dat gelowiges en heiliges kan val.<br><br>Wanneer die Leerreëls hier van 'heiliges' spreek, bedoel dit hiermee nie sondelose mense nie, maar hulle wat geheilig is, afgesonder tot die diens van die Here (verg. Ex. 19:6; Dan. 7:18; 1 Kor. 1:2; 6:2; Openb. 13:7). | 1 Petr. 2:11;<br>2 Petr. 2:18;<br>1 Joh. 2:16<br>[3] Matt. *26:41;*<br>1 Thess. 5:6, 17<br>[4] 1 Kron. 21:1<br><br>[5] 2 Sam. 24:1<br>[6] *2* Sam. 11, 12;<br>Matt. 26:69 e.v. | en beweeg, dat hulle hul in sommige besondere dade deur hul eie skuld aan die ieiding van die genade nie sou kan snttrek en deur [2]*die begeertes van die vlees* verlei word en hieraan toegee nie. Daarom moet hulle [3]*gedurigdeur luaak en bid, dat hulle nie in versoeking gebring word nie.* As hulle dit nie doen nie, kan hulle nie alleen deur [1]die *vlees,* die wêreld en die [4]*satan* saamgesleur word om sondes, ja selfs sware en afskuwelike sondes, te bedryf nie, maar [5]onder die regverdige toelating van God word hulle ook so nou en dan daartoe saamgesleur. Die droewige val van [6]Dawid, Petrus en andere heiliges wat in die Heilige Skrif beskryf is, bewys dit. |
| 5.<br>*Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag;*<br>*want U hand was dag en nag swaar op my;*<br>*my murg het verander soos deur somerdroogtes.*<br>*My sonde het ek U bekend gemaak;*<br>*en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie.*<br>*Ek het gesê: Ek ivil aan die HERE my oortredinge bely;*<br>*en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe.*<br>(Psalm 32:3-5).<br><br>Sekerheicl insake die volharding word gevind in die weg van die boetvaardigheid. | [1] Ef. 4:30<br><br><br><br><br>[2] Num. 6:25;<br>Ps. 4:7: 31:17;<br>43:3; 44:4; 67:2;<br>80:2, 4, 8, 20;<br>89:16; 118:27;<br>119:135;<br>Openb. 22:4, 5 | 5.<br>Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God ten seerste, haal hulle hul die dodelike skuld op die hals, [1]*bedroef* hulle *die Heilige Gees,* onderbreek hulle die uitoefening van die geloof, verwond hulle die gewete baie swaar en verloor hulle somtyds tydelik die besef van die genade. Dit duur solank, totdat die Vaderlike [2]*aangesig van God* oor hulle, wat met 'n opregte boetvaardigheid op die weg terugkeer, opnuut *sy lig laat straal.* |
| 6.<br>Die Remonstrante het gestel, dat die ware gelowiges tot die dood kan sondig. Dit is ook, volgens hulle, nie nodig om insake die volharding sekerheid te hê nie. 'n Mens moet hierby bedink dat hulle die gereformeerdes beskuldig dat hulle deur hulle leer die wanhoop, die *desperasie,* bevorder, terwyl die Remonstrante self van sekerheid insake die volharding nie wil weet nie! Dordrecht sê insake die volharding tot die gelowiges: Moenie wanhoop nie. 'Dispereert niet!' Die HEER is goed en wondersterk: Hy sal Sy werk deur niks laat keer nie (Ps. 138:4 ber.). | [1] Ef. 2:4<br>[2] Ef. 1:9, 11;<br>Rom. 9:11<br>[3] Ps. 51:13<br>[4] Joh. 13:1<br>[5]Rom. 5:1<br>[6]1 Joh. 5:16<br>[7]Matt. 12:31, 32 | 6.<br>[1]*God, wat ryk is in barmhartigheid,* [3]*neem* immers kragtens die onveranderlike [2]*voorneme* insake die uitverkiesing [3]*die Heilige Gees* selfs by 'n droewige val *nie* geheel en al van [4]*Sy eie mense* [3]*weg nie.* Hy laat hulle nie so diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en die staat van die [5]*regverdigmaking* uitval, of [6]*die sonde tot die dood* of [7]*teen die Heilige Gees* bedrywe en, geheeï en al deur Hom verlate, hulleself in die ewige verderf stort nie. |
| 7.<br>*Die Woord is die swaard van die Gees* (Ef. 6:17; Hebr. 4:12, 13), die *saad* van die *wedergeboorte* (1 Petr. 1:23). Die prediking heet: *die bediening van die versoening* (2 Kor. 5:18); en dit is nie soos vandag beweer word: *sosiale of sosialistiese versoening* nie; maar: *versoening met God.* | [1]1 Petr. 1:23<br>[2]2 Kor. 7:10<br>[3]Hebr. 9:14, 15<br>[4]Ps. 51:19<br>[5]Rom. 5:10;<br>2 Kor. 5:19 | 7.<br>Ten eerste bewaar Hy in hulle immers, as hulle so diep val, Sy [1]*onsterflike saad, waaruit hulle wedergebore is,* sodat dit nie vergaan of verwyder word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur Sy Woord en Gees seker en kragdadig tot boetvaardigheid, sodat hulle oor die bedrewe sondes van harte en [2]*volgens die wil van God bedroef* is, vergewing in [3]*die bloed van die Middelaar* deur die |

| | | |
|---|---|---|
| Omdat die Woord meer is as 'n vriendelike raad, en die Gees dit gebruik, *bewerk* die Woord daarom iets in die harte van die uitverkorenes wat val: dit bewerk die waaragtige droefheid volgens die wil van God, verlange na versoening met God en gehoorsaamheid aan God. | | geloof met [4]*'n gebroke hart* begeer en verkry, die genade van God wat met hulle [5]*versoen* is opnuut gevoel, Sy ontferminge wat voortspruit uit Sy trou, aanbid en voortaan *hul verlossing met vrees en bewing* des te yweriger *uitwerk* (Fil. 2:12). |
| 8.<br>Nee, die kerk hoef nooit *desperaat,* hopeloos te wees nie. Die Remonstrante het dit nie nodig geag om seker te wees van hul volharding nie. Dit sou eerder *skadelik* wees. Maar te Dordrecht het die kerk bely: Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, en aan U trou, o HEER, altyd my hulde bring; want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, so rys die eew'ge guns wat U aan ons bewys het (Ps. 89:1 ber.). Ons doodkry, is min. *Ons het ewewel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het* (1 Kor. 2:12). | [1] Ps. 33:11; Hebr. 6:17<br>[2] Hebr. 6:17<br>[3] Rom. 9:11<br>[4] Rom. 8:34<br>[5] Joh. 17:12<br>[6] Ef. 1:13 | 8.<br>Hulle verkry dit dan nie op grond van hulle verdienste of kragte nie, maar kragtens die genadige barmhartigheid van God, dat hulle nie geheel en al uit die geloof en die genade uitval of tot die einde toe afvallig bly en verlore gaan nie. Wat hulle betref, kon dit nie alleen makliker gebeur nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur. Maar wat God betref kan dit glad nie gebeur nie. Immers: Sy [1]*raad* kan nie verander, Sy [2]*belofte* nie gebreek, die roeping volgens Sy [3]*voorneme* nie herroep, Christus se fyerdienste, voorbidding en [5]*bewaring* nie waardeloos gemaak en die [6]*verseëling deur die Heilige Gees* nie vrugteloos of ongedaan gemaak word nie. |
| 9.<br>*Die goeie Herder ken Sy skape en niemand sal hulle uit Sy hand ruk nie* (Joh. 10:14, 28). Hierdie belofte mag ons op onsself toepas. Deur die geloof behoort ons tot die groot skare rondom die Lam op die berg Sion. Die Leerreëls is al beskuldig van individualisme: net die afsonderlike lid sou in die sentrum staan. Opmerklik is weer dat die belydenis die afsonderlike lid juis in verband met die *kerk* plaas en dit met die sekerheid in verband bring. Ek glo dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente *wat tot die ewige levoe uitverkies is,* deur Sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou, *en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly* (Heid. Kat, Sondag 21). | [1]Job 19:25; Ps. 56:5, 11, 12; 2 Tim. 4:8, 18 | 9.<br>Insake hierdie bewaring van hulle wat uitverkies is tot redding en insake die volharding van die ware gelowiges in die geloof kan die gelowiges [1]volkome seker wees. En hulle is dit ooreenkomstig die maat van die geloof waarmee hulle sekerlik glo dat hulle ware en lewende lede van die kerk is en altyd sal bly, en ook vergewing van sondes en die ewige lewe het. |
| 10.<br>Die *Roomse kerk* het sekerheid gesoek in besondere openbaringe buite die Woord om (bv. uitsprake van pouse en visioene van mistikusse). Net so het die *wederdopers (Anabaptiste)* of *Geesdrywers* die Bybel laer gestel as die openbaringe aan 'profete'; hulle het geglo dat 'n mens 'inwendige lig' het en dat die Gees Hom nog altyd aan geïnspireerde persone openbaar. Die *Reformasie* het egter gehandhaaf, dat die Gees die kerk in die gehele waarheid gelei *het* en dat ons hierdie waarheid in die Skrif vind. Die *Remonstrante* het ewewel weer van die reformatoriese weg uitgedraai, en die twyfel van die pousgesindes ingevoer, hoewel hulle dit nie wou erken nie. | [1]1 Joh. 3:14<br>[2] 1 Kor. 15:19 | 10.<br>Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat los van of buite die Woord om tot stand gekom het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy deur Sy Woord baie oorvloedig tot ons vertroosting geopenbaar het, uit die getuienis van die Heilige Gees wat *aan ons gees betuig dat ons kinders en erfgename van God is* (Rom. 8:16, 17); en ten slotte [1]uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld sou beroof word van hierdie vaste troos dat hulle die oorwinning sal behou, en van die onbedrieglike onderpand van die ewige heerlikheid, dan sou hulle [2]*die ellendigste van alle mense wees.* |

| | | |
|---|---|---|
| Helaas het die Roomse, doperse en Remonstrantse mening, dat die Woord nie die eerste en laaste sekerheid gee nie, nog altyd invloed op baie seuns van die Reformasie sodat hulle 'n stem uit die hemel verwag of hul sekerheid grondves op ingewings, openbaringe, treffende gebeurtenisse, en uit die verband gerukte tekste wat in die herinnering opkom.<br>Daarom is dit bitter noodsaaklik dat hierdie belydenis van Dordrecht geken word: *die sekerheid ontstaan nie uit nuwe openbaringe nie, maar die Woord van die Skrif is 'die stem uit die hemel'.* Daardeur getuig die Gees aan ons gees (Rom. 8:16) en agteraf word die geloof bevestig as ons by onsself 'n volharding deur die Woord opmerk (Heid. Kat., Sondag 32 en 24).<br><br>*Die dag as ek vrees, sal ék op U vertrou.*<br>*Deur God sal ek Sy Woord prys;*<br>*ek vertrou op God; ek vrees nie;*<br>*wat kan vlees my doen?*<br>*Dit weet ek, dat God aan my kant is.*<br>(Psalm 56:4, 5, 10-12). | | |
| 11.<br>Die gelowiges is nie supermense wat altyd net halleluja sing nie. Nogtans mag daar geen twyfel wees en dit is nie goed om te twyfel, soos die Remonstrante dit gestel het, nie. Die Skrif leer egter dat die satan met sy aanvalle kom en dat die geroepenes 'n stryd in hul binneste voer. *Waarom is my smart ewigdurend en my wond ongeneeslik? Dit weier om gesond te word. Sou U vir my waarlik wees soos 'n bedrieglike stroom, waters wat nie standhoudend is nie?* (Jer. 15:18). Maar God gee Sy uitverkorenes nie prys nie. *Daarom, so sê die HERE: as jy terugkeer, sal Ek jou laat terugkeer, sal jy voor My aangesig staan* ... *En Ek sal jou 'n onneembare kopermuur vir hierdie volk maak. En hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorweldig nie* (Jer. 15:19, 20). | [1] Hebr. 10:22<br><br><br>[2] 2 Kor. 1:3<br><br>[3] 1 Kon. 19:11e.v.<br>Ps. 73;<br>Jer. 20:11, 13;<br>Hand. 27: 23 e.v.;<br>Rom. 8:31 e.v.;<br>2 Tim. 4:17, 18 | 11.<br>Intussen betuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe met verskillende vleeslike twyfelinge stry en hierdie [1]*volle geloofsversekerdheid* en die sekerheid insake die volharding nie altyd voel, as hulle hul in 'n sware beproewing bevind nie. Maar God, [2]*die Vader van alle vertroosting,* laat nie toe dat hulle *bo hul kragte versoek word nie, maar Hy gee saam met die versoeking ook die uitkoms* (1 Kor. 10:13) en [3]Hy wek deur Sy Heilige Gees die sekerheid insake die volharding weer in hulle op. |
| 12.<br>Versekerdheid deur die geloof kan nie slegte vrugte dra nie. Die Remonstrante het gestel, dat 'n mens sorgeloos word as hy deur die geloof in die Woord seker is van sy redding. Die Skrif leer ons egter om te *onderskei* tussen *ware* en *valse* sekerheid. Hy wat lewe uit sleur, tradisie, wat spog met die erwe van ons vaad're of sy steunpunt soek in sy 'bekering', ken nie die sekerheid van die volharding *deur die geloof aan die Woord* nie. Maar hy wat hom | <br>[1] Amos 6:1<br>[2] Rom. 6:1 e.v.;<br>12:1;<br>Fil. 3:7 e.v.;<br>1 Joh. 5:4;<br>Judas :3; | 12.<br>Dit is egter nie so dat hierdie sekerheid aangaande die volharding die ware gelowiges trots en vleeslik [1]*gerus* sou maak nie. Hierdie sekerheid is inteendeel soos 'n [2]wortel waaruit ontspruit: nederigheid, kinderlike eerbied, ware Godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid, blywende vreugde in God. Die oordenking van hierdie genadegawe van die volharding is 'n |

| | | |
|---|---|---|
| aan die Woord alleen vasklamp, voel homself baie klein en nederig. Sy blymoedige vertroue prikkel hom tot diens aan God. *Wat sal ek die HERE vergeld vir al Sy weldade aan my? Ek sal U 'n offer van danksegging bring en die naam van die HERE aanroep* (Ps. 116:12, 17). Daar staan hier in die Leerreëls letterlik: dat die sekerheid aangaande die volharding 'n *ware wortel* van nederigheid, ens. is. | Openb. 1:5, 6; 3:10-12<br>[3] Ps. 66:8 e.v.; 116:12 e.v.; Jes. 38:19, 20; Titus 2:11-14 | spoorslag tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die [3]getuienisse van die Skrif en uit die voorbeelde van die heiliges blyk. |
| 13.<br>Dit gaan by die gelowige soos in die wonderlike skepping: hoe gesonder die *wortel* (om net te steun op die Woord), des te kragtiger die *groei* en des te meer die *vrugte.* Daarom is daar by die gelowige as hy uit sy val opgerig word, allermins die sorgeloosheid van: Jerusalem gaan nooit verlore nie! Nee, sy beskamende val prikkel hom om des te vlytiger in die weë van die Here te wandel en om die genademiddele wat God gegee het, te gebruik. Dit help nie om te steun op die leuse: Ons is 'n Christelike nasie!, terwyl die afval hand oor hand toeneem nie. God laat nie met Hom spot nie en gee ons nie die garansie dat veragting van Sy weë ongestraf bly nie! Daarom sal ons ons moet beywer *om nie aan hierdie eeu gelykvormig te wees nie, maar om verander* (hervorm, gereformeer) *te word deur die vernuwing van ons gemoed, sodat ons kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is* (Rom. 12:2). Genade is nie soos 'n erfplaas nie. | [1] Spr. 8:32<br>[2] Ef. 2:10<br>[3] Num. 6:25, 26; Gen. 32:30; Matt. 5:8; Openb. 22:4; Ps. 4:7; 17:15; 22:25; 27:9; 30:8; 44:25; 69:18; Jes. 8:17; 54:8; 64:7; Jer. 33:5; Job 13:24 | 13.<br>Ook verwek die herleefde vertroue in die volharding by hulle wat uit die val opgerig word, nie enige ligsinnigheid of sorgeloosheid insake die godsvrug nie; eerder 'n baie groot sorg om nougeset [1]*die weë van die Here te bewaar,* [2]*wat vantevore berei is* sodat hulle deur *daarin te wandel,* die versekerdheid insake die volharding behou en [3]*die aangesig van* die ontfermende *God* (waarvan die *aanskouing* vir die godvrugtiges aangenamer is as die lewe, en die *verberging bitterder as die dood)* nie opnuut vanweë die misbruik van Sy Vaderlike goedertierenheid van hulle afgewend word en hulle so in ernstiger geesteskwellinge beland nie. |
| 14.<br>Baie keer word die 'uitverkiesing' losgemaak van die praktyk en soos 'n 'probleem' voorgestel wat nie kontak het met die persoonlike en kerklike lewe nie. Daardeur word die leerstuk van die verkiesing en volharding nie in sy samehang met ander geloofsartikels deurgrond nie.<br><br>Die Leeruitsprake van Dordrecht laat Uitverkiesing en Volharding nie in die lug hang nie. God bewaar Sy uitverkorenes nie op 'n meganiese en outomatiese manier nie. Dit gaan ook nie op 'n *individualistiese* wyse: met 'n boekie in 'n hoekie, nie. Die uitverkiesende God werk deur middel van Sy *kerk.* Daarom word die *kenmerke* van die kerk hier aktueel (Ned. Gel. Bel., art. 29). Die kerk moet die egte evangelie predik, die sakramente bedien volgens die instelling van Christus en die kerklike tug handhaaf. Die Remonstrante was maar elasties (rekbaar) en vrysinnig (libertyns) in hulle kerkopvatting; ons sou vandag sê: ekumenies. | [1] Deut. 6:4,20 e.v. Neh. 8:3, 4, 9; 1 Tim. 4:13; 2 Tim. 3:16, 17; Openb. 1:3; Hand. 2:38, 42; 6:4 | 14.<br>Soos dit God dan behaag het om hierdie genadewerk van Hom [1]deur middel van die prediking van die evangelie in ons te begin, so bewaar, kontinueer en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die vermaninge, dreigemente en beloftes in die evangelie en deur die gebruik van die sakramente. |

| | | |
|---|---|---|
| Die mense van die vrye wil en die vrye gees het gedweep met die gedagtes van 'n alomvattende tugtelose kerk en het dit nie nodig geag dat Christus as Koning van die kerk altyd 'n ware kerk op aarde sou hê nie.<br><br>Die gereformeerde belydenis erken daarenteë die *verband* tussen *die diens van die ware kerk* en die *volharding.* Die werk van die genade *neem sy aanvang* by die *prediking van die evangelie* (nie by die rites en sakramente nie). Dit word voortgesit en voltooi deur die verdere *diens van die kerk in vermaninge en sakramentsbediening.* Verder het die gelowiges die duursame plig om nie 'n onmondige volk te wees wat klerikalisties op die ampsdraers steun nie, dog om self die Woord ywerig te ondersoek en op hulle te laat inwerk. 'n Christen is 'n geroepe ampsdraer, priester, profeet en stryder. | | |
| 15.<br>Nie uit lus tot ketterjag nie, maar om die rykdom van die leer self, het die bruidskerk die leer van die volharding van die ware gelowiges altyd met hand en tand verdedig.<br>God is vir ons 'n toevlug en sterkte;<br>as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef,<br>Daarom sal ons nie vrees nie,<br>al waggel die aarde en<br>al wankel die berge weg in die hart van die seë.<br>Laat sy waters bruis, laat hulle skuim;<br>laat die berge bewe deur sy onstuimigheid.<br>Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly,<br>die heiligdom van die woninge van die Allerhoogste<br>God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie;<br>God sal dit help as die dag aanbreek (Ps. 46:2-6).<br><br>*Die God van alle genade wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus — nadat ons 'n kort tyd gely het — Hy sal julle volmaak, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen* (1 Petr. 5:10, 11). | [1] Openb. 13:10; 14:12<br>[2] Openb. 22:17; 19:7;<br>2 Kor. 11:2;<br>Ef. 5:32 | 15.<br>Hierdie leer van [1]*die volharding van die* ware *gelowiges en heiliges* en die sekerheid dienaangaande, het God tot eer van Sy naam en tot troos van die godvrugtige siele in Sy Woord baie oorvloedig geopenbaar en Hy graveer dit. in die harte van die gelowiges.<br><br>En nou verstaan die vlees dit wel nie, die satan haat dit, die wêreld bespot dit, onervarenes en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit; maar [2]*die Bruid* van die Christus het dit altyd as 'n skat van onwaardeerbare waarde baie teer bemin en daarvoor standvastig in die bres getree. God sal ook daarvoor sorg, dat sy dit voortaan doen. Teen Hom hou geen plan stand en kry geen enkele geweld die oorhand nie.<br><br>Aan die enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe die eer en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. |

## *VERWERPING VAN DIE DWALINGE*

## OMTRENT DIE LEER VAN DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

| Toeligting | Teks van die Dordtse Leerreëls | |
|---|---|---|
| 1.<br>In die nuwe verbond *eis* God net soos in die ou verbond geloof en volharding: *Want julle hel volharding nodig om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry* (Hebr. 10:36). *Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word* (Matt. 24:13).<br><br>Andersyds is dit nie 'n *verdienende* voorwaarde wat, as dit ingewillig word, God aanleiding sou gee om die mens definitief te regverdig en uit te kies nie. Dit is eerder omgekeerd so, dat geloof en volharding *voortspruit* uit die verkiesing en *verwerf* is deur die werk van die Christus. *Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het* (Joh. 6:29). Om te volhard, is geen verdienstelike werk nie (Luk. 17:10). | | Noudat die regsinnige leer uiteengesit is, verwerp die sinode:<br>1.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die volharding van die ware gelowiges is nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God, wat deur die dood van Christus verwerf is nie, maar 'n *voorwaarde* van die nuwe verbond, wat die mens voor sy definitiewe — soos hulle dit noem — uitverkiesing en regverdigmaking deur sy vrye wil moet volbring.<br><br>Die Heilige Skrif betuig immers, dat die volharding die gevolg is van die uitverkiesing, en danksy die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: *Die uiterkorenes het dit verkry en die ander is verhard* (Rom. 11:7). En op gelyke wyse: *Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ons ook nie saam met Hom alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?* (Rom. 8:32-35). |
| 2.<br>Die Remonstrante het Pelagius daarin gevolg, dat hulle aan die wil van die mens 'n *outonomie,* 'n beslissende invloed toegeken het. (Die regte van die mens!). As God die mens wou laat volhard, dan sou God magteloos wees as die mens nie sou wil nie. Dit herinner aan die Franse rewolusie wat (soos gesê is) begin het om die regte van die mens vas te stel en geëindig het om die regte van God vas te stel.<br><br>Die Skrif getuig egter van Gods *onoorwinlike* genade: *HERE, U het my oorgehaal en ek het, my laat oorhaal. En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink en in Sy naam nie meer spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente.* | | 2.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>God rus die gelowige mens wel met genoeg kragte toe om te volhard, en Hy is bereid om daardie kragte in hom te bewaar mits hy sy plig doen. Maar al is ook al die dinge aangewend wat nodig is om in die geloof te volhard en al die dinge wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, dan is dit nog altyd van die willekeur van die mens afhanklik of hy sal volhard of nie.<br><br>Hierdie mening dra immers kennelik 'n Pelagiaanse stempel. Terwyl dit die mense vry wil maak, maak dit van hulle rowers van die eer van God. Dit is in stryd met die voortdurende eenparigheid van gevoele in die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem |

| | | |
|---|---|---|
| *En ek het my moeggemaak om uit te hou, maar kon nie* (Jer. 20:7a, 9).<br><br>*Hy wat julle roep is getrou. Hy sal dit ook doen* (1 Thess. 5:24; vgl. ook vs. 23). | | ontneem en hierdie weldaad dankbaar aan die genade van God toeskryf. Dit gaan ook in teen die apostel wat betuig: *God is dit wat ons ook sal bevestig tot die einde toe om in die dag van onse Here Jesus Christus onberispelik te wees* (1 Kor. 1:8). |
| 3.<br>Die Remonstrante wou net van die geloof as menslike *daad* weet en wou nie erken dat die Gees in 'n mens woon (Rom. 8:9; 1 Joh. 3:24; 4:13) en die mens tot 'n *gelowige* kan maak nie. Daarom het hulle die kontinuïteit, die bestendigheid, in die geloofslewe ontken en dit tot 'n haglike, menslike onderneming gemaak. Soos by 'n windwyser, kan dit met die geloof en daarom ook met die genade, regverdigmaking, wedergeboorte enige kant toe gaan. Gelowiges en wedergeborenes kan uit die genade uitval. Wanneer Johannes sê, dat *hy wat uit God gebore is, nie kan sondig nie* (1 Joh. 3:9), beteken dit nie dat 'n wedergeborene hier sondeloos is nie (vgl. 1 Joh. 1:8), maar dat 'n gelowige nie die bepaalde Kainsonde sal bedryf nie.<br><br>Ons kan in 1 Joh. 3:9 ook so vertaal: *Sy* (Gods) *saad bly in Hom,* en dan beteken dit dat die volk van God in gemeenskap met God bly. | | 3.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Dit is nie alleen moontlik dat die ware gelowiges en wedergeborenes uit die regverdigmakende geloof en uit die genade en verlossing geheel en al en onherroepelik uitval nie, maar dikwels val hulle ook inderdaad daaruit en gaan vir ewig verlore.<br><br>Hierdie mening maak immers die genade van die regverdigmaking en die wedergeboorte en tewens die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos. Dit is ook in stryd met die nadruklike woorde van die apostel Paulus: *As Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, dan sal ons veel meer nou dat ons geregverdig is in Sy bloed, deur Hom gered word van die toorn* (Rom. 5:8, 9); en van die apostel Johannes: *Elkeen wat uit God gebore is doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore* (1 Joh. 3:9); en eweso is dit in teenspraak met die Woorde van Jesus Christus: *Ek gee My skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van My Vader ruk nie* (Joh 10:28, 29). |
| 4.<br>Daar is mense wat aanhou om opsetlik teen die Gees te sondig en daarom ook moedswillig die oordeel oor hulle haal. Daar *is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie* (1 Joh. 5:16; vgl. Jer. 7:16; 11:14; 14:11; 15:1; Joh. 17:9).<br><br>Die hele verband waarin hierdie teks staan, laat duidelik uitkom dat ware gelowiges en wedergeborenes nie *tot die dood* kan sondig nie. *Alle ongeregtigheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.. . Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê* (vs. 17, 19, sien ook vs. 18 en 20). Dat *elkeen wat uit God gebore is nie sondig nie* (vs. 18), beteken dat hy daardie sonde-tot-die-dood met al sy kragte ontvlug (vgl. 3:9). | | 4.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan.<br><br>Nadat die apostel Johannes in die vyfde hoofstuk van sy eerste brief in vers 16 en 17 gewag gemaak het van diegene wat tot die dood sondig, en verbied het om vir hulle te bid, voeg hyself immers in vers 18 daarby: *Ons weet, dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig* (nl. met so 'n sonde) *nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself en die Bose het geen vat op hom nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| 5.<br>Die Roomse kerk ontneem die gelowige die sekerheid uit die Woord; slegs besondere mense soos Paulus kan sê: *Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God?* (Rom. 8:33; verg. 1 Kor. 2:12). Die 'ge!owige' is ondanks die sakramente nooit seker of hy aan die vaevuur sal ontkom nie: twyfel! (Dink aan Luther se worstelinge!).<br><br>Die Konsilie van Trente het in sy sesde sitting verklaar: As iemand met absolute en onfeilbare sekerheid sê dat hy die groot gawe van die volharding tot die einde sal hê en hy hom nie op 'n besondere openbaring kan beroep nie, — laat hom vervloek wees! (Canon 16).<br><br>Die Remonstrante het die twyfel van die pousgesindes weer ingevoer deur te stel dat, tensy daar 'n besondere openbaring kom, niemand ooit sekerheid aangaande sy redding kan hê nie. Maar: *Die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie* (1 Petr. 2:6; Rom. 9:33; Jes. 28:16). *Want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie* (Hebr. 13:5; Gen. 28:15; Deut. 31:6, 8; Josua 1:5; 1 Kron. 28:20; Jes. 41:17). | | 5.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>'n Mens kan geen sekerheid van die toekomstige volharding in hierdie lewe hê sonder 'n besondere openbaring nie. Deur hierdie leer word die gegronde troos van die ware gelowiges in hierdie lewe immers weggeneem en die twyfel van die pousgesindes weer in die kerk ingevoer. Die Heilige Skrif lei egter hierdie sekerheid nie af uit 'n besondere of buitengewone openbaring nie, maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die altyd standhoudende beloftes van God.<br><br>Dit kom veral na vore by die apostel Paulus in Rom. 8:39: *Geen skepsel sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie.* En by Johannes: *Hy wat Sy gebooie bewaar, bly in Hom en Hy in hom; en hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het* (1 Joh. 3:24). |
| 6.<br>Die Remonstrante het eenstemmig verklaar, dat dit voordelig was om te twyfel en skadelik om *sekuriteit,* sekerheid insake die verlossing te hê. Hiermee het hulle ingegaan teen die Skrif wat ons deurlopend oproep om te word wat ons is: *En Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige.*<br><br>*Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons van alle besoedeling van die vlees en die gees ons reinig, en laat ons die heïligmaking in die vrees van God volbring* (2 Kor. 6:18; 7:1; 2 Sam. 7:14, 8; 1 Kron. 22:10; 28:6; Ps. 89:27; Jes. 43:6; 56:5; Jer. 31:9). | | 6.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die leer van die sekerheid aangaande die volharding en die saligheid is reeds ten gevolge van sy eie natuur en innerlike aard 'n kopkussing vir die vlees en skadelik vir godsvrug, goeie sedes, gebed en ander heilige verrigtinge. Dit is daarenteen egter prysenswaardig om aangaande die sekerheid in twyfel te verkeer.<br><br>Hulle toon dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die inwonende Gees nie ken nie. En hulle weerspreek die apostel Johannes wat in duidelike woorde die teendeel beweer: *Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Maar ons voeet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is* (1 Joh. 3:2, 3).<br><br>Bowendien word hulle weerlê deur die voorbeelde van die heiliges van die Ou sowel as van die Nuwe Testament, wat tog in die |

| | | |
|---|---|---|
| | | gebede en andere verrigtinge van godsvrug volhard het, alhoewel hulle van hul volharding en redding seker was. |
| 7.<br>Daar is nie baie 'gelowe' (soos 'tydgeloof', 'wondergeloof' én ware geloof) wat takke van een stam is nie. Die tydelike geloof verskil nie net in duur nie, maar in *wese,* in *aard* van die regverdigmakende geloof. *Daar bestaan ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie*... *en julle het die salwing van die Heilige*... (1 Joh. 2:18, 19, 20).<br><br>*Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo .. . Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buite hierdie boeie* (Hand. 26 :27, 29). | | 7.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Die geloof van diegene wat maar vir 'n tyd glo, verskil net in duursaamheid van die regverdigmakende en reddende geloof.<br><br>Christus het immers self in Matt. 13:20 e.v. en Luk. 8:13 e.v. buitendien nog 'n drieledige onderskeid tussen hulle wat vir 'n tyd glo en die ware gelowiges duidelik aangewys, as Hy sê: [1] eersgenoemdes ontvang die saad in klipperige grond, maar laasgenoemdes in teelaarde of in 'n goeie hart; [2] eersgenoemdes is sonder wortel, laasgenoemdes het goed gewortel; [3] eersgenoemdes dra nie vrug nie, laasgenoemdes bring voortdurend en sonder om op te hou in verskillende mate vrug voort. |
| 8.<br>Die Remonstrante het van die prediking 'n sagte raad gemaak. Dit is dan 'n vriendelike advies van mense, en nie die gesaghebbende en kragdadige Woord van die herskeppende Here, wat die wil en hart wederbaar nie. Daarom het hulle dit moontlik geag dat die wedergeboorte baie keer kan plaasvind en ... uiteindelik vernietig kan word. Ons glo daarenteen aan die lewende mag van die Woord van God wat ons gedurende ons hele lewe vashou en lei.<br><br>Inderdaad: *die gras* (die vrug van mensewoorde) *verdor en sy blom val af. Maar die Woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die Woord wat aan julle verkondig is* (1 Petr. 1:24, 25). *Ek het geplant, Apollos het natgelei, maar God het laat groei* (1 Kor. 3:6).<br><br>*En Hy het gegee sommige... as herders en leraars om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van die Christus* (Ef. 4:11, 12). | | 8.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en aaarna opnuut, ja selfs baie keer wedergebore word nie. Hulle loën immers deur hierdie leer die onverderflikheid van die saad van God, waaruit ons wedergebore word en kom in stryd met die getuienis van die apostel Petrus: *Julle wat wedergebore is nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike* (1 Petr. 1:23). |
| 9.<br>*Daarom moes Hy in alle opsigte aan Sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word* (Hebr. 2:17, 18; vgl. 4:14-16; | | 9.<br>Die dwaling van diegene wat leer:<br>Christus het nêrens gebid dat die gelowiges sonder ophou in die geloof sou volhard nie.<br>Hulle weerspreek immers Christus self wat sê: *Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie* (Luk. 22:32), en hulle kom |

| | | |
|---|---|---|
| 5:7-10; 6:17-20; 10:19-23). | | in stryd met die evangelis Johannes wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels nie, maar ook vir almal wat deur hul woord sou glo, gebid het (Joh. 17:20): *Heïlige Vader, bewaar hulle in U naam* (Joh. 17:11); en: *Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar* (Joh. 17:15). |

# BESLUIT

Dit is die duidelike, eenvoudige en eerlike uiteensetting van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels [nl. van die Remonstrante], waaroor in Nederland verskil van mening is. Tewens is dit die verwerping van die dwalinge waardeur die Nederlandse kerk 'n tydlank in beroering was. Die sinode oordeel dat hierdie Uiteensetting en Verwerping aan die Woord van God ontleen is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem.

Hieruit blyk duidelik dat diegene, vir wie dit allermins gepas het, in stryd met alle waarheid, billikheid en liefde, die volgende die volk wou diets maak:

- Die leer van die Gereformeerde Kerke insake die voorbeskikking en aanverwante hoofstukke, maak ten gevolge van die inslag en dryfkrag wat aan hom eie is, die menslike hart van alle vroomheid en godsdiens afkerig.
- Hierdie Gereformeerde leer is 'n oorkussing van die vlees en die duiwel, en 'n bolwerk van satan, waaruit hy almal belaag, die merendeel verwond en baie mense met die pyle van wanhoop sowel as van sorgeloosheid dodelik tref.
- Hierdie leer maak God tot 'n Outeur van die sonde, 'n Onregverdige, 'n leer van Stoïsyne, Manicheërs, Libertyne en Turke [Mohammedane].
- Hierdie leer maak die mense vleeslik sorgeloos, aangesien hulle daardeur tot die oortuiging gekom het dat die manier waarop hulle lewe, hoe dit ook al mag wees, die saligheid van die uitverkorenes nie kan belemmer nie; en dat hulle daarom rustig allerhande afskuwelike misdade kan bedrywe.
- Dit sou die verworpenes nie tot redding strek as hulle waarlik al die werke van die heiliges sou gedoen het nie.
- Met hierdie leer word geleer dat God enkel en alleen deur die goeddunke van Sy wil, sonder enige sonde van iemand in aanmerking te neem of daarmee rekening te hou, die grootste deel van die wêreld tot die ewige verdoemenis voorbeskik en geskape het.
- Die verwerping is op dieselfde manier oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid as die verkiesing fontein en oorsaak van die geloof en die goeie werke is.
- Baie kindertjies van die gelowiges word onskuldig van die moederbors afgeruk en op 'n tirannieke wyse in die helse vuur gewerp, sodat nòg die bloed van Christus, nòg die doop, nòg die gebede van die kerk by hulle doop hulle kan baat...

En watter baie ander dergelike beweringe daar nog mag wees, wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie, maar ook van ganser harte verfoei.

Daarom betuig hierdie sinode van Dordrecht, met beroep op die naam van die Here, aan almal wat die naam van onse Verlosser Jesus Christus godvrugtig aanroep, dat hulle oor die geloofsbelydenis van die Gereformeerde Kerke nie moet oordeel op grond van hier en daar saamgeraapte lasteringe nie, of op grond van persoonlike uitsprake van ouer of jonger lerare nie, wat dikwels selfs te kwader trou aangehaal of vermink en in 'n verkeerde sin verdraai word nie, maar op grond van die openbare belydenisse van daardie kerke en op grond van hierdie uiteensetting van die Gereformeerde leer, wat met eenparige toestemming van almal en van elke lid van die hele sinode vasgestel is.

Vervolgens vermaan die sinode ook die lasteraars ernstig dat hulle moet toesien watter swaar oordeel van God hulle op hulle laai, aangesien hulle teen soveel kerke en die belydenisse van soveel kerke valse getuienisse aflê, die gewetens van die swakkes in beroering bring, en probeer om by vele die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte vermaan hierdie sinode almal wat saam in die diens van die evangelie van die Christus staan, om hulle by die behandeling van hierdie leer in wetenskaplike inrigtinge

sowel as in kerke godvrugtig en godsdienstig te gedra en hierdie behandeling sowel in gesproke woord as in geskrifte bevorderlik te laat wees tot die eer van God, tot heiligheid van die lewe en tot troos van verslae gemoedere. Hulle moet ooreenkomstig die Skrif nie alleen volgens die reël van die geloof dink nie, maar hulle moet ook so spreek. Hulle moet hul dus onthou van sodanige spreekwyses, soos die voorgeskrewe perke van die regte verstaan van die Heilige Skrif oorskry en aan die ligsinnige drogredenaars 'n geregverdigde aanleiding mag verskaf om die leer van die Gereformeerde Kerke te beskimp, ja, te laster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat setel aan die regterhand van Sy Vader en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig, hulle wat dwaal tot die waarheid bring, die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer, en die getroue dienaars van Sy Woord voorsien met die Gees van wysheid en onderskeidingsvermoë, opdat al hul uitsprake mag strek tot eer van God en tot opbou van die toehoorders.

Amen.

[Hierna, soos onder al die Hoofstukke, het gestaan: 'Dat ons *so* gevoel en oordeel, getuig ons met ons handtekening', waarna die ondertekening gevolg het van 81 lede van die sinode: die praeses, die twee assessore en die twee skribas (almal Nederlanders), die afgevaardigdes uit Groot-Brittanje, die keurvorstedom die Palts, Hessen, Switserland (Zürich, Bern, Basel, Schaffhausen), afgevaardigdes van die Konferensie van Wetterau (wat met name die kerke van Nassau omvat het), afgevaardigdes van die stede en kerke van Genève, Bremen en Emden, die Nederlandse professore, die afgevaardigdes uit Gelderland en die graafskap Zutfen, Suid-Holland, Noord-Holland, Zeeland, Utrecht, Friesland, Overyssel, die stad Groningen en die 'Ommelanden', Drente en die Waalse (Frans-sprekende) kerke in die Nederlande].